

**'N KORPUSANALISE VAN AFRIKAANSE EKSOSENTRIESE
KOMPOSITA**

deur

LARIZA VAN NIEKERK

voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad

MAGISTER ARTIUM

in die vak

AFRIKAANS

aan die

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

STUDIELEIER: DR. H.J. PIETERSE

November 2001

BEDANKINGS

My hartlike dank aan die volgende persone sonder wie ek nie hierdie studie sou kon voltooi nie:

- my studieleier, dr. H.J. Pieterse, vir sy hulp en leiding
- Johan en Helena van Emmenis, vir hul belangstelling en aanmoediging
- my moeder, vir haar bystand en vertrouwe in my vermoëns

Hiermee wil ek ook graag my dank betuig aan die Universiteit van Suid-Afrika, vir die beurs wat aan my beskikbaar gestel is vir hierdie studie.

INHOUDSOPGAWE

Opsomming / Summary	1
Hoofstuk 1: Oorsig en doelstellings	3
1.1. Inleiding	3
1.2. Motivering vir die keuse van eksosentriese komposita as studieterrein	3
1.3. Die doel van hierdie studie in Afrikaans	4
1.4. Die korpus waaruit voorbeeldmateriaal geneem is	5
1.5. Vooruitskouing op die verhandeling as 'n geheel	7
Hoofstuk 2: Struktuurpatrone van die Afrikaanse morfologie	9
2.1. Inleiding	9
2.2. Afleiding	10
2.3.1. Samestellende afleiding	11
2.3. Samestelling	12
2.3.1. Samestellende samestelling	14
2.4. Semantiese indeling van samestellings	15
2.4.1. Endosentriese komposita	16
2.4.2. Neweskikkende komposita	18
2.4.3. Eksosentriese komposita	19
2.5. Samevatting	20

Hoofstuk 3: Morfologiese en sintaktiese eienskappe van eksosentriese komposita	21
3.1. Inleiding	21
3.2. Eksosentriese komposita: 'n oorsig	21
3.3. Strukturele kenmerke van eksosentriese komposita	23
3.4. Produktiwiteit van eksosentriese komposita	26
3.5. Kategoriale struktuur van eksosentriese komposita	28
3.6. Sintaktiese kategorieë van eksosentriese komposita	34
3.6.1. Selfstandige naamwoorde	34
3.6.2. Adjektiewe	35
3.6.3. Werkwoorde	36
3.6.4. Bywoorde	37
3.7. Motivering vir die onderskeid tussen eksosentriese en endosentriese komposita	37
3.7.1. Die opvallende verskille tussen eksosentriese en endosentriese komposita	37
3.7.2. Toetse vir die determinering van eksosentriese komposita as bewys van die fundamentele verskille tussen die twee soorte komposita	38
3.7.3. Gevolgtrekking van determineringstoetse	40
3.7.4. Eksosentriese komposita as gelede of ongelede woorde	41
3.7.4.1. Skeibaarheid as faktor by strukturele geleedheid	43
3.7.4.2. Woordkorrelate as faktor by strukturele geleedheid	43
3.8. Eksosentriese samestellings binne 'n prototipiese model	44
3.9. Samevatting	45
Hoofstuk 4: Semantiese eienskappe van eksosentriese komposita	47
4.1. Inleiding	47
4.2. Semantiese ondeursigtigheid van eksosentriese komposita	47

4.2.1.	Die hiponimie-relasie by endosentriese komposita	48
4.2.2.	Die afwesigheid van 'n hiponimie-relasie by eksosentriese komposita	49
4.3.	Gradeerbaarheid van semantiese ondeursigtigheid	52
4.3.1.	Deursigtige eksosentriese komposita	53
4.3.2.	Eksosentriese komposita wat deursigtig is ten opsigte van 'n bepalerstam	56
4.3.3.	Eksosentriese komposita wat deursigtig is ten opsigte van voorkoms	57
4.3.4.	Redelik deursigtige eksosentriese komposita	58
4.3.5.	Ondeursigtige komposita waarvan die betekenis etimologies verklaarbaar is	60
4.3.6.	Ondeursigtige eksosentriese komposita	63
4.3.7.	Gradering van deursigtigheid by eksosentriese komposita	64
4.4.	Komposita met 'n deursigtige sowel as 'n ondeursigtige betekenis	67
4.5.	Misleidende betekenis van eksosentriese komposita	73
4.6.	Samevatting	76

Hoofstuk 5: Subgroepe eksosentriese komposita volgens die ontstaan daarvan 77

5.1.	Inleiding	77
5.2.	Volksetimologiese samestellings	77
5.2.1.	Onbewustelike volksetimologie	81
5.2.2.	Opsetlike volksetimologie	83
5.2.3.	Volksetimologie by woorde uit die eie taal	83
5.3.	Eksosentriese produkte van reduksie	84
5.3.1.	Knipsels	86
5.3.2.	Tru vorme	86
5.3.3.	Inkortings	87
5.3.4.	Kontaminasievorme	88
5.4.	Betekenisverandering	88

5.4.1.	Betekenisverruiming	89
5.4.2.	Betekenisverslegting	91
5.4.3.	Betekenisverandering	92
5.5.	Betekenisassosiasie	93
5.6.	Klanknabootsing	96
5.7.	Leenvorme uit ander tale	97
5.8.	Samevatting	98

Hoofstuk 6: Semantiese subgroepe eksosentriese komposita 100

6.1.	Inleiding	100
6.2.	Subgroepe komposita volgens die deel wat ondeursigtig is	100
6.2.1.	Eksosentriese komposita wat as 'n geheel ondeursigtig is	101
6.2.2.	Eksosentriese komposita waarvan een of meer dele deursigtig is	102
6.2.2.1.	Komposita met metaforiese beginlede	102
6.2.2.2.	Komposita met metaforiese eindlede	103
6.2.2.3.	Komposita met metaforiese begin- en eindlede	104
6.2.3.	Komposita met 'n metaforiese stam wat ook as 'n geheel metafories gebruik word	105
6.3.	Endosentriese samestellings wat figuurlik gebruik word	106
6.4.	Bahuvrihi-samestellings	112
6.5.	Verouderde eksosentriese samestellings	118
6.6.	Eksosentriese samestellings in vaste uitdrukkings en idiome	122
6.7.	Samevatting	126

Hoofstuk 7: Strukturele subgroepe eksosentriese komposita 128

7.1.	Inleiding	128
7.2.	Komposita met antroponieme	128

7.3.	Woordgroepkoppelings	133
7.4.	Samestellende afleidings en samestellende samestellings	139
7.4.1.	Samestellende afleidings	139
7.4.2.	Reduksieafleidings	141
7.4.3.	Samestellende samestellings	142
7.5.	Reduplikasiesamestellings	142
7.6.	Samestellings met onselfstandige stamme	145
7.7.	Samevatting	148
Hoofstuk 8: Slot, samevatting en bevindinge		149
8.1.	Inleiding	149
8.2.	Oorsig	149
8.3.	Die oorsigtelike aard van die verhandeling	151
8.4.	Die korpus	151
8.5.	Leemtes en aanbevelings	152
8.6.	Slot	152
Bibliografie		154
Bylae:	Korpus voorbeelde wat in die verhandeling bespreek is	158

OPSOMMING

In hierdie verhandeling word 'n voorlopige bestekopname van Afrikaanse eksosentriese komposita aangebied. Die korpus waaruit voorbeeldmateriaal geput is, sluit leksikografiese en akademiese werke, asook die spreektaal in. Na aanleiding van 'n komparatiewe bespreking van morfologiese, kategoriale en semantiese onderskeidingskenmerke van ekso- en endosentriese komposita, word daar tot die gevolgtrekking gekom dat die onderskeid tussen eksosentriese en endosentriese lekseme noodsaaklik is.

Eksosentriese komposita word deurgaans bespreek as 'n prototipiese kategorie, met kern- en randelemente. Anders as by endosentriese samestellings, ontbreek 'n hiponimie-relasie tussen prototipiese eksosentriese samestellings en enige van hul konstituente. Alhoewel eksosentriese komposita uiteraard dubbelsinnig en semanties ondeursigtig is, is die ondeursigtigheid gradeerbaar, vanaf redelik deursigtig tot heeltemal ondeursigtig.

'n Inventaris word aangebied van eksosentriese samestellings, soos dit verdeel kan word in subgroepe op grond van ontstaanswyses, semantiese kenmerke en strukturele kenmerke van die woorde. Ten slotte word die verdere studie van funksionele aspekte van eksosentriese komposita in die vooruitsig gestel.

Titel van verhandeling:

'n Korpusanalise van Afrikaanse eksosentriese komposita

Sleutel terme:

Eksosentriese komposita; Endosentriese komposita; Deursigtigheid; Dubbelsinnigheid; Hiponimie; Idiomatisiteit; Woordvormingsprosesse; Volksetimologie; Metaforiese komposita; Bahuvrihi-samestellings; Antroponimie; Figuurlike taalgebruik.

SUMMARY

A preliminary survey of Afrikaans exocentric compounds is presented in this dissertation. Exemplary material is obtained from an extensive corpus, consisting of lexicographical and academic matter, as well as colloquial language. The morphological, categorial en semantic features of exocentric and endocentric compounds are discussed comparatively. The fact that a distinction between exocentric and endocentric compounds is necessary in the Afrikaans morphology, is concluded from this discussion.

Exocentric compounds are discussed as a prototypical category. In contrast to endocentric compounds, there is no hyponymy-relation between prototypical exocentric compounds and any of their constituents. Even though exocentric lexemes are ambiguous and semantically non-transparent, compounds are graded from fairly transparent to completely intransparent.

An inventory of exocentric compounds, grouped into different subtypes in consequence of their mode of origin, as well as semantic and structural distinctions, is listed. Finally the prospect of further study on functional aspects of exocentric compounds is hold out.

Title of dissertation:

'n Korpusanalise van Afrikaanse eksosentriese komposita

Key terms:

Exocentric compound; Endocentric compound; Transparency; Ambiguousness; Hyponymy; Idiomaticity; Wordformation; Folk etymology; Metaphorical compound; Bahuvrihi-compounds; Anthroponymics; Figurative language.

HOOFSTUK 1

OORSIG EN DOELSTELLINGS

1.1 Inleiding

'n Motivering vir die keuse van **eksosentriese samestellings** as studie-area word in hoofstuk 1 aangebied. Daar word gewys op die leemte in bestaande studies van die Afrikaanse leksikon en woordvormingsprosesse ten opsigte van eksosentriese komposita. Dié leemte kan tot 'n mate gevul word deur hierdie verhandeling. Verder word daar 'n kort oorsig gegee van die werkswyse na aanleiding van die hoofstukke wat gaan volg. Die korpus waaruit geput word om illustratiewe voorbeeldmateriaal te gee, word aangedui, en ten slotte is daar 'n vooruitskouing op die werk wat volg.

1.2 Motivering vir die keuse van eksosentriese komposita as studieterrein

Eksosentriese samestellings bied aan die navorser 'n besonder ryk navorsingsveld wat skynbaar tot dusver braak gelê het in die studie van die Afrikaanse morfologie. Waarnemings binne 'n verskeidenheid studies van die Afrikaanse taalkunde lei die navorser tot die volgende gevolgtrekking: Terwyl sekere temas weer en weer opduik in werkstudies oor Afrikaans, en sommige van hierdie temas al holrug gery is en uit bykans elke oogpunt in diepte bespreek is, is daar verbasend min oor die interessante verskynsel van eksosentriese samestellings geskryf, nie net in Afrikaans nie, maar ook in ander tale soos Engels, Nederlands, Duits, Frans, en andere.

In die navorsing wat gedoen is vir die verhandeling, kon byna geen materiaal oor eksosentriese komposita gevind word nie. Kort verwysings na eksosentriese komposita as idiomatiese of metaforiese uitdrukkings in die taalkunde kom voor in sommige studies oor **idiomatisiteit**. Daar word egter gewoonlik in hierdie werke meer gekonsentreer op idiomatiese frases, en nie op idiomatiese, ondeursigtige lekseme nie. Vergelyk in hierdie verband artikels soos “Idiomatycity as an anomaly in the Chomskyan paradigm” (Chafe, 1968), “Compounds and idioms” (Kooij,

1968) en “Idiomatiese taalgebruik en die afstand tussen Afrikaans en Nederlands” (Swanepoel, 1997).

1.3 Die doel van hierdie studie

Aangesien daar min literatuur oor eksosentriese samestelling as taalverskynsel bestaan, is die primêre doel van hierdie verhandeling om die leemte op hierdie gebied in die Afrikaanse grammatika aan te vul. Met die verhandeling word daar beoog om 'n meer in-diepte beskrywende analise van eksosentriese komposita aan te bied as wat tot dusver in bestaande taalstudies gedoen is. 'n Voorlopige bestekopname word gemaak van die komposita soos dit voorkom in leksikografiese werke en die spreektaal. 'n Inventaris van Afrikaanse eksosentriese komposita word aangebied (vergelyk ook die bylae waarin die totale korpus eksosentriese komposita wat in die verhandeling voorkom, gegee word). Daar word nie in die bestek van hierdie verhandeling gefokus op 'n **teoretiese** analise van eksosentriese samestellings nie. Die doel van die studie is dus nie om eksosentriese samestellings slegs aan die hand van sekere linguistiese teorieë te bespreek nie, en veral nie om dit in 'n spesifieke teoretiese vorm in te druk nie. Daar word eerder op sekere unieke eienskappe van hierdie groot groep woorde gewys. Daar word ingegaan op die morfologiese, sintaktiese en semantiese eienskappe van eksosentriese samestellings, asook op die sóorte eksosentriese samestellings wat op grond van onstaanskenmerke, sowel as semantiese en strukturele eienskappe geklassifiseer kan word.

As 'n verkennende en beskrywende studie van Afrikaanse eksosentriese samestellings, bied hierdie verhandeling nie ruimte om nog enige funksionele aspekte van eksosentriese komposita aan te spreek nie. Hoewel die rol wat eksosentriese komposita in die taal speel nie binne die bestek van hierdie verhandeling val nie, is dié onderwerp belangrik genoeg om 'n aparte, toekomstige studie oor slegs die funksionele aspekte van hierdie lekseme te regverdig. Verwysings na funksionele aspekte word sover moontlik vermy, alhoewel daar op verskeie plekke in die verhandeling wel kortliks verwys word na 'n sekere funksie van eksosentriese samestellings.

In 'n baie klein groepie taalkundestudies, soos onder andere Laurie Bauer se *Introducing Linguistic Morphology* (1994) en Meyer de Villiers se *Die Semantiek van Afrikaans* (1976), word eksosentriese samestellings baie vlugtig in die verbygaan behandel. Alhoewel eksosentriese samestelling in hierdie werke aangegee word as een van die drie hoofklasse van samestelling as woordvormingsproses, skyn eksosentriese komposita (op grond van die oppervlakkige aandag wat hieraan gegee word) 'n baie klein, onbelangrike groepie woorde in Afrikaans (en ander tale) te wees, eintlik slegs maar 'n uitsondering op die “gewone” wyse van samestelling waar twee of meer stamme saamgevoeg word om 'n woord te vorm waarvan die betekenis afgelei kan word uit die afsonderlike stambetekenis. Dit is egter glad nie die geval nie, soos daar in hierdie studie aangedui word, en soos gesien kan word in die aanbieding van 'n ryke verskeidenheid eksosentriese samestellings as voorbeeldmateriaal.

Slegs een detailbespreking van spesifiek Afrikaanse eksosentriese (metaforiese) komposita kon tot op datum in die ondersoekte korpus navorsingsmateriaal gevind word, naamlik “5.4. Metaphorical compounds” en “5.5. Idiomatic compounds” in *The Function of the Lexicon in Transformational Generative Grammar* (Botha, 1968). In hierdie werk word daar egter slegs gekonsentreer op semantiese aspekte van nominale metaforiese en idiomatiese komposita, asook op die wyse waarop hierdie woorde in die transformasioneel-generatiewe grammatika geakkommodeer moet word.

Verder word daar, volgens Bauer (1978: 14), in bovermelde werk deur Botha beweer “that (the) distinction between endocentric and exocentric compounds is arbitrary and not properly motivated”. Deur middel van 'n komparatiewe analise van endo- en eksosentriese samestellings word daar egter in hierdie verhandeling 'n poging aangewend om te bewys dat 'n onderskeid tussen die twee groepe samestellings wel nodig is, meer nog, dat dit onontbeerlik is in enige leksikon-analise en taalteorie-studie wat enigsins poog om volledig te wees.

1.4 Die korpus waaruit voorbeeldmateriaal geneem is

Afrikaans bied 'n legio eksosentriese komposita, waarvan sommige woorde redelik onbekend is aan die deursneespreker, aangesien hulle deel uitmaak van die verouderde leksikon, dialekte,

sosiolekte soos veral studentetaal, kindertaal, vaktaal, boektaal en “deftige” taal, plat taal en die onfyn woordeskat wat ook kragwoorde insluit, asook enige alternatiewe groep woorde wat om die een of ander rede nie algemeen gebruik word nie. 'n Illustratiewe korpus nie-algemene samestellings, sowel as algemene kontemporêre gebruikswoorde uit Standaard-Afrikaans, bekend aan feitlik elke Afrikaanse moedertaalspreker én tweedetaalspreker, word as voorbeelde in die verhandeling gebruik om sekere stellings en gevolgtrekkings wat gemaak word, te staaf. Daar is deur hierdie byna onbeperkte korpus gepoog om so 'n groot leksikonveld as moontlik te dek. Hierdeur word dan duidelik geïllustreer dat eksosentriese komposita op feitlik elke gebied in die Afrikaanse leksikon voorkom.

Elke voorbeeldlekseem in die verhandeling is toegelig met 'n betekenisverklaring. Die korpus waaruit geput is, sluit 'n wye versameling leksikografiese werke in, waaronder algemeen-gebruikte werke soos die *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse taal (HAT)* en *Nasionale Woordeboek*, ander werke wat uitsluitlik gebruik word in taalnavorsing soos *Afrikaanse Etimologieë* van Boshoff en Nienaber (1967), ouer boeke soos die eerste dele van *Die Afrikaanse Woordeboek (WAT)* en 'n ouer uitgawe van die *HAT* (1983) waarin daar heelwat woorde voorkom wat nie in die nuwer uitgawe opgeneem is nie, en selfs 'n nuttige blokraaiselwoordeboek (Pansegrouw, 1995). Afgesien van hierdie werke is daar ook voorbeelde geneem uit taalhandboeke soos onder andere *Ons Moedertaal* (Meyer e.a., s.j.) en *Afrikaanse Morfologie* (Combrink, 1990). 'n Baie klein hoeveelheid voorbeelde wat nie in enige van hierdie leksikografiese en taalkundige werke opgespoor kon word nie, is direk uit die spreektaal opgeneem, ten einde 'n groter veld in die leksikon te dek. Betekenisaanhalings is oor die algemeen uit die onderstaande leksikografiese werke gemaak. Ter wille van ekonomie is daar gebruik gemaak van afkortings om te verwys na spesifieke woordeboeke.

Leksikografiese werke:

- AE (1967): Afrikaanse Etimologieë (Boshoff & Nienaber)
- AIVU (1994): Afrikaanse Idiome en ander Vaste Uitdrukkings
- GAS (1995): Groot Afrikaanse Sinoniemwoordeboek
- HAT (1983): Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal

- HAT (1994): Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal
- NW (1988): Nasionale Woordeboek
- Pansegrouw (1995): Superblokraaiselwoordeboek
- WAT (1950): Woordeboek van die Afrikaanse Taal, Deel I, (A-C)
- WAT (1955): Deel II, (D-F)
- WAT (1957): Deel III, (G)
- WAT (1972): Deel IV, (H-I)
- WAT (1968): Deel V, (J-Kj)
- WAT (1976): Deel VI, (Kla-Kol)
- WAT (1984): Deel VII, (Kom-Kor)
- WAT (1991): Deel VIII, (Kos-Kyw)

Akademiese werke:

- Combrink, J.G.H. 1990. *Afrikaanse morfologie*. Pretoria: Academica.
- Kruger, J. 1995. 'Oor volksetimologie en kuiergaste wat huismense word', *South African Journal of Linguistics*, Supplement, Iss 28: 57 - 74, November, 1995.
- Meyer, P.S. e.a. s.j. *Ons Moedertaal*. Elsiesrivier: Nasou Beperk.
- Scholtz, J. du P. s.j. *Afrikaans uit die vroeë tyd*. Kaapstad: Nasou.
- Smuts, J. 1964. 'Betekenisonwikkeling in Afrikaans', *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal* 20: 22 - 31.
- Van Rouendal, F.J. & H.A. du Toit. s.j. *Nuwe Afrikaanse Stylleer*. Kaapstad: Juta.

Die meeste voorbeeldmateriaal is uit bovermelde korpus aangehaal, met slegs 'n paar uitdrukkinge wat uit die spreektaal opgeneem is.

1.5 Vooruitskouing op die verhandeling as 'n geheel

Die belangrikste struktuurpatrone in die morfologie word kortliks in hoofstuk 2 bespreek as inleiding tot die res van die verhandeling. In hoofstuk 3 en 4 word die aard van eksosentriese komposita verken op grond van die tipiese eienskappe wat dit in Afrikaans vertoon. Morfologiese

en sintaktiese eienskappe van eksosentriese samestellings is eerste aan die beurt in hoofstuk 3, waar daar ook 'n motivering vir die onderskeid tussen eksosentriese en endosentriese komposita aangebied word. Die invalshoek van hoofstuk 4 is die semantiese eienskappe van eksosentriese samestellings, veral die primêre onderskeidingskenmerke daarvan, naamlik semantiese ondeursigtigheid en die afwesigheid van 'n hiponimie-relasie, wat ook die grootste verskille tussen ekso- en endosentriese samestellings saamvat.

Hoofstuk 5, 6 en 7 bied gesamentlik 'n inventaris van die belangrikste groepe Afrikaanse eksosentriese samestellings. Eerste aan die beurt, in hoofstuk 5, is eksosentriese samestellings wat op grond van die wyses waarop dit ontstaan het, in verskillende groepe ingedeel kan word. In hoofstuk 6 word die lekseme volgens semantiese eienskappe verdeel, en in hoofstuk 7 volgens die vernaamste strukturele kenmerke wat in die komposita vertoon word.

'n Kort oorsig oor die werk as 'n geheel word in hoofstuk 8, die slothoofstuk, gegee. Ook word daar in dié hoofstuk gekyk na leemtes in die verhandeling. Redes waarom sekere aspekte nie aangespreek is nie word verskaf, en daar word gewys op sekere verwante temas wat in die toekoms verdere studie kan vereis binne die Afrikaanse taalkunde.

HOOFSTUK 2

STRUKTUURPATRONE VAN DIE AFRIKAANSE MORFOLOGIE

2.1 Inleiding

Daar word in die morfologie 'n onderskeid getref tussen ongelede en gelede woorde. Eenlettergrepige sowel as meerlettergrepige woorde soos *huis*, *gordyn*, *rivier*, *ambisie* en *ensiklopedie*, staan bekend as **ongelede** of **simplekse woorde**, wat slegs uit een morfologiese lid bestaan. Daarenteen staan woorde soos *huislik*, *sitkamergordyn*, *riviere*, *ambisieloos* en *kinderensiklopedieë* bekend as **gelede** of **komplekse bousels**.

As gelede woorde met mekaar vergelyk word, is dit duidelik dat daar “gráde van geleedheid bestaan” (Combrink, 1990: 21):

- | | | | | |
|----|--------------------------------------|--------------------------------------|---|-----------|
| 1. | <i>vier – de;</i> | <i>blom – bak</i> | = | tweeledig |
| 2. | <i>skool – kind – ers;</i> | <i>ver – toon – kas</i> | = | drieledig |
| 3. | <i>nood – be – plan – (n)ing;</i> | <i>olie – verf – skilder – y</i> | = | vierledig |
| 4. | <i>agter – een – volg – end – e;</i> | <i>lid – maat – skap – s – kaart</i> | = | vyfledig |

Nog hoër grade van geleedheid kom in Afrikaans voor, alhoewel dit skaarser is. 'n Woord soos *lief – da(a)d – ig – heid – s – genoot – skap – s – konsert – e* is byvoorbeeld tienledig.

Daar is verskillende woordvormingsprosesse waardeur nuwe woorde ontstaan. Sommige van hierdie ontstaansprosesse is minder produktief in die vorming van gelede woorde, soos die prosesse **wysiging**, byvoorbeeld *knelter* uit *kniehalter*, (Combrink, 1990: 79) en **skepping sonder meer**, byvoorbeeld *boggom*, (Combrink, 1990: 81). Maar eintlik is daar in die morfologie net twee primêre struktuurpatrone waarvolgens die meeste woorde gevorm word, naamlik **afleiding**, met **samestellende afleiding** as subgroep, en **samestelling**, met die subgroep **samestellende samestelling**.


2.2 Afleiding

Afleidings is gelede woorde, waarvan die “onmiddellike stukke, voegsels uitgesluit, 'n stam en 'n affiks is” (Combrink, 1990: 63):

5.	<u>Stam</u>	+	<u>Suffiks</u>	→	<u>Afleiding</u>
	stoel-	+	-e	→	<i>stoele</i>
6.	<u>Prefiks</u>	+	<u>Stam</u>	→	<u>Afleiding</u>
	wan-	+	-hoop	→	<i>wanhoop</i>
7.	<u>Wortel</u>	+	<u>Affiks</u>	→	<u>Afleiding</u>
	redak-	+	-sie	→	<i>redaksie</i>

'n Afleiding bestaan dus uit 'n stam wat verbind is met een of meer affikse. Die bou van afleidings kan soos volg met behulp van 'n morfologiese stukbeeld geïllustreer word:

8. *bemoedig*



2.2.1 Samestellende afleiding


'n **Samestellende afleiding** bestaan, nes 'n gewone afleiding, altyd uit "twee onmiddellike stukke: 'n stam en 'n affiks" (Combrink, 1990: 68). Terwyl die stam van 'n gewone afleiding 'n basis met 'n selfstandige woordkorrelaat in die taal is, korreleer die stam-element van samestellende afleidings egter met 'n **woordgroep** of **sintaktiese frase**, vergelyk:

9. *geöp-die-bed-springery* *veelsydige* *handjiesvashouery*
 kat-in-die-donker-knyper *groothartig*

Die affikse *ge-*, *-ery*, *-ig(e)* en *-er*, verbind nie net aan die morfeem wat telkens direk voor die affiks staan nie, maar wel met die hele woordgroep wat as geheel optree as basis. Dít kan gesien word in die feit dat **hartig*, **sydig*, ensovoorts, nie as selfstandige afleidings in Afrikaans bestaan nie, hoewel uitsonderings soos *springery* wel selfstandig voorkom. 'n Verdere kenmerk van samestellende afleidings is dat die komplekse stamme nie selfstandig as woorde kan optree nie, vergelyk: **op-die-bed-spring*, **groothart*, **veelsy*, ensovoorts.

Die stukbeeld van 'n samestellende afleiding sal soos volg daar uitsien:

10. *traak-my-nie-agtig*



Vergelyk ook die onderstaande voorbeelde van samestellende afleidings:

- | | | | |
|-----|------------------------|-------------------------|----------------------------------|
| 11. | <i>keelskoonmakery</i> | <i>kooinatmaker</i> | <i>onheilspellend</i> |
| | <i>nuusaandraer</i> | <i>neusoptrekkerige</i> | <i>menseliewend</i> |
| | <i>kleingeestig</i> | <i>kwaaddoener</i> | <i>by-die-venster-inloerdery</i> |

2.3 Samestelling

Samestellings is **gelede woorde** “waarvan die twee onmiddellike stukke, voegsels daargelaat, albei stamme is” (Combrink, 1990: 63). Samestellings bestaan dus uit twee of meer stamme met woordkorrelate. Die onderstaande komposita is hiërargies ontleed in hakienotasie:

- | | | | | |
|-----|------------------|----------|--------|-------|
| 12. | <i>brilraam:</i> | [[bril] | [raam] |] |
| | | s.nw. | s.nw. | s.nw. |
| 13. | <i>knipoog:</i> | [[knip] | [oog] |] |
| | | ww. | s.nw. | ww. |

Volgens Van Loon (1981: 133) is **samestellings** “in feite gecomprimeerde zinnen ... waaruit allerlei betekenisdragere as voorzetsels, werkwoorde, lidwoorde e.d. zijn weggelaten”. Hierdie stelling kan toegelig word met die volgende voorbeelde:

14. *bloedrooi* (adj.) → “So rooi soos bloed” (HAT, 1994: 93)
- Die graadwoord, *so*, en die vergelykingswoord, *soos*, word weggelaat.
15. *voëlsaad* (s.nw.) → “Saad waarmee voëls gevoed word” (HAT, 1994: 1221)
- Die betreklike voornaamwoord, *waarmee*, en die werkwoorde, *gevoed word*, is weggelaat.

Die stamme van komposita word nie sommer net opeenvolgend of terselfdertyd aanmekaar gelas om die geheel te vorm nie. Gewoonlik verbind slegs twee stamme op een slag met mekaar, en vorm dan 'n geheel wat weer met 'n volgende stam kan verbind. Ter illustrasie:

16. *netbalskeidsregtervergadering*

In hierdie samestelling verbind *net-* eers aan *-bal* om die s.nw. *netbal* te vorm. *Skei-* verbind dan met behulp van die verbindingsklanke *-ds-* aan *-regter* om die s.nw. *skeidsregter* te vorm.


Hierna verbind *netbal-* aan *-skeidsregter-* sodat *netbalskeidsregter* ontstaan, wat dan eindelijk aan die afleiding *-vergadering* verbind.

Daar bestaan verskillende “gráde van geleedheid” (Combrink, 1990: 21). Die meeste Afrikaanse samestellings is twee- drie- of vierledig, maar daar kan ook veel hoër grade van geleedheid voorkom, vergelyk:

- | | | | |
|-----|---|-----------------------------------|------------|
| 17. | <i>skryf – blok;</i> | <i>vakansie – dag</i> | = 2 stamme |
| 18. | <i>musiek – woorde – boek;</i> | <i>kern – krag – sentrale</i> | = 3 stamme |
| 19. | <i>dubbel – bed – kop – stuk;</i> | <i>atletiek – by – een – koms</i> | = 4 stamme |
| 20. | <i>net – bal – skeids – regter – vergadering</i> | | = 5 stamme |
| 21. | <i>enkel – riet – hout – blaas – musiek – instrument</i> | | = 6 stamme |
| 22. | <i>water – verf – kuns – skildery – uit – stal – lokaal</i> | | = 7 stamme |
| 23. | <i>derde – jaars – aard – ryks – kunde – werk – stuk – opdrag</i> | | = 8 stamme |

Vergelyk die onderstaande stukbeeld van 'n samestelling wat uit drie stamme bestaan:

24. *leerhandskoen*



As subgroep van die klas samestellings kan daar nou gekyk word na samestellende samestellings.

2.3.1 Samestellende samestelling

Samestellende samestellings word, soos gewone of primêre samestellings, gevorm deur 'n kombinasie van twee stamme, affikse en verbindingsklanke uitgesluit. Soos by samestellende afleidings korreleer een of albei hierdie samestellende stukke egter met 'n “woordgroep” (Combrink, 1990: 68) of sintaktiese frase:

25.	<i>neus-in-die-lug-houding</i>	<i>klein-seuntjie-opgewondenheid</i>
	<i>moeg-vir-die-lewe-kreun</i>	<i>ek-is-beter-as-jy-maniertjies</i>
	<i>verskoon-my-tog-kuggie</i>	<i>tafel-en-bank-eenheid</i>

Die stamme *-houding*, *-kreun*, *-kuggie*, ensovoorts kan selfstandig optree as woorde, maar die stamme *neus-in-die-lug-*, *moeg-vir-die-lewe-* en *verskoon-my-tog-* is onselfstandig as woorde, en kan net voorkom as frases, byvoorbeeld *neus in die lug* en *moeg vir die lewe*.


Net soos by gewone samestellings, tree een van die stamme op as bepaler en die ander een as kern. Gewoonlik is die eerste stam, wat optree as die bepaler, ook die woordgroep:

26.	<i>altyd-'n-sukses-gereg</i>	<i>ma-en-dogterskoonheidskompetisie</i>
	<i>hoof-elektroniese-ingenieur</i>	<i>een-jaar-oud-kalf</i>
	<i>uit-die-bottel-drink-alkoholis</i>	<i>mooiweersvriend</i>

Hier tree die frases *altyd-'n-sukses-*, *uit-die-bottel-drink-*, *ma-en-dogter-*, *een-jaar-oud-* en *mooi-weer-* op as bepalerstamme. Veel minder kom dit voor dat die tweede stam die woordgroep is, soos *-elektroniese-ingenieur*, wat dan optree as kern. Met die eerste stam as woordgroep is die tweede stam dikwels net 'n enkelstam soos *-kalf*, soms 'n afleiding soos *-alkoholis*, en soms 'n samestelling soos *-skoonheidskompetisie*. Verder kom daar ook 'n groeiende aantal nuutskeppings voor waar albei onmiddellike stamme woordgroepe is, soos *korttermyn-oortrokke-bankfasiliteit*.

Die volgende stukbeeld illustreer die struktuur van 'n prototipiese samestellende samestelling soos dit verdeel word in 'n kernstam en 'n frase wat optree as bepaler:

27. *jammer-dat-ek-leef-houding*



Die samestellende samestelling word dus, soos 'n gewone samestelling, in twee onmiddellike stukke, naamlik 'n **bepaler** en 'n **kern** verdeel. Een of albei hierdie stamme bestaan egter uit 'n frase as konstituent, en nie net uit 'n gelede of ongelede stamwoord nie.

2.4 Die semantiese indeling van samestellings

Semanties kan daar drie soorte samestellings of komposita in die morfologie onderskei word, naamlik **endosentriese**, **neweskikkende** en **eksosentriese komposita** (Unisa, 1992: 103-107). Vervolgens word endosentriese en neweskikkende komposita bespreek:

2.4.1 Endosentriese komposita

Die stamme van **endosentriese samestellings** staan in 'n **kern-bepaler-verhouding**, vergelyk:

	<u>Bepaler</u>	+	<u>Kern</u>	→	<u>Endosentriese samestelling</u>
28.	kussing-	+	-sloop	→	<i>kussingsloop</i>
29.	lees-	+	-lamp	→	<i>leeslamp</i>

Die laaste stamme, dit wil sê *-lamp* en *-sloop*, is die **kerne** of **hoofelemente** van die samestellings. Die **kern** van 'n samestelling bepaal die woordsoort waaraan die samestelling as 'n geheel behoort:

	<u>Samestelling</u>	→	<u>Bepaler</u>	+	<u>Kern</u>
30.	<i>geldmal</i>	→	[[geld]	[mal]]
			s.nw.	adj.	adj.
31.	<i>hyskraan</i>	→	[[hys]	[kraan]]
			ww.	s.nw.	s.nw.

Die eerste stamme in voorbeelde 28-31 staan bekend as die **bepalers** van die samestellings.

Bepalers van samestellings het die funksie om die kern nader te omskryf of spesifiseer:

32. *aasvoël* → “Groot roofvoël met sterk krom snawel waarmee aas stukkend geskeur word” (HAT, 1994: 14)

D.w.s. spesifieke soort *voël* (kern), nader gespesifiseer as juis 'n voël wat *aas* (bepaler), en nie 'n soort wat jag of van plante lewe nie.

33. *goudgeel* → “... goudagtige geel” (HAT, 1994: 301)

D.w.s. 'n spesifieke kleur *geel* (kern), wat byna ook *goud* (bepaler) van kleur is, en nie 'n dowwe, ligte geel, kerriegeel, neongeel of ander voorkoms het nie.

Uit hierdie besondere **kern-bepaler-verhouding** wat daar in endosentriese komposita heers, volg dan ook die kenmerk dat 'n endosentriese samestelling as 'n geheel 'n **hiponiem** is van die kern. Die kern tree dus eintlik op as **superordinaat** van die samestelling. Hierdie stellings kan toegelig word met die onderstaande voorbeelde:

- | | <u>Hiponiem</u> | → | <u>Superordinaat</u> |
|-----|-----------------|---|--|
| 34. | <i>vulpen</i> | → | soort <i>pen</i> ; "... pen aan die einde van 'n hol houer wat met vloeibare ink gevul word" (HAT, 1994: 1250) |
| 35. | <i>houtsag</i> | → | soort <i>saag</i> ; "Saag om hout mee te saag" (HAT, 1994: 399) |

Bogenoemde inligting oor endosentriese samestellings is ook van toepassing op komposita wat uit meer as twee stamme bestaan. By endosentriese komposita kom daar telkens net een kern in elke woord voor, al bestaan die geheel uit meer as twee stamme. In die volgende voorbeeld is die verskillende kerne telkens onderstreep:

- | | <u>Hiponiem</u> | → | <u>Superordinaat</u> |
|-----|---------------------------|---|----------------------|
| 36. | <i>sitkamer<u>mat</u></i> | → | soort <i>mat</i> |
| | <i>sit<u>kamer</u></i> | → | soort <i>kamer</i> |

Endosentriese komposita is semanties deursigtig, dit wil sê, die betekenis van 'n endosentriese samestelling as 'n geheel kan afgelei word uit die betekenis van die afsonderlike dele waaruit dit bestaan, byvoorbeeld:

- | | | | |
|-----|--------------------|---|---|
| 37. | <i>tandeborsel</i> | → | "Klein borsel ... gebruik om tande mee skoon te reinig" (HAT, 1994: 1067) |
| 38. | <i>doringboom</i> | → | "... enigeen van die bome behorende tot die geslag <i>Acacia</i> , wat lang, skerp, wit dorings het ..." (HAT, 1994: 163) |

Alhoewel daar by alle endosentriese komposita 'n kern-bepaler-verhouding voorkom, is daar baie verskillende **relasies** wat tussen die kern- en bepalerstamme van hierdie woorde kan bestaan. In die onderstaande voorbeelde word hierdie verskynsel geïllustreer deur verskillende **bepalers (X)** aan een **kernstam (Y)** te voeg:

- | | | | |
|-----|--|---|--|
| 39. | <i>draaistoel, skommelstoel, rystoel</i> | → | "Y kan X; Y word gebruik om te X" |
| 40. | <i>leerstoel, riempiestoel</i> | → | "Y is gemaak van X" |
| 41. | <i>tuinstoel, karstoel, kombuisstoel</i> | → | "Y word gebruik in X; Y kom voor in X" |
| 42. | <i>driepootstoel</i> | → | "Y besit X" |
| 43. | <i>tiksterstoel</i> | → | "Y word gebruik deur X" |
| 44. | <i>voetstoel</i> | → | "X word op Y geplaas" |

Die betekenis van endosentriese komposita, selfs al is die woorde semanties heeltemal deursigtig, is dus nie bloot 'n optelsom van die betekenis van die verskillende stamme nie. Kennis van die spesifieke relasie wat heers tussen elke bepaler (X) en die stam (Y) waarop dit gerig is, is nodig om die korrekte konvensionele betekenis van alle endosentriese komposita af te lei. Die betekenis van bovermelde samestellings is egter tot 'n baie groot mate afleibaar uit die betekenis van die stamkorrelate van die lekseme.

2.4.2 *Neweskikkende komposita*

In **neweskikkende komposita** staan die stamme in 'n neweskikkende én-én-verhouding tot mekaar. Vergelyk die onderstaande voorbeelde van neweskikkende komposita:

- 45. *doofstom* → “Doof en ook stom” (HAT, 1994: 161)
- 46. *skriba-kassier* → “Iemand wat tegelyk skriba en kassier van 'n gemeente is” (HAT, 1994: 942)
- 47. *blougroen* → “Met 'n blouerige groen kleur” (HAT, 1994: 95)
- 48. *gemoedelik-vriendelik* → “gemoedelik en vriendelik” (voorbeeld geneem uit WAT, 1984: 411, s.v. “kopulatief”)

Dié soort komposita benoem sake, bestaande uit twee of meer elemente wat saam, op 'n gelyke vlak, in die lekseme genoem word (Bauer, 1994: 36). Elkeen van bogenoemde lekseme se betekenis kan afgelei word van die betekenis van sy stamkorrelate.


Neweskikkende komposita is soos endosentriese komposita semanties deursigtig in die sin dat persone wat so 'n samestelling vir die eerste keer teëkom baie maklik die korrekte betekenis van die woord kan aflei. Dit beteken egter nie dat die geheelbetekenis van hierdie samestellings bloot die somtotale is van die betekenis van die lede waaruit dit bestaan nie, aangesien dit steeds nodig is om die spesifieke semantiese relasies tussen die stamme in ag te neem om te weet wat presies die konvensionele betekenis van die samestellings is. In sekere gevalle is ook buitetalige kennis nodig om die korrekte betekenis af te lei, vergelyk:

- 49. *moeder-maagd* → “die maagd Maria, moeder van Christus ” (HAT, 1994: 672)
- 50. *rookmis* → “Mis, swaarder en donkerder gemaak deur rook ...” (HAT, 1994: 973)

Daar word nie binne die bestek van hierdie verhandeling ingegaan op die twee subtipes neweskikkende samestellings, **kopulatiewe** en **apposisionele komposita** (Bauer, 1978: 67) wat onderskei word in die morfologie nie.

Hierdie bespreking van neweskikkende komposita kan toegelig word met 'n stukbeeld van so 'n samestelling om die strukturele verskil tussen endosentriese en neweskikkende komposita duidelik te maak:

51. *Frans-Duits* → “Betrekking hebbende op Frankryk en Duitsland”
(HAT, 1994: 224)



In die stukbeeld kan gesien word dat die verskillende neweskikkende stamme hiërargies op dieselfde vlak optree, sonder dat enige van die konstituente as bepaler of kern geklassifiseer kan word.

2.4.3 Eksosentriese komposita

Die fokus van hierdie studie val op eksosentriese komposita. Struktureel lyk eksosentriese samestellings net soos endosentriese samestellings, maar semanties verskil dit heeltemal van beide endosentriese en neweskikkende komposita. Eksosentriese samestellings word in meer besonderhede bespreek in die volgende hoofstuk.

2.5 Samevatting

In hierdie hoofstuk is 'n uiteensetting gegee van die belangrikste struktuurpatrone wat in die morfologie voorkom, naamlik **afleiding** en **samestelling**. Die bou van afleidings en samestellings, sowel as samestellende afleiding en samestellende samestelling as subgroepe van die twee primêre struktuurpatrone, is kortliks bespreek en geïllustreer met behulp van voorbeelde en stukbeelde. Daar is verder ook gewys op die onderskeid wat bestaan tussen die drie semantiese subgroepe van samestellings, naamlik **endosentriese**, **neweskikkende** en **eksosentriese komposita**.

In hierdie hoofstuk is slegs endosentriese en neweskikkende komposita bespreek. Die **semantiese deursigtigheid** van beide groepe, hetsy deur middel van 'n kern-bepaler-verhouding, soos dit voorkom by endosentriese samestellings, of deur middel van die én-én-verhouding by neweskikkende komposita, is bespreek. Hoewel die geheelbetekenisse van selfs hierdie semanties deursigtige komposita nie slegs die somtotale is van die betekenis van die lede waaruit dit bestaan nie, en die spesifieke semantiese relasies tussen die stamme van endosentriese en neweskikkende komposita in ag geneem moet word om te weet wat presies die konvensionele betekenis van die samestellings is, is die betekenis van hierdie woorde relatief baie maklik af te lei uit die betekenis van die samestellende dele daarvan. Dit is juis die kenmerk van semantiese deursigtigheid wat hierdie twee groepe onderskei van eksosentriese samestellings.

Die eienskappe van eksosentriese komposita, asook die onderskeid tussen hierdie groep woorde aan die een kant, en endosentriese sowel as neweskikkende komposita aan die ander kant, word in die volgende hoofstuk onder die loep geneem.

HOOFSTUK 3

MORFOLOGIESE EN SINTAKTIESE EIENSKAPPE VAN EKSOSENTRIESE KOMPOSITA

3.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word 'n analise van die morfologiese en sintaktiese eienskappe van eksosentriese komposita aangebied. Eerstens word daar 'n algemene oorsig van die kenmerke van eksosentriese samestelling as fenomeen gegee. Die verskille tussen eksosentriese en endosentriese komposita op strukturele gebied, sowel as die verskille ten opsigte van produktiwiteit en kategoriale struktuur word bespreek en toegelig met gepaste voorbeeldmateriaal. Daar word eksemplaries aandag gegee aan die sintaktiese kategorieë van eksosentriese komposita en die stamme waaruit hulle bestaan. Ten slotte word daar ook 'n motivering gebied vir die onderskeid tussen ekso- en endosentriese komposita, en word eksosentriese komposita as prototipiese kategorie bespreek.

3.2 Eksosentriese komposita: 'n oorsig

Eksosentriese komposita bestaan, soos endosentriese en neweskikkende samestellings, ook uit twee of meer stamme met selfstandige woordkorrelate in die taal. Terwyl die betekenis van endosentriese en neweskikkende komposita afgelei kan word uit die betekenis van die stamme waaruit die lekseme bestaan (vergelyk 2.4), verskil 'n **eksosentriese kompositum** daarvan deurdat “neither constituent describes what kind of object the compound is” (Jackendoff, 1975: 657).

Die betekenis van die woordkorrelate van 'n eksosentriese samestelling word volgens hierdie definisie glad nie weerspieël in die betekenis van die samestelling as 'n geheelheid nie. Anders gestel, die betekenis van 'n eksosentriese samestelling kan nie herlei word na die betekenis van sy samestellende dele of **konstituente** nie. Ter illustrasie:

1. *blouboontjie* → “Koeël, loper” (HAT, 1994: 95)
- groenboontjie* → “Onryp boontjiepeul ... groentesoort” (HAT, 1994: 312)
- blougras* → “Grassoort met halms wat by rypwording 'n blou kleur kry”
(HAT, 1994: 95)

Wanneer bostaande samestellings *blouboontjie*, *groenboontjie* en *blougras* met mekaar vergelyk word, is dit duidelik dat die woord *blouboontjie* semanties nie op dieselfde wyse geïnterpreteer kan word as die ander twee woorde nie: Die woorde *groenboontjie* en *blougras*, wat albei een stam in gemeen het met *blouboontjie*, is heeltemal deursigtig met die betekenis “soort boontjie” en “soort gras”, met die kerne *-boontjie* en *-gras* wat nader deur die bepalers *groen-* en *blou-* gespesifiseer word. Dié betekenis van die kompositum *blouboontjie* is egter nie herleibaar na die betekenis van *blou-* of *-boontjie* nie, maar het 'n heeltemal ander betekenis wat in die volksmond ontstaan het na aanleiding van die voorkoms van 'n koeël. Die lekseem, *blouboontjie*, kan dus as 'n **eksosentriese kompositum** geklassifiseer word, en *groenboontjie* en *blougras* as **endosentriese komposita**.

Die onderstaande voorbeelde illustreer die verskil tussen ekso- en endosentriese komposita, op grond van 'n eksosentriese samestelling wat vergelyk word met twee endosentriese komposita, elk wat een stam in gemeen het met die eksosentriese samestelling:

2. **Eksosentriese:** *kolbroek* → “varks.; na bewering na die naam v. d. skip *Colebrook*, uit d. wrak waarvan die eerste varke v. dié soort verkry is” (AE, 1967: 362)
- Endosentriese:** *langbroek* → “*Broek* (met *lang* pype) wat tot op die skoene reik” (HAT, 1994: 605, my kursivering)
- kolhaas* → “Groterige *haas* ... met wit *kol* voor die kop”
(HAT, 1994: 556, my kursivering)
3. **Eksosentriese:** *potjierol* → “Persoon wat baie vet is” (HAT, 1994: 814)
- Endosentriese:** *potjiekos* → “(*kosgereg*) in 'n *driepootpot* gaargemaak” (HAT, 1994: 814, my kursivering)
- vleisrol* → “*Vleis* wat in *opgerolde* vorm gebak word”
(HAT, 1994: 1215, my kursivering)

Soos gesien is eksosentriese komposita semanties ondeursigtig en moet dit nie-letterlik verstaan word, op dieselfde wyse as idiomatiese uitdrukkings. 'n **Idioom** kan beskryf word as 'n “verbinding van elemente wat as geheel 'n betekenis het wat nie uit die betekenis van die afsonderlike elemente afgelei kan word nie, m.a.w. nie as 'n samewerking van betekenis beskou kan word nie” (De Villiers, 1976: 134). Vergelyk die onderstaande voorbeeldpare van samestellings met identiese eindstamme, waar die eerste lid van elke paar 'n figuurlike betekenis dra en die tweede lid 'n letterlike betekenis:

4. **Eksosentrië** (met 'n **figuurlike** betekenis):

grootdak → “Hemelruim” (WAT, 1957: 459)

Endosentrië (met 'n **letterlike** betekenis):

grasdak → “Dak wat met gras ... gedek is” (HAT, 1994: 307)

5. **Eksosentrië**:

lugkasteel → “Ongegronde verwagting; nuttelose dinkery oor dinge wat onmoontlik is om te bereik” (HAT, 1994: 613)

Endosentrië:

klipkasteel → “Kasteel van klip” (WAT, 1976: 310)

Eksosentriese komposita is dus in werklikheid **idiomatiese** of **metaforiese samestellings**, met 'n **figuurlike** betekenis (vergelyk ook 4.4 en 6.3). In kontras hiermee is endosentriese komposita **nie-idiomaties** van aard, met 'n **letterlike, deursigtige** betekenis.

3.3 Strukturele kenmerke van eksosentriese komposita

Soms lyk dit asof 'n samestelling se stamme sekere spesifieke woordkorrelate het, maar wanneer die stam vergelyk word met die lekseem wat skynbaar as sy woordkorrelaat optree, kan daar verskille in morfologiese eienskappe, soos meervoud- en verkleiningsvorme, woordklem, ensovoorts waargeneem word. Ter illustrasie:

6. *muisneste* → “2. Dromery, peinsery” (HAT, 1994: 680)

Die betekenis van hierdie eksosentriese samestelling kan glad nie afgelei word uit die betekenis van die afsonderlike stamme (konstituente) nie, en is dus semanties heeltemal ondeursigtig. Die woord *muisneste* kom ook voor as 'n endosentriese samestelling, waar die samestellende dele 'n semanties deursigtige geheel vorm, volgens 'n soortgelyke patroon as ander samestellings met die stam *-nes(te)*:

7. *byenes* → “1. Nes van bye” (HAT, 1994: 117)
 8. *miernes* → “Woonplek van 'n mierkolonie” (HAT, 1994: 664)

Alhoewel die kompositum *muisneste* voorkom as 'n eksosentriese samestelling sowel as 'n endosentriese samestelling, is die gebruiksfrekwensie en bekendheid van die woord as eksosentriese samestelling veel hoër as dié van die endosentriese samestelling *muisneste*. Terwyl daar by die lemma *muisnes* in die HAT (1994: 680) beide die letterlike en die figuurlike betekenisverklarings aangegee word, kom die woord byvoorbeeld in die Nasionale woordeboek (1988: 330) slegs voor as die meervoudsvorm *muisneste* met slegs die figuurlike betekenisverklaring van die lekseem as 'n eksosentriese kompositum.

Afgesien van die belangrike verskil in semantiese deursigtigheid tussen eksosentriese en endosentriese komposita, kan die morfologiese verskille tussen die twee soorte samestellings duidelik geïllustreer word met behulp van dieselfde voorbeeld deur te kyk na morfologiese wysigings wat in die samestellings kan plaasvind:

	<u>Enkelvoud</u>	<u>Meervoud</u>	<u>Verkleining</u>
9.	<i>muisnes</i>	<i>muisneste</i>	<i>muisnessie</i>
10.	<i>byenes</i>	<i>byeneste</i>	<i>byenessie</i>

Van die endosentriese samestelling *muisnes*, kom daar ook 'n meervoudsvorm en 'n verkleiningsvorm voor. Die eksosentriese, *muisneste*, kan egter slegs as abstrakte massanaamwoord voorkom, al lyk dit soos 'n gewone meervoudsvorm. Vergelyk:

11. Lucy se *muisneste* oor kêrels laat haar gereeld in die moeilikheid beland.
maar:
 * Lucy se *muisnes* oor kêrels laat haar gereeld in die moeilikheid beland.
 * Lucy se *muisnessie* oor kêrels laat haar gereeld in die moeilikheid beland.
 * Lucy het *twee / 'n paar muisneste* oor kêrels.

Uit hierdie gegewens kan afgelei word dat die woord *muisneste* (“dromery”) en die woord *muisneste* (“broeiplek van muis”) eintlik twee heeltemal verskillende lekseme is, al het hulle dieselfde klank- en skryfvorm. Die verskynsel van **homonimie** kom dus hier voor, dit wil sê “twee of meer woorde met twee of meer **onverwante** betekenis wat wel **vormlik** identies is” (De Stadler, 1989: 62, my beklemtoning). Verdere besprekings van homonimie kom ook in 4.4, 5.4.1, 6.2.1 en 6.3 voor.

'n Ander strukturele verskil tussen eksosentriese en endosentriese samestellings hou in dat die stamkorrelate van die meeste endosentriese samestellings apart gebruik kan word in 'n sin, met behoud van die samestelling se betekenis, terwyl die stamkorrelate van eksosentriese samestellings nie apart gebruik kan word met behoud van die samestellingsbetekenis nie. Vergelyk die volgende endosentriese samestelling, waarvan die dele skeibaar is in 'n sin:

12. **Endosentriese samestelling:**

blomblaar → “Enigeen van die blare van 'n blomkroon” (HAT, 1994: 94)

Skeibaar:

- Die *blomblaar* is rooi.
- Die *blom* se *blaar* is rooi.
- Die *blaar* van die *blom* is rooi.

Die stamme van 'n eksosentriese samestelling kan egter nie van mekaar geskei word in 'n sin of frase, sonder dat die betekenis van die oorspronklike samestelling heeltemal verander of die sin ongrammatikaal word nie. Vergelyk die onderstaande:

13. **Eksosentriese samestelling:**

gomtrommel → “Agteraf, onbeskaafde, vuil, slordige vrou” (WAT, 1957: 351)

Onskeibaar:

- Sy is 'n *gomtrommel*.
- * Sy is 'n *gom* se *trommel*.
- * Sy is 'n *trommel* van die *gom*.

Deeltjiewerkwoorde vorm 'n subsisteem met spesifieke eienskappe in die morfologie. Die samestellende dele van eksosentriese deeltjiewerkwoorde soos *skoorsoek* en *uittrap* kan wel apart in 'n sin gebruik word met behoud van dieselfde betekenis as die samestellingsgeheel:

14. **Eksosentriese deeltjiewerkwoord:**

uittrap → “Skerp berispe” (HAT, 1994: 1134)

Skeibaar:

- Meneer Swart wou sy klas *uittrap* oor hul swak punte.
- Meneer Swart het sy klas *uitgetrap*.
- Meneer Swart *trap* sy klas *uit*.
- Meneer Swart is van plan om sy klas *uit* te *trap*.

In hierdie opsig verskil eksosentriese deeltjiewerkwoorde wat hul skeibaarheid betref dus nie van gewone (endosentriese) deeltjiewerkwoorde nie, terwyl dit wel verskil van prototipiese eksosentriese komposita waarvan die dele nie van mekaar geskei kan word sonder 'n verandering van betekenis nie. Soortgelyke eksosentriese deeltjiewerkwoorde waarvan die dele selfstandig in 'n sin gebruik kan word, is onder andere *kleinkry*, *bydam*, ensovoorts.

3.4 Produktiwiteit van eksosentriese komposita

Endosentriese samestelling as woordvormingsproses is veel meer produktief as eksosentriese samestelling. In die ondersoekte korpus samestellings is daar gevind dat daar telkens met 'n sekere stam as laaste element 'n baie groter hoeveelheid bekende endosentriese komposita gevorm kan word as eksosentriese komposita. Ter illustrasie die onderstaande voorbeelde:

15. kas: **Eksosentrië** → *rammelkas*: “Ou rytuig wat baie raas as dit beweeg”
(HAT, 1994: 837)

Endosentrië → *klerekas*; *spieëlkas*; *kombuiskas*; *houtkas*; *gangkas*;
glaskas; *badkamerkas*; *vrieskas*; *yskas*; *vertoonkas*;
laaikas; *koskas*; ensovoorts.

16. rok: **Eksosentries** → *bontrok*: “Soort steenbras” (HAT, 1994: 102)
bontrokkie: “Dagbreker (voël)” (HAT, 1994: 102)
Endosentries → *kerkrok*; *aandrok*; *poprok*; *satynrok*; *trourok*; *slooprok*;
partytjierok; *fluweelrok*; *skoolrok*; *winkelrok*; ensovoorts.

In sekere gevalle kan 'n sekere stam wel meer produktief wees om 'n reeks eksosentriese komposita te vorm, op dieselfde patroon as endosentriese samestellings, byvoorbeeld:

17. -kous:
- slaapkous* → “Iemand wat baie slaap” (HAT, 1994: 950)
babbelkous → “Babbelbek” (HAT, 1994: 57)
klakous → “Iemand wat gedurig, oormatig kla” (HAT, 1994: 527)
kletskous → “Persoon wat baie kan klets” (HAT, 1994: 536)
draaikous → “Persoon wat altyd draal, tydsaam is wanneer iets gedoen of afgehandel moet word” (HAT, 1994: 165)
seurkous → “neulpot” (HAT, 1994: 912)

Reekse eksosentriese samestellings soos hierdie is egter baie skaars in die ondersoekte korpus. Eintlik ondergaan die stam *-kous* **betekenisuitbreiding** om die betekenis aan te neem van “persoon wat 'n sekere handeling, soos beskryf deur die bepaler-werkwoord, tot vervelens toe uitvoer”. Die samestellings wat nou met hierdie stam gevorm word, kan dan eintlik beskou word as **endosentries** van aard, solank as wat die alternatiewe betekenis van *kous* in gedagte gehou word. En deur die betekenis van *kous* nou net effens te wysig, kan nog verdere eksosentriese samestellings daarmee gevorm word:

18. *flenterkous* → “Persoon wat verflenterde klere dra” (HAT, 1994: 216)
flodderkous → “Slordige mens” (HAT, 1994: 217)
slodderkous → “Slordige persoon” (HAT, 1994: 957)
slonskous → “slonserige vrou, sloerie” (NW, 1988: 468)

Die stam is dus nou produktief op dieselfde wyse as wat stamme produktief is by die vorming van endosentriese komposita. Vergelyk die onderstaande samestellings met *-kous*:

19. *brabbelkous*, *vergeetkous*, *drentelkous*, *kekkelkous*, *kermkous*, *slonskous*, *slofkous*,
kommerkous, *konkelkous*, *kriewelkous*, *kwelkous*, *kwêrkous*, *neulkous*, *pruttelkous*,

skinderkous, drelkous, slobkous, slenterkous, sloerkous, keuwelkous, slapkous, kruppelkous, vitkous.

Daar is selfs nou 'n hipotetiese moontlikheid dat verdere komposita in hierdie reeks kan ontstaan, soos:

20. ? *eetkous*, ? *dobbelkous*, ? *studeerkous*, ? *huilkous*, ? *tergkous*, ensovoorts.

3.5 *Kategoriale struktuur van eksosentriese komposita*

Die stamme van endosentriese samestellings staan in 'n “kern-bepaler-verhouding” (Unisa, 1992: 103). Gewoonlik is die laaste lid die **kern** waarin die sintaktiese eienskappe van die samestelling as 'n geheel saamgevat word, en die ander lid is die bepalerstam wat die eindstam nader spesifiseer:

21. *kerslig* → “Lig van een of meer kerse” (HAT, 1994: 516)
kers + lig → *lig* (kern): selfstandige naamwoord
∴ *kerslig*: selfstandige naamwoord

22. *grasgroen* → “Met die groen kleur van gras” (HAT, 1994: 307)
gras + groen → *groen* (kern): adjektief
∴ *grasgroen*: adjektief

In hierdie voorbeelde is die laaste stam telkens die kern wat bepaal aan watter woordsoort die samestelling as 'n geheel behoort (vergelyk 2.4.1). Semantiese, sowel as sintaktiese inligting wat met die regterkantste stam geassosieer word, word ook geassosieer met die samestelling as 'n geheel.

Volgens De Stadler (1989: 55) word leksikale items op paradigmatische vlak “van mekaar onderskei op grond van kenmerke soos [lewend], [menslik], [manlik], [volwasse]”, ensovoorts. Hierdie is “essensiële kenmerke wat nodig is om een leksikale item van 'n ander te onderskei” (De Stadler, 1989: 55) en staan bekend as “semantiese primitiewe of

onderskeidende kenmerke” (De Stadler, 1989: 23). Vergelyk die bundel onderskeidende kenmerke van die samestelling *straathond* wat ooreenstem met dié van sy kern *hond*:


23.	<i>straathond</i>	→	<i>straat</i>	+	<i>hond</i>
	<u>straathond</u>		<u>hond</u>		
	[+ lewend]		[+ lewend]		
	[+ dierlik]		[+ dierlik]		
	[+ hondagtig]		[+ hondagtig]		

Die grammatikale inligting van die twee lekseme, *straathond* en *hond*, kan soos volg met mekaar vergelyk word:

24.	<u>straathond</u>	<u>hond</u>
	naamwoord	naamwoord
	selfstandige naamwoord	selfstandige naamwoord
	soortnaamwoord (telbaar)	soortnaamwoord (telbaar)
	konkreet	konkreet

Hierdie twee woorde verskil grammatikaal slegs van mekaar ten opsigte van morfologiese bou: *straathond* is 'n **kompleks** en *hond* 'n **simpleks**. Daar is ook slegs 'n geringe semantiese verskil tussen die twee woorde: 'n *straathond* is steeds 'n *hond*, maar die lekseem *straathond* is nader gespesifiseer as juis 'n “(h)ond wat in die strate rondswerf (sonder baas)” (HAT, 1994: 1032), en staan dus semanties teenoor byvoorbeeld *huishond*, “(h)ond ... wat in of om 'n woonhuis gehou word” (WAT, 1972: 442).

Die rol van die kern in 'n endosentriese samestelling kan met behulp van die onderstaande diagrammatiese voorstelling van die hiërargiese en linieêre verhouding tussen die samestelling en sy samestellende dele saamgevat word:



In bostaande boomdiagram is X 'n endosentriese samestelling, Y die bepaler en Z die kernstam. Die konstruksie X neem volgens hierdie diagram outomaties dieselfde grammatikale en semantiese kenmerke, wat deur sy kern Z vertoon word, aan. Dit staan bekend as **kenmerk-filtrasië** oftewel “feature percolation” (Bauer, 1994: 136). In enige endosentriese samestelling met hierdie stamkombinasie, is die kenmerke van al die stamme beskikbaar vir aanneming deur die samestelling as 'n geheel. Soms is die sintaktiese eienskappe van al die stamme identies, en soms verskil dit heeltemal van mekaar. Wanneer die sintaktiese eienskappe van die stamme verskil, word die eienskappe van slegs die laaste stam, met ander woorde, die kern, aangeneem deur die samestelling.

By eksosentriese komposita is dit egter nie altyd so eenvoudig om af te lei wat die samestelling se leksikale kategorie en ander grammatikale eienskappe is nie:

26. *flapuit* → “Iemand wat sommer alles ... uitblaker” (HAT, 1994: 215)
flap + uit → *flap*: werkwoord
uit: voorsetsel

Iemand wat die woord *flapuit* nie ken nie, sou waarskynlik aanneem dat dit 'n werkwoord of 'n deeltjiewerkwoord kan wees. Die sintaktiese eienskappe van hierdie lekseem en sy woordkorrelate kan egter nie volgens endosentriese konstruksies geïnterpreteer word nie. Die betekenis van *flapuit* is ondeursigtig: “Iem. wat sommer alles sê wat in sy gedagte kom” (WAT, 1974: 705). Die woord is ook nie 'n werkwoord nie, maar wel 'n selfstandige naamwoord.

Soos gesien by *flapuit* behoort eksosentriese komposita, anders as endosentriese komposita soos *straathond*, nie noodwendig aan dieselfde woordsoortgroep as een van die stamme se woordkorrelate nie. Ook toon dit nie altyd dieselfde semantiese onderskeidende kenmerke as enige van die samestellende dele nie.

In die onderstaande voorbeelde word die **bundels semantiese onderskeidende kenmerke** van die komposita vergelyk met dié van die onderskeie stamkorrelate:

27. *groenbaadjie* → “Groenbrommer” (WAT, 1957: 422)

<u>groenbaadjie</u>	→	<u>groen</u>	+	<u>baadjie</u>
[+ lewend]		[- lewend]		[- lewend]
[+ insekagtig]		[- insekagtig]		[- insekagtig]
[- kleur]		[+ kleur]		[- kleur]
[- kledingstuk]		[- kledingstuk]		[+ kledingstuk]

28. *hanswors* → “Soort nar ...” (HAT, 1994: 344)

<u>hanswors</u>	→	<u>hans</u> (jong dier) /	<u>Hans</u> (eienaam)	+	<u>wors</u>
[+ lewend]		[+ lewend]	[+ lewend]		[- lewend]
[+ menslik]		[- menslik]	[+ menslik]		[- menslik]
[- dierlik]		[+ dierlik]	[- dierlik]		[- dierlik]
[+ beroep]		[- beroep]	[- beroep]		[- beroep]
[- voedsel]		[- voedsel]	[- voedsel]		[+ voedsel]

Uit hierdie gegewens kan daar afgelei word dat eksosentriese samestellings nie soos endosentriese samestellings 'n kern en bepaler besit nie. Daar is dus nie 'n reël by eksosentriese komposita waaruit logies afgelei kan word wat die hoofkenmerke van die woord as geheel is nie omdat 'n semantiese en sintaktiese kern ontbreek.

Soms toon 'n eksosentriese kompositum wel dieselfde woordsoort as een van sy konstituentkorrelate:

	<u>Adj.:</u>	<u>Adj.</u>	<u>+ S.nw.</u>	→	<u>Betekenis</u>
29.	<i>lekkerlyf:</i>	<i>lekker</i>	+ <i>lyf</i>	→	“aangeklam ... dronk” (GAS, 1995: 184)
30.	<i>skoonveld:</i>	<i>skoon</i>	+ <i>veld</i>	→	“... verlore, vort, weg” (GAS, 1995: 328)

Hier is dit egter nie die **tweede** stam, die moontlike “kern” dus, se kategoriale eienskappe wat aangeneem is deur die kompositum nie. Natuurlik sal die woordsoort van 'n eksosentriese samestelling as 'n geheel ook nie altyd verskil van dié van sy laaste stam nie. Soms behoort al die konstituente, sowel as die samestelling, aan slegs een leksikale kategorie, vergelyk:


S.nw.: S.nw. + S.nw. → Betekenis

31. *spookasem:* *spook* + *asem* → “donserige lekkergoed” (NW, 1988: 428)
 32. *voetangel:* *voet* + *angel* → “Kaktusplant” (HAT, 1994: 1223)

Hierdie soort eksosentriese komposita toon, ten minste struktureel, 'n ooreenkoms met endosentriese komposita, aangesien die samestelling as 'n geheel die grammatikale eienskappe van die laaste stam weerspieël deur aan dieselfde woordsoort te behoort. So 'n ooreenkoms tussen eksosentriese en endosentriese samestellings is egter onbeduidend, aangesien dit nie die reël is dat eksosentriese samestellings aan dieselfde woordsoortgroep behoort as een van die stamme waaruit dit bestaan nie.

Endosentriese en eksosentriese komposita se strukturele verskille kan duideliker met behulp van struktuurdiagramme geïllustreer word::


33. *gomtor* → “... agteraf, onbeskaafde persoon” (HAT, 1994: 298)



Die stukbeelde wat in hierdie afdeling gebruik word, neem 'n ander voorkoms aan as dié in 2.3, met die spesifieke doel om die verskil in semantiese en grammatikale onderskeidende kenmerke tussen die samestelling en sy dele duidelik uiteen te sit. In bostaande stukbeeld kan gesien word hoe die semantiese en grammatikale onderskeidende kenmerke van die eksosentriese kompositum *gomtor*, aansienlik verskil van die onderskeidende kenmerke van beide stamme waaruit dit bestaan, naamlik *gom-* en *-tor*.

Wanneer bostaande voorbeeld vergelyk word met 'n stukbeeld van 'n endosentriese samestelling se onderskeidende kenmerke, is die verskil tussen eksosentriese en endosentriese komposita duidelik waarneembaar:

34. *kniptor* → “Springkewer” (HAT, 1994: 548)



In hierdie stukbeeld korreleer die onderskeidende kenmerke van die samestelling *kniptor*, sonder uitsondering presies met dié van die kernstam *-tor*, en hieruit blyk duidelik hoe klein die semantiese en grammatikale verskil tussen 'n endosentriese samestelling en sy kern somtyds kan wees.

3.6 Sintaktiese kategorieë van eksosentriese samestellings

Die vier grootste woordsoortgroepe onder eksosentriese samestellings in die ondersoekte korpus is selfstandige naamwoorde, adjektiewe, werkwoorde en bywoorde. Daar word vervolgens na die vernaamste kategoriale stamkombinasies binne hierdie vier woordsoortgroepe gekyk.

3.6.1 Selfstandige naamwoorde

By verre die grootste aantal eksosentriese samestellings in die ondersoekte korpus is selfstandige naamwoorde. In die onderstaande voorbeelde word die woordsoortlike kategorieë van die eksosentriese selfstandige naamwoorde se stamkorrelate aangedui:

35. *kerkhof* → [[kerk]_{s.nw.} [hof]_{s.nw.}]_{s.nw.}
“Begraafplaas ...” (HAT, 1994: 514)
36. *booswig* → [[boos]_{adj.} [wig]_{s.nw.}]_{s.nw.}
“skurk” (NW, 1988: 73)
37. *agarm* → [[ag]_{telw.} [arm]_{s.nw.}]_{s.nw.}
“seekat” (NW, 1988: 18)
38. *dreunribbetjie* → [[dreun]_{ww.} [ribbetjie]_{s.nw.}]_{s.nw.}
“Parmantige, weerbarstige persoon” (WAT, 1955: 312)
39. *agteros* → [[agter]_{vs.} [os]_{s.nw.}]_{s.nw.}
“Iemand wat stadig, agter met sy werk is” (HAT, 1994: 34)
40. *jabroer* → [[ja]_{bw.} [broer]_{s.nw.}]_{s.nw.}
“... naperater” (HAT, 1994: 463)
41. *dik-dik* → [[dik]_{adj.} [dik]_{adj.}]_{s.nw.}
“baie klein ... bokkie” (NW, 1988: 103)
42. *doelwit* → [[doel]_{s.nw.} [wit]_{adj.}]_{s.nw.}
“mikpunt” (HAT, 1994: 155)
43. *trapsuutjies* → [[trap]_{ww.} [suutjies]_{adj.}]_{s.nw.}
“verkleurmannelietjie” (HAT, 1994: 1100)
44. *goutrou* → [[gou]_{bw.} [trou]_{ww.}]_{s.nw.}
“... soort mielie ...” (WAT, 1957: 371)

45. *byslaap* → [[by]_{vs.} [slaap]_{ww.}]_{s.nw.}
“bywyf” (NW, 1988: 85)
46. *hou-hou* → [[hou]_{ww.} [hou]_{ww.}]_{s.nw.}
“Spel waarby elke speler die albasters hou wat hy gewin het”
(WAT, 1972: 422)
47. *kopkrap* → [[kop]_{s.nw.} [krap]_{ww.}]_{s.nw.}
“hoofbrekens” (NW, 1988: 268)
48. *vergeetal* → [[vergeet]_{ww.} [al]_{vnw.}]_{s.nw.}
“Iemand wat alles maklik vergeet” (HAT, 1994: 1171)
49. *blaasop* → [[blaas]_{ww.} [op]_{vs.}]_{s.nw.}
“... soort padda” (NW, 1988: 62)
50. *aan-aan* → [[aan]_{vs.} [aan]_{vs.}]_{s.nw.}
“soort kinderspeletjie” (NW, 1988: 1)
51. *eenkanter* → [[een kant]_{NS.} [er]_{substantiveerder}]_{s.nw.}
“Klippies ... (wat) a/d windkant 'n gladgeskuurde faset
ontwikkel” (WAT, 1955: 434)
52. *bekslaner* → [[bek sla(a)n]_{ws.} [er]_{substantiveerder}]_{s.nw.}
“konsertinahek” (uit die spreektaal)
53. *heen-en-weertjies* → [[heen en weer]_{bywoordelike bep.} [tjies]_{substantiveerder}]_{s.nw.}
“Klein onkostas, uitgawes” (WAT, 1972: 126))

3.6.2 Adjektiewe

Die adjektiewiese eksosentriese komposita in die ondersoekte korpus bestaan uit stamme wat tot die volgende kategorieë behoort:

54. *platsak* → [[plat]_{adj.} [sak]_{s.nw.}]_{adj.}
“Sonder geld ...” (HAT, 1994: 803)
55. *druipstert* → [[druip]_{ww.} [stert]_{s.nw.}]_{adj.}
“met verleë houding” (NW, 1988: 115)
56. *hoenderkop* → [[hoender]_{s.nw.} [kop]_{s.nw.}]_{adj.}
“Dronk, besope” (HAT, 1994: 381)

57. *halfgelek* → [[half]_{bw.} [gelek]_{ww.}]_{adj.}
 “ru, ongepoets” (WAT, 1972: 42)
58. *broekskeur* → [[broek]_{s.nw.} [skeur]_{ww.}]_{adj.}
 “moeilik, swaar” (NW, 1988: 79)
59. *stroom-op* → [[stroom]_{s.nw.} [op]_{vs.}]_{adj.}
 “Dwars, teen die algemene, aanvaarde opvatting e.d. in” (HAT, 1994: 1 038)
60. *onderduims* → [[onder duim]_{vg.} [s]_{adjektiveerder}]_{adj.}
 “Agterbaks, skelm” (HAT, 1994: 723)
61. *heldersiende* → [[helder sien]_{ws.} [de]_{adjektiveerder}]_{adj.}
 “begaaf met die vermoë om ... verborgenhede te verklaar”
 (NW, 1988: 193)
62. *platvloers* → [[plat vloer]_{ns.} [s]_{adjektiveerder}]_{adj.}
 “banaal, onverfynd” (NW, 1988: 392)

3.6.3 Werkwoorde

Baie saamgestelde werkwoorde wat eksosentrië van aard is, is deeltjiewerkwoorde. Hierdie soort komposita bestaan elk uit 'n nie-werkwoordelike deeltjie (meestal 'n voorsetsel of adjektief), wat verbind met 'n werkwoordelike stam, byvoorbeeld: *uitwei*, *oprakel*, *saamdrom*, ensovoorts. Eksosentriëse werkwoorde kan wel ook uit ander kombinasies bestaan, vergelyk:

63. *ryloop* → [[ry]_{ww.} [loop]_{ww.}]_{ww.}
 “Van plek tot plek reis deur opgelaaie te word deur verbygaande rytuie” (HAT, 1994: 881)
64. *stokkiesdraai* → [[stokkies]_{s.nw.} [draai]_{ww.}]_{ww.}
 “Skelmpies uit die skool bly” (HAT, 1994: 1 026)
65. *binnewerk* → [[binne]_{vs.} [werk]_{ww.}]_{ww.}
 “Afsluk” (HAT, 1994: 88)
66. *doodgooi* → [[dood]_{adj.} [gooi]_{ww.}]_{ww.}
 “Oorlaai, oorweldig” (HAT, 1994: 160)
67. *watertand* → [[water]_{s.nw.} [tand]_{s.nw.}]_{ww.}
 “So lus kry vir iets dat die mond begin te water” (HAT, 1994: 1265)

68. *aandik* → [[aan]_{vs.} [dik]_{adj.}]_{ww.}
“oordryf” (NW, 1988: 2)
69. *bydam* → [[by]_{vs.} [dam]_{s.nw.}]_{ww.}
“1. aanspreek ... 2. aanval ... aanpak” (NW, 1988: 84)

3.6.4 Bywoorde

Eksosentriese komposita wat 'n suiwer bywoordelike funksie het, en nie ook adjektiewies van aard is nie, is redelik skaars in Afrikaans. Stamkombinasies soos die onderstaande kom voor:

70. *hake-krukke* → [[hake]_{s.nw.} [krukke]_{s.nw.}]_{bw.}
“Moeilik, swaar” (HAT, 1994: 330)
71. *altegaar* → [[alte]_{bw.} [gaar]_{adj.}]_{bw.}
“Almal, alles saam” (HAT, 1994: 40)
72. *een-twee-drie* → [[een]_{telw.} [twee]_{telw.} [drie]_{telw.}]_{bw.}
“In 'n kits” (HAT, 1994: 184)

Die meeste bywoordelike eksosentriese komposita in die ondersoekte korpus kom in vaste uitdrukkings voor.

3.7 Motivering vir die onderskeid tussen eksosentriese en endosentriese samestellings

Die onderskeid tussen eksosentriese en endosentriese samestellings is in baie gevalle arbitrêr en vaag. Wanneer 'n groot hoeveelheid samestellings in fyn besonderhede bestudeer word, is die verskille tussen hierdie twee soorte komposita egter baie opvallend. Die volgende argumente ter staving van die nut van 'n formele onderskeid tussen eksosentriese en endosentriese komposita kan aangevoer word:

3.7.1 Die opvallende verskille tussen eksosentriese en endosentriese komposita

In die eerste plek is eksosentriese samestellings semanties ondeursigtig, aangesien die soort samestellings, soos reeds gesien, sake benoem wat nie gedenoteer word deur enige van die

stamkorrelate van die komposita nie. Daarenteen is endosentriese komposita semanties deursigtig, omdat dit sake benoem wat wel gedenoteer word deur die samestellende dele, met die laaste konstituent of stam as kern, en die ander stam(me) as bepaler(s).

Die kernstam van 'n endosentriese samestelling weerspieël die semantiese en grammatikale kenmerke van die kompositum as 'n geheel en kan as die superordinaat voorgestel word met die gelede woord as hiponiem daarvan. By eksosentriese samestellings ontbreek soortgelyke kernstamme, sodat die geheelsamestelling nie 'n hiponiem is van enige van sy stamme nie.

3.7.2 Toetse vir die determinering van eksosentriese komposita as bewys van die fundamentele verskille tussen die twee soorte komposita

'n Aantal toetse met behulp waarvan die taalkundige met redelike sekerheid kan determineer of 'n betrokke samestelling aan die eksosentriese kategorie behoort al dan nie, kan vasgestel word. Hierdie toetse is belangrik, nie net om 'n sekere kompositum in een van die twee klasse, eksosentriese of endosentriese, in te deel nie, maar ook om duideliker te wys op die verskille tussen hierdie twee klasse. Die onderstaande determineringstoetse kan voorgestel word:

Toets 1

Is die betekenis van die samestelling afleibaar uit die betekenis van die komponente waaruit dit bestaan? As die antwoord hierop “nee” is, is die moontlikheid sterk dat die woord 'n eksosentriese kompositum is, en nie 'n endosentriese kompositum nie, vergelyk:

73. *slaphakskeentjies* → “Gekookte klein uitjies bedek met eiersous, warm of koud bedien” (HAT, 1994: 953)

By hierdie voorbeeld sou die volgende betekenis maklik van die woord afgelei kon word: “hakske wat slap, swak is”, 'n benaming vir “iemand met slap hakske”, of selfs “lafaard, papbroek, semelbroek”. Deur slegs te kyk na die betekenis van die samestellende komponente *slap-* en *-hakskeentjies*, kan die gebruikelike betekenis van die woord op geen wyse afgelei word nie. Die woord *slaphakskeentjies* is dus 'n prototipiese eksosentriese kompositum. Sekere eksosentriese komposita in die ondersoekte korpus is makliker afleibaar uit die

konsstituente, en sekere endosentriese komposita is weer taamlik ondeursigtig, sodat hierdie toets alleen nie sekerheid kan gee ten opsigte van die kategorie van 'n sekere samestelling nie.

Toets 2

Wanneer albei stamme van 'n Afrikaanse **eksosentriese samestelling** in 'n ander taal vertaal word, sal die resultaat gewoonlik nie dieselfde betekenis dra as in Afrikaans nie, en soms sal die vertaalde woord glad nie sin maak in die ander taal nie:

74. *hardekwas* → “eiewys, koppig” (NW, 1988: 187);
- Met beide stamme direk in Engels vertaal, is die resultaat * *hardbrush*, wat in Engels nie die betekenis van “astrant” dra nie, maar wel letterlik kan beteken “kwas wat hard is”.

Hierteenoor behou 'n Afrikaanse **endosentriese samestelling** sy betekenis tot 'n groot mate wanneer dit in 'n ander taal vertaal word:

75. *kampvuur* → “Vuur in 'n kamp waar persone ... kampeer” (HAT, 1994: 487);
- Met beide stamme direk in Engels vertaal, is die resultaat *camp-fire* wat 'n bestaande Engelse woord is, met dieselfde betekenis as *kampvuur*.

As die dele van 'n bepaalde samestelling dus direk in 'n ander taal vertaal word, en die betekenis daarvan verskil heeltemal van die oorspronklike woord se betekenis, of die betekenis maak nie sin nie, is dit waarskynlik dat die samestelling 'n eksosentriese kompositum is.

Toets 3

Die stamme van **endosentriese komposita** kan gewoonlik ook apart gebruik word in 'n sin, met volle behoud van die samestelling se betekenis. Vergelyk die onderstaande voorbeeld:

76. *dameskoen* → “skoene wat deur dames gedra word” (uit die spreektaal)

Skeibaar:

- Die *dameskoen* het hoë hakke.
- Die *dame se skoene* het hoë hakke.
- Die *skoene* van die *dame* het hoë hakke.

Hierteenoor kan die stamme van **eksosentriese komposita** nie geskei word sonder dat die betekenis van die frase heeltemal verander of die frase ongrammatikaal word nie:

77. *bobbejaanskoen* → “Benaming vir veldplante ...” (WAT, 1950: 457)

Onskeibaar:

- *Bobbejaanskoene* dra groenerige blomme.
- * Die *bobbejaan se skoene* dra groenerige blomme.
- * Die *skoene* van die *bobbejaan* dra groenerige blomme.

Komposita waarvan die stamme “onskeibaar” is, is dus gewoonlik eksosentriese samestellings, (vergelyk ook 3.2 voorbeeld 13, *gomtrommel*). Samestellings waarvan die stamme wel apart gebruik kan word in 'n sin of frase, is gewoonlik endosentriese komposita (met die uitsondering van eksosentriese deeltjiewerkwoorde wat ook skeibaar kan wees soos endosentriese komposita).

3.7.3 Gevolgtrekking oor determineringstoetse

Dit blyk uit bostaande toetse dat daar 'n inherente verskil tussen eksosentriese en endosentriese komposita bestaan wat nie geïgnoreer kan word nie, aangesien grammatikale sowel as semantiese bewyse vir hierdie onderskeid voorkom. Die twee soorte samestellings kan dus nie eenvoudig saam as 'n groep samestellings geklassifiseer word nie, maar moet beskou word as twee afsonderlike groepe woorde in die taal, wat wel aan mekaar verwant is. Daarom kan daar nou ook tot die gevolgtrekking gekom word dat die onderskeid tussen eksosentriese en endosentriese samestellings wel nodig is in die taalkunde.

Op grond van die groot verskille tussen die twee soorte komposita, sou dit moeilik wees om eksosentriese samestellings bloot te klassifiseer as “ondeursigtige endosentriese samestellings”, aangesien daar **strukturele** eienskappe van eksosentriese en endosentriese samestellings is wat van mekaar verskil. Net so kan eksosentriese komposita nie net as 'n spesifieke groep endosentriese komposita met 'n strukturele afwyking geklassifiseer word nie, aangesien daar ook belangrike **semantiese** verskille tussen die twee groepe is. Daar word verder op hierdie aspek ingegaan in hoofstuk 4.

Die vraag ontstaan nou of die indeling van eksosentriese samestellings as 'n subgroep van **gelede komposita** werklik nodig is. Sou dit nie meer akkuraat wees om die komposita wat in die voorafgaande bladsye as eksosentriese samestellings geklassifiseer is, eerder as ongelede lekseme te beskou nie?

3.7.4 Eksosentriese komposita as gelede of ongelede woorde

Soos reeds gesien, is daar definitiewe verskille tussen endosentriese en eksosentriese samestellings, asook tussen gelede en ongelede woorde. Eksosentriese komposita toon kenmerke van beide gelede en ongelede woorde: alhoewel eksosentriese samestellings uit verskillende stamme bestaan, en daarom geklassifiseer word as gelede woorde, kan die geheelbetekenis van hierdie gelede woorde nie slegs uit die betekenis van die stamkorrelate afgelei word nie. Die volgende vraag ontstaan nou: sou dit nie sinvol wees om die klas sogenaamde “eksosentriese komposita” as **struktureel geleed**, maar **semanties ongeleed**, te beskou nie?

Vergelyk die onderstaande eksosentriese komposita:

78. *beeshaas* → **struktureel geleed**: *bees* + *haas*
semanties ongeleed: “... (bees)filet” (HAT, 1994: 67)
79. *spinnekop* → **struktureel geleed**: *spin(ne)* + *kop*
semanties ongeleed: “Gelede dier van die klas *Arachnida*, met agt pote ...” (HAT, 1994: 157)

Hierdie komposita kan “as struktureel geleed maar semanties as ongelede woorde” (Unisa, 1992: 106) ontleed word. Wanneer eksosentriese samestellings op hierdie wyse geanaliseer word, word die twee belangrikste kenmerke daarvan duidelik aangedui, naamlik: **strukturele geleedheid**, wat 'n ooreenkoms toon met endosentriese komposita, asook **semantiese ongeleedheid**, wat 'n ooreenkoms toon met ongelede / simplekse terme.

Andersins kan sekere eksosentriese samestellings ook beskou word as **diachronies geleed**, maar **sinchronies ongeleed**. Vergelyk die volgende voorbeeld:

80. *harspan* → “skedel, harsingpan, kop” (NW, 1988: 188);
- “... uit *harsingpan* (WAT); dial. Ndl. *harsenpan* ...” (AE, 1967: 278)

Die term *harsingpan* kan sonder twyfel geklassifiseer word as 'n samestelling. Selfs al is die woord nie semanties heeltemal deursigtig nie, is die geheelbetekenis van die samestelling gekoppel aan die betekenis van die twee stamme, sodat die betekenis van die twee stamme duidelik herkenbaar is in die samestelling. Die term wat vandag gebruik word, naamlik *harspan*, is egter nog minder deursigtig, aangesien die herkenbare stam, *harsing-*, gereduseer is tot die stam *hars-*. Die woord *hars* dra in Afrikaans die betekenis van “klewerige, geelbruin, deurskynende stof wat deur sekere plante afgeskei word”, en hierdie betekenis word glad nie in die samestelling uitgedruk nie. Terwyl die woord oorspronklik wel duidelik 'n samestelling was van die twee begrippe *harsing* en *pan*, is dit nie 'n uitgemaakte saak dat die huidige term *harspan* noodwendig ook as 'n kompleks beskou kan word nie. Die woord kan dus op diachroniese vlak as geleed, maar op sinchroniese vlak as ongeleed beskou word.

Dieselfde argument kan aangevoer word met betrekking tot heelwat ander eksosentriese samestellings, soos die onderstaande:

81. *koeksister* → “(gedraaide) soort koekie in vet gekook en in stroop gedoop” (NW, 1988: 259);
 - Eerste lid is *koek-*, tweede “kan *sisser* wees (iets wat in kokende olie *sis*) of *suster* (in Nederland word koekies i. d. vorm v. poppe gebak wat ondersk. *koekbroers* en *koekzusters* ... genoem word” (AE, 1967: 359)

82. *bankrot* → “insolvent” (NW, 1988: 39);
 - Uit “Ndl. *bankroet* ... uit Fr. *banqueroute* uit It. *banca rotta*, ‘gebreekte bank’ ” (AE, 1967: 153)

Wanneer groot groepe eksosentriese komposita in die ondersoekte korpus met mekaar vergelyk word, kan daar sekere riglyne vasgestel word vir die klassifikasie daarvan as gelede lekseme al dan nie. Hierdie riglyne is nie-rigied, en is slegs 'n aanduiding van die moontlikhede om sekere eksosentriese komposita wat spesifieke eienskappe toon, eerder as ongelede lekseme te klassifiseer, terwyl ander glad nie as ongeleed beskou kan word nie. Die vernaamste kenmerk wat alle eksosentriese samestellings met mekaar in gemeen het, is dat hul semanties ondeursigtig is, dit wil sê, dat hul as **semanties ongelede lekseme** beskou kan word. Op grond

van die strukturele aard van so 'n eksosentriese lekseem, kan daar vervolgens bepaal word of die lekseem ook as **struktureel ongeleed** geklassifiseer moet word.

3.7.4.1 Skeibaarheid as faktor by strukturele geledheid

Samestellings wat geskei kan word sodat die stamme apart in 'n sin kan staan en essensieel steeds dieselfde ondeursigtige betekenis dra, kan geklassifiseer word as idiomatiese **samestellings**, dit wil sê, eerder **gelede** as **ongelede lekseme**. Ter illustrasie:

83. *dopsteker* → “Persoon wat gereeld sterk drank gebruik” (HAT, 1994: 162)
steek 'n dop → “Om 'n ... sopie te drink” (AIVU, 1994: 62, s.v. “dop”)
84. *doodsvallei* → “Gebied van die dood” (HAT, 1994: 161)
vallei van die dood → “gebied van die dood”

Eksosentriese samestellings wat glad nie geskei kan word sonder dat dit die ondeursigtige betekenis inboet nie, behoort egter eerder as **ongelede lekseme** beskou te word:

85. *uilspieël* → “Iemand wat verspote dinge doen” (HAT, 1994: 1115);
uil se spieël → ?
86. *koesnaatjie* → “... vetplantjie” (HAT, 1994: 554);
koes se naatjie → ?

3.7.4.2 Woordkorrelate as faktor by strukturele geledheid

Lekseme waarvan een of albei stamme nie meer 'n selfstandige woordkorrelaat in hedendaagse Afrikaans toon nie, kan eerder as **ongelede terme** beskou word:

87. *eekhoring* → “Knaagdiertjie ... met lang waaierstert” (HAT, 1994: 182);
- Die Ndl., *eekhoorn*, het ook nie 'n woordkorrelaat vir die stam *EEK-* nie; in Duits, *das Eichhorn*, het die stam *EICH-* 'n woordkorrelaat, *die Eiche* wat beteken “akkerboom, eik” (Trümpelmann & Erbe, 1983: 460), wat verband hou met die betekenis van *eekhoring*.

88. *aambei* → “Blourooi knobbel aan die menslike fondament wat brand en jeuk” (HAT, 1994: 2);
- Ndl. *aambei*, *aam-* “òf uit *ang*, ‘puisie, sweer’, òf uit *eng* ‘benoud, nou’, en 2e lid *-bei* ... uit Fr. *baie* uit Lat. *baia*, ‘bessie’ ” (AE, 1967: 118)

Dit skyn meer akkuraat te wees om woorde soos *eekhoring* en *aambei* eenvoudig as ongelede woorde, semanties sowel as struktureel, te beskou. Maar in beide bostaande gevalle kan die volgende argumente aangevoer word ter staving van 'n klassifikasie van selfs hierdie woorde as **struktureel gelede lekseme**: Die woord *eekhoring* se laaste stam *-horing*, het 'n algemeen-bekende woordkorrelaat in die taal, al vertoon die eerste stam, *eek-*, nie 'n woordkorrelaat nie. Die woord *aambei* se eerste stam het dieselfde vorm as die verouderde woord *aam*, “vat v. bep. maat; vogmaat” (AE, 1967: 118). En alhoewel die selfstandige woord *bei*, “Turkse eretitel” (HAT, 1994: 69), nie as die tweede stam *-bei*, se woorkorrelaat gekies kan word nie, moet daar in gedagte gehou word dat die onselfstandige stam *-bei*, met dieselfde betekenis van “bessie” (AE, 1967: 158), ook in die Afrikaanse woorde *aarbei* en *moerbeie* voorkom.

Hieruit blyk weereens dat die klassifikasie van lekseme in sekere kategorieë soos “samestelling”, “ongelede woord”, ensovoorts, nie altyd maklik is nie, siende dat die kategorieë nie vaste, rigiede grense het, waarvolgens die woorde ingedeel kan word nie.

3.8 Eksosentriese samestellings binne 'n prototipiese model

Eksosentriese samestellings lê op die grens tussen samestellings en ongelede woorde, met kenmerke van albei groepe wat geïntegreer word in een soort woord. Endosentriese komposita vertoon net die eienskappe van die samestellingskategorie. Die kategorie samestellings kan geklassifiseer word as 'n **prototipiese kategorie** met “tipiese sentrale” lede (Unisa, 1995: 41), sowel as perifirale lede wat op bepaalde maniere van die kernlede afwyk. Binne die prototipiese model behoort endosentriese komposita dus tot die kern van die samestellingskategorie, en kan daarom as **prototipiese samestellings** beskou word. Hierteenoor is prototipiese eksosentriese komposita semanties ondeursigtig, en lê hul dus aan die **rand** van die samestellingskategorie as perifirale lede.

Die grense van die samestellingskategorie, eksosentriese sowel as endosentriese, asook die grense van die kategorie van ongelede terme, is veranderlik en nie-rigied. Daarom is dit soms moeilik om 'n sekere term sonder enige twyfel in slegs een van die kategorieë in te deel, aangesien baie terme eienskappe van twee of selfs al drie die kategorieë vertoon. Binne hierdie verhandeling duik daar dikwels voorbeeldlekseme op wat as eksosentriese samestellings bespreek word, alhoewel sommige ander individue dit moontlik as ongelede lekseme of as endosentriese samestellings sou klassifiseer (vergelyk ook 3.7.4 hierbo).

Die groep eksosentriese komposita kan ook binne die prototipiese model bespreek word as 'n kategorie bestaande uit **kernelemente** of prototipiese samestellings wat al die kenmerke eie aan eksosentriese komposita toon, sowel as perifere lede wat net sowel as ongelede woorde of ander soorte komposita geklassifiseer sou kon word.

3.9 Samevatting

In hierdie hoofstuk is slegs die vernaamste morfologiese en sintaktiese eienskappe van eksosentriese komposita bespreek. Daar is gekyk na die lae produktiwiteit van eksosentriese samestelling as woordbouproses, in vergelyking met die veel hoër produktiwiteit van endosentriese samestelling in Afrikaans. Die strukturele eienskappe van eksosentriese en endosentriese komposita is met mekaar vergelyk, en daar is vasgestel dat die semantiese en grammatikale stamkern van endosentriese komposita ontbreek by eksosentriese komposita.

Die kategoriale struktuur van die vier belangrikste woordsoortgroepe van eksosentriese samestellings is gelyk, met die doel om te wys op die verskillende sintaktiese kategorieë wat hierdie soort komplekse kan aanneem, asook die wye verskeidenheid stamme waaruit dit kan bestaan. In hierdie opsig toon eksosentriese samestellings dieselfde ryke verskeidenheid as die endosentriese samestellings van Afrikaans. Ten slotte is die motivering vir die onderskeid tussen eksosentriese en endosentriese samestellings bespreek, asook die feit dat daar onsekerheid bestaan of sekere lekseme as gelede of ongelede lekseme beskou moet word.

Die oplossing van die vraag tot watter groep 'n sekere samestelling behoort, lê eerstens daarin dat eksosentriese samestellings as struktureel geleed, maar semanties ongeleed beskryf moet

kan word. Tweedens moet die kategorie eksosentriese samestellings beskou word as 'n prototipiese kategorie, met prototipiese kernelemente, sowel as randelemente wat op die rand lê van ander kategorieë soos endosentriese samestellings en ongelede woorde. In die volgende hoofstuk word daar meer aandag gegee aan die semantiese eienskappe van eksosentriese samestellings, en tot watter mate dit verskil van die semantiese aard van endosentriese samestellings.

HOOFSTUK 4

SEMANTIESE EIENSKAPPE VAN EKSOSENTRIESE KOMPOSITA

4.1 Inleiding

Die grootste verskil tussen ekso- en endosentriese komposita is semanties van aard. In hierdie hoofstuk word gefokus op die semantiese ondeursigtigheid van eksosentriese samestellings, in teenstelling met endosentriese samestellings wat semanties deursigtig is. Die semantiese verskil word ook bespreek aan die hand van die afwesigheid van 'n hiponimie-relasie by eksosentriese komposita. Semantiese deursigtigheid by eksosentriese samestellings word gegradeer vanaf redelik deursigtig tot heeltemal ondeursigtig. Verder is daar ook heelwat komposita met 'n deursigtige (letterlike) betekenis, sowel as 'n ondeursigtige (figuurlike) betekenis. 'n Interessante verskynsel by sekere eksosentriese komposita, is die misleidende betekenis wat daar aan hierdie woorde gekoppel kan word wanneer 'n taalgebruiker net na die betekenis van die samestellende stamme kyk, en nie die faktor van semantiese ondeursigtigheid, soos hieronder uiteengesit, in aanmerking neem nie.

4.2 Semantiese ondeursigtigheid van eksosentriese samestellings

Die betekenis van 'n eksosentriese samestelling as 'n geheel kan nie herlei word na die betekenis van sy afsonderlike stamme nie. Anders gestel, die geheelbetekenis van 'n eksosentriese samestelling is, net soos 'n idioom, nie slegs 'n soort “amalgamation of the meanings of the parts of that structure” (Chafe, 1968: 111) nie. Vergelyk die onderstaande lekseme waar die betekenis van die stamme nie enige leidraad verskaf tot die betekenis van die samestelling nie:

1. *paddakombers* → “Drade van alge wat die oppervlak van staande water bedek” (HAT, 1994: 777)

Verkeerde afgeleide betekenis:

- padda + kombers* → * “die *kombers* van 'n *padda*”

- | | | | |
|----|---------------------|---|--|
| 2. | <i>bloubloed</i> | → | “aristokrasie; aristokraat, hooggebore persoon” (uit die spreektaal) |
| | <i>blou + bloed</i> | → | * “ <i>bloed</i> wat <i>blou</i> is” |
| 3. | <i>pikbroek</i> | → | “Matroos, seeman” (HAT, 1994: 797) |
| | <i>pik + broek</i> | → | * “n <i>broek</i> wat vol <i>pik</i> is” |
| 4. | <i>fynlaken</i> | → | “Aangenaam, voorspoedig” (HAT, 1994: 228) |
| | <i>fyn + laken</i> | → | * “n <i>fyn</i> (dun / smaakvolle) <i>laken</i> ” |

Hierdie soort woorde se semantiese struktuur kan dus nie afgelei word van die morfologiese struktuur daarvan en die semantiese struktuur van die samestellende dele nie. Die kern-bepaler-verhouding wat dit makliker maak om die geheelbetekenis van endosentriese komposita af te lei is afwesig as relasie tussen 'n eksosentriese kompositum se konstituente (vergelyk 2.4.1 en 3.5 hierbo waar die kern-bepaler-verhouding van endosentriese komposita en die afwesigheid daarvan in eksosentriese komposita in meer besonderhede bespreek is).

'n Lekseem se leksikale betekenis word gedefinieer as 'n som van die leksikale betrekkings, soos **sinonimie**, **hiponimie** en die **deel-geheel-betrekking** wat dit met ander lekseme in die leksikon van die taal hou. 'n Belangrike onderskeid ten opsigte van die semantiese aard van eksosentriese komposita teenoor endosentriese komposita, is die bestaan, al dan nie, van die leksikale betrekking van **hiponimie** tussen die komposita en die samestellende dele daarvan. Hierdie aspek word vervolgens bespreek.

4.2.1 Die hiponimie-relasie by endosentriese komposita

'n Endosentriese samestelling benoem 'n **hiponiem** of **subklas** van sy kernelement. Dit beteken dat die betekenis van die kern noodwendig ingesluit is in die betekenis van endosentriese komposita wat met behulp van die kernstam gevorm kan word (vergelyk ook 2.4.1 en 3.7.1). Die onderstaande voorbeelde illustreer die relasie van hiponimie by endosentriese komposita:

5. *klerekas* → “Kas om klere in te pak en/of op te hang” (HAT, 1994: 535);
d.w.s. *klerekas* benoem 'n subklas / hiponiem van *kas*
6. *somerhoed* → “Ligte hoed wat in die somer gedra word” (HAT, 1994: 974);
d.w.s. *somerhoed* benoem 'n subklas / hiponiem van *hoed*

Die hiponimie-relasie van **betekenisinsluiting** tussen endosentriese samestellings en die kern-konstituente daarvan kan ook tot op verdere vlakke gevoer word, byvoorbeeld:

7. *swartaasvoël* → *aasvoël* → *voël*
8. *prinsesstyl-satynaandrok* → *satynaandrok* → *aandrok* → *rok*

In voorbeeld 7 is *swartaasvoël* 'n hiponiem van *aasvoël* wat op sy beurt 'n hiponiem van *voël* is. Net so is *prinsesstyl-satynaandrok* 'n hiponiem van *satynaandrok*, wat 'n hiponiem van *aandrok* is, wat weer 'n hiponiem van *rok* is. Hiponimie is 'n **oorganklike** relasie, sodat die lekseme *swartaasvoël* en *prinsesstyl-satynaandrok* ook hiponieme van die kernstamme *-voël* en *-rok* se woordkorrelate is, sonder dat die middelstamme eers in berekening gebring hoef te word. Diagrammaties kan die relasie tussen endosentriese komposita en die kernstamme daarvan as volg voorgestel word:

9.

<i>kamer</i> (kernstam: superordinaat)
<i>badkamer</i> (endosentriese samestelling: hiponiem)
<i>gastebadkamer</i> (endosentriese samestelling: hiponiem)

In hierdie voorbeeld is die endosentriese kompositum *gastebadkamer* 'n hiponiem van *badkamer*, wat weer 'n hiponiem van *kamer* as superordinaat is.

4.2.2 Die afwesigheid van 'n hiponimie-relasie by eksosentriese komposita

In kontras met endosentriese komposita is daar by eksosentriese komposita geen hiponimiese betrekking tussen die samestelling as 'n geheel en enigeen van sy stamme nie. Vergelyk die onderstaande eksosentriese komplekse:

10. *dronklap* → “iem. wat aan sterk drank verslaaf is” (WAT, 1955: 336)
Dus: *dronklap* benoem nie 'n hiponiem van *lap* nie
11. *oupapyp* → “soort orgidee” (NW, 1988: 376);
Dus: *oupapyp* benoem nie 'n hiponiem van *pyp* nie.
12. *gouereën* → “struik ... met geel blomtrosse” (HAT, 1994: 302);
Dus: *gouereën* benoem nie 'n hiponiem van *reën* nie.
13. *eierdans* → “Behendige redenering om uit 'n netelige situasie te ontsnap”
(HAT, 1994: 188)
Dus: *eierdans* benoem nie 'n hiponiem van *dans* nie.

Hierdie eksosentriese komposita toon geen hiponimie-relasie met die onderskeie kernstamme nie, wel met ander lekseme soos *voël*, *uitgroeisel*, *struik* en *orgidee* / *blom*. 'n Vergelyking tussen bostaande eksosentriese samestellings en endosentriese samestellings wat dieselfde laaste stamme vertoon, dui die verskil in leksikale betrekkings tussen die twee groepe komposita duidelik aan:

14. *stoflap* → “Lap om mee af te stof” (HAT, 1994: 1025);
Dus: *stoflap* is 'n hiponiem van *lap*, nes *waslap* en *skroplap*.
15. *daggapyp* → “soort pyp waarmee dagga gerook word” (WAT, 1955: 14);
Dus: *daggapyp* is 'n hiponiem van *pyp*, nes *kromsteelpyp*.
16. *misreën* → “reën in mistige weer”; (NW, 1988: 324)
Dus: *misreën* is 'n hiponiem van *reën*, nes *stortreën*.
17. *klopdans* → “Dans waarby met die voete ritmies op die vloer geklop word”
(HAT, 1994: 543)
Dus: *klopdans* is 'n hiponiem van *dans*, nes *volksdans*.

Die hiponimie-verhouding tussen eksosentriese en endosentriese samestellings met 'n gedeelde eindstam, kan diagrammaties op 'n meer illustratiewe wyse met mekaar vergelyk word. In die volgende voorbeeld word die verskillende lekseme met elkeen se betekenis aangegee:

18. **Eksosentriese samestelling met *-botter*:**

heksebotter → “Donkerbruin of swart, jellieagtige swam” (WAT, 1972: 149)

19. **Endosentriese samestellings met *-botter*:**

grondboontjebotter → “Fyngemaalde gaar grondboontjies vermeng met olie en smaakmiddels, wat as broodsmearsel gebruik word” (HAT, 1994: 315)


eierbotter → “Fyngemaakte, hardgekookte eiers, gemeng met sagte botter” (WAT, 1955: 471)

kaasbotter → “Botter gemeng met gerasperde kaas” (WAT, 1969: 110)

kunsbotter → “margarine” (WAT, 1950: 506, s.v. ‘botter’)

Hierdie komposita met *-botter* kan almal as endosentriese komposita en hiponieme van *botter* beskou word al is daar 'n verskil tussen tradisionele (plaas)botter wat van melk gemaak word en margarine wat 'n plantaardige basis het. In die volksmond dra *botter* vandag ook die betekenis van “margarine”. Die komposita *grondboontjebotter*, *eierbotter*, *kaasbotter* en *kunsbotter* deel die kenmerk [smeermiddel] met *botter*, wat *heksebotter* duidelik nie doen nie. Vergelyk die volgende diagram van die hiponimie-relasie wat bestaan tussen die komposita en *botter*:

20. **Diagrammatiese voorstelling:**



In hierdie voorbeeld is die endosentriese samestellings *grondboontjebotter*, *kaasbotter*, *eierbotter* en *kunsbotter* almal op dieselfde wyse, op dieselfde vlak, hiponieme van 'n gemeenskaplike superordinaat *botter* met die onderskeidingskenmerk [smeermiddel]. Die

lekseem *heksebotter* is egter 'n eksosentriese samestelling met 'n ondeursigtige betekenis, wat op geen wyse en op geen moontlike vlak 'n hiponiem van *botter* as superordinaat kan wees nie. Vergelyk ook die onderstaande soortgelyke voorbeeld:

21. **Eksosentriese samestelling met *-blaar*:**

grafblaar → “Grys haar” (WAT, 1957: 382)


22. **Endosentriese samestelling met *-blaar*:**

blomblaar → “Enigeen van die blare van 'n blomkroon” (HAT, 1994: 94)

herfsblaar → “Blaar, veral van 'n bladwisselende plant, soos dit i/d herfs daar uitsien” (WAT, 1972: 202)

kroonblaar → “Gekleurde blaar van 'n blom” (HAT, 1994: 586)

23. **Diagrammatiese voorstelling:**



Die endosentriese komposita *blomblaar*, *herfsblaar* en *kroonblaar* kan geklassifiseer word as hiponieme van die superordinaat *blaar* wat as eindstam in die woorde optree. Hierteenoor is die lekseem *grafblaar* semanties ondeursigtig, en kan dit nie as 'n hiponiem van *blaar* beskou word nie, ten spyte van die ooreenstemmende eindstam *-blaar*. Vergelyk ook die bespreking van komposita met metaforiese beginlede en deursigtige eindlede in 6.2.1.1. Die afwesigheid van 'n hiponimie-relasie tussen 'n prototipiese eksosentriese kompositum as 'n geheel, en die samestelling se eindstam, is een van die belangrikste kenmerke wat dit onderskei van endosentriese en neweskikkende samestellings ten opsigte van semantiese deursigtigheid.

4.3 *Gradeerbaarheid van semantiese ondeursigtigheid by samestellings*

Daar is reeds gewys op die semantiese ondeursigtigheid van eksosentriese samestellings, op grond van die volgende kenmerke van hierdie soort komposita:

- 'n Hiponimie-relasie tussen die samestelling en die stamme waaruit dit bestaan is heeltemal afwesig.
- 'n Semantiese of grammatikale kernstam, waaruit die kenmerke van die samestelling makliker afgelei sou kon word, is ook afwesig.
- 'n Groot hoeveelheid eksosentriese komplekse beskik oor geen bepalerstam wat die samestelling nader beskryf of denoteer nie.
- Geen stam van 'n eksosentriese samestelling kan noodwendig op sigwaarde hanteer of beskou word nie, aangesien die betekenis van hierdie stamme selde bydra tot die betekenis van die samestelling as 'n geheel.

In vergelyking met endosentriese komposita is alle eksosentriese komposita dus **semanties ondeursigtig**. Taalgebruikers is egter nie konstant besig om opnuut die betekenis van samestellings uit die samestellende dele af te lei nie, aangesien die betekenis van hierdie ondeursigtige woorde per konvensie vasgelê is. Tog is dit belangrik vir die doel van hierdie studie om wel te let op die wyses waarop ondeursigtige samestellings geïnterpreteer kan word (byvoorbeeld deur vreemdetaalsprekers van Afrikaans) op grond van die betekenis wat in hul stamme vasgelê is. Die semantiese deursigtigheid by endosentriese komposita, asook die semantiese ondeursigtigheid ten opsigte van die wyse waarop eksosentriese komposita, geïnterpreteer kan word, is **gradeerbaar** in verskillende samestellings. Die volgende grade van semantiese deursigtigheid kom voor met betrekking tot eksosentriese komposita:

4.3.1 Deursigtige eksosentriese komposita

In Afrikaans kom 'n groep komplekse voor wat as semanties deursigtig beskou kan word, ten spyte van die feit dat die woorde wel geklassifiseer word as eksosentriese samestellings:

- | | | | |
|-----|-----------------|---|--|
| 24. | <i>vaalhaar</i> | → | “Iemand, veral 'n nooi, met vaal hare” (HAT, 1994: 1142) |
| 25. | <i>domkop</i> | → | “dom persoon” (NW, 1988: 108) |
| 26. | <i>langbeen</i> | → | “Persoon of ding met lang bene” (HAT, 1994: 605) |
| 27. | <i>bruinoog</i> | → | “Persoon met bruin oë” (WAT, 1950: 543) |

Die betekenis van hierdie soort woorde is heeltemal deursigtig, aangesien dit 'n spesifieke eienskap van 'n spesifieke entiteit of persoon benoem. Die woorde is voorbeelde van

metonimia oftewel woorde waar daar 'n duidelike “verband tussen *dinge*” waargeneem kan word (De Villiers, 1976: 17) (vergelyk ook die gedeeltes oor metonimie in 5.5 en 6.4). Bostaande voorbeelde word **possiewe samestellings** genoem aangesien dit die besit van 'n sekere eienskap aandui. 'n Ander benaming vir hierdie lekseme is **bahuvrihi-samestellings** (sien ook 6.4). Hierdie soort woorde kan ook beskou word as reduksievorme, waar die gereduseerde stam-element sou aandui dat dit byvoorbeeld 'n **persoon** is waarop die woord betrekking het, en nie net die sekere uitstaande **kenmerk** soos in die eksosentriese samestelling gespesifiseer nie (vergelyk 5.3). Bostaande eksosentriese samestellings kan maklik weer uitgebrei word tot endosentriese samestellings soos *vaalhaarnooi, domkopkind, langbeenseun, bruinoogman*, ensovoorts.

Daar kan ook gesê word dat 'n “**deel-geheel-verhouding**” (De Stadler, 1989: 100) bestaan tussen bostaande komposita en die ongereduseerde endosentriese komposita: die **deel** *langbeen* verwys dus na die **geheel** *langbeenseun*, oftewel *been* verwys na *seun*. Hierdie relasie kom wydverspreid voor in die ondersoekte korpus eksosentriese komposita (vergelyk 5.3 wat handel oor gereduseerde eksosentriese komposita).

Ten spyte van die feit dat hierdie soort woorde baie deursigtig is in vergelyking met sekere ander eksosentriese samestellings, word bahuvrihi-samestellings tog geklassifiseer as eksosentriese komposita, aangesien 'n taalgebruiker nie slegs uit die samestellende dele van 'n woord soos *bruinoog* kan aflei dat daar verwys word na 'n persoon, en nie net na “'n oog wat bruin van kleur is” nie.

Dit is nie net bahuvrihi-samestellings wat as deursigtige eksosentriese komposita beskou kan word nie. Vergelyk ook die onderstaande samestellings:

28. *dieretuin* → “openbare plek waar wilde *diere* (in hokke) gehou word”
(NW, 1988: 103, my beklemtoning);

Alhoewel *tuin* in hierdie samestelling 'n effense betekeniswysiging ondergaan om “oord / plek” te beteken, is dit maklik om die geheelbetekenis af te lei.

29. *handskoen* → “Bedekking van leer, wol, rubber, ens., vir die hand” (HAT, 1994: 342);

Die definisie van *schoen* is “(v)oetbekleding van leer, seil, rubber, ens.” (HAT, 1994: 937, my beklemtoning). Aangesien 'n *handschoen* nie 'n “voetbekleding” is soos geïmpliseer in die eindstam *-schoen* nie, is die samestelling nie werklik 'n endosentriese samestelling nie. Tog is dit baie maklik om die betekenis van die samestelling af te lei, en te aanvaar dat die stam *-schoen* in hierdie samestelling betekenisuitbreiding ondergaan het om bloot “bedekking” te beteken.

30. *bemoelial* → “Iem. wat hom met almal en alles *bemoei*” (WAT, 1950: 370, my beklemtoning);

Ook hierdie lekseem se betekenis is maklik afleibaar wanneer die kompositum gesien word as 'n gereduseerde produk van die frase “iemand wat hom *bemoei* met *alles*”.

31. *droomland* → “Die slaap” (HAT, 1994: 171);

Die woord *droomland* beskryf “die slaap” as “'n land of ruimte waar 'n mens droom”, en alhoewel “die slaap” nie werklik 'n *land* in die eng sin van die woord is nie, is die betekenis van *droomland* byna deursigtig genoeg dat die woord beskou kan word as 'n endosentriese samestelling.

Hierdie samestellings toon **semantiese spesialisasie** in die sin dat 'n samestelling soos *dieretuin* ook 'n wyer, meer letterlike betekenis soos “tuin waar diere woon / wei” sou kon hê, maar dat die konvensionele betekenis van die woord gespesialiseer is om slegs 'n spesifieke **oord** te beteken waar meer spesifiek **wilde** diere aangehou word in **hokke** of **kampe**. Tog is die verband tussen die letterlike, deursigtige betekenis en die minder deursigtige betekenis wel nog duidelik vir die taalgebruiker.

Soos by ander ondeursigtige eksosentriese samestellings is daar wel steeds kennis van die **konvensionele geheelbetekenis** van die samestelling nodig om die totale betekenisinhoud van elke kompositum af te lei. Dieselfde vorm van semantiese spesialisasie kom ook voor in deursigtige endosentriese komposita, maar in endosentriese komposita is die verband tussen die betekenis van die dele en die geheelbetekenis van die woord soveel duideliker.

4.3.2 Eksosentriese komposita wat deursigtig is ten opsigte van 'n bepalerstam

Heelwat eksosentriese samestellings besit ook bepalerstamme, nes endosentriese komposita, wat dit baie makliker maak om die betekenis van die lekseem af te lei. Ter illustrasie die volgende:

32. *grompot* → “Iemand wat oor alles *grom*, klae, ontevrede is” (HAT, 1994: 314);

Die samestelling benoem wel nie 'n soort *pot* of houer nie, maar is tog tot 'n groot mate deursigtig vanweë die aanwesigheid van die stam, *grom-*, wat duidelik optree as bepaler.

33. *jaagduiwel* → “Persoon wat uitermate vinnig en onverskillig *jaag*” (WAT, 1968: 3, my beklemtoning);

Al is *jaagduiwel* nie op 'n soort “bose gees” van toepassing nie, is die betekenis tog deursigtig wanneer die betekenis van “waaghals” aan die stam *-duiwel* gekoppel word.

34. *vetsak* → “besonder vet, gesette persoon” (HAT, 1994: 1205);

Die beskrywende stam *vet-*, wat optree as bepaler, lei tot die deursigtigheid van die kompleks, al is geen *sak* van enige aard ter sprake nie. Die aanwesigheid van *sak*, in plaas van enige ander tweede stam, kan moontlik verklaar word deur te let op die voorkoms van 'n “*sak* wat eintlik uitbult so *vet* / volgestop is hy”, en die ooreenkoms wat dit toon met 'n baie vet mens.

35. *tjankbalie* → “kind wat maklik huil” (NW, 1988: 521);

Soos *grompot*, *jaagduiwel* en *vetsak* is ook *tjankbalie* deursigtig genoeg met 'n bepalerstam (*tjank-*), en 'n eindstam *-balie*, wat net soos *-pot*, *-duiwel*, en *-sak* betekenisuitbreiding ondergaan om “persoon” te beteken.

Al is hierdie komposita se betekenis se steeds nie slegs die somtotaal van die samestellende dele se betekenis nie, is die woorde semanties veel deursigtiger as prototipiese eksosentriese samestellings.

4.3.3 Eksosentriese komposita wat deursigtig is ten opsigte van voorkoms

Die betekenis van sekere eksosentriese samestellings kan nie afgelei word uit die samestellende konstituente nie, buiten wanneer die voorkoms van die entiteit wat deur die samestelling benoem word, in aanmerking geneem word. Een of meer van die stamme vervul dan dieselfde funksie in hierdie komplekse as die bepalerstamme in endosentriese komposita:

36. *streepesel* → “sebra” (AE, 1967: 621);
Vir enigiemand wat die voorkoms van 'n *sebra* / *kwagga* ken, is die samestelling *streepesel* heeltemal deursigtig, en eintlik baie meer beskrywend as die ongelede terme, al is *streepesel* nie werklik 'n soort *esel* nie.
37. *duiwelsklou* → “Haakduwweltjie” (HAT, 1994: 177);
Hierdie samestelling is eintlik heeltemal deursigtig as “'n soort dorinkie / *kloutjie* wat soos die *duiwel* self klou, en ook in voorkoms herinner aan die *duiwel* met sy *kloue* en horings”.
38. *drietand* → “Vurk met drie tande”; (HAT, 1994: 169)
'n *Vurk* het gewoonlik *drie tande*, daarom is die samestelling tot 'n mate deursigtig, alhoewel *drietand* maklik ook ander betekenis sou kon aanneem, byvoorbeeld “*kleuter met net drie tande”, of “*kam met net drie tande”.
39. *duisendpoot* → “insek met baie pote en 'n gesegmenteerde liggaam” (NW, 1988: 119);
Weereens, as die voorkoms van 'n *duisendpoot* voor die geestesoog geroep word, is die opvallendste kenmerk van hierdie insek juis sy (skynbaar) *duisend pote*. Die benaming is daarom eintlik besonder beskrywend, en nie maklik te verwar met 'n ander insek of enige ander entiteit nie.

Die samestellings *drietand* en *duisendpoot* is **metonimies** van aard, dit wil sê die woorde benoem die opvallendste eienskappe van die entiteit waarna dit verwys (vergelyk ook 4.3.1, 5.5 en 6.4). Soos in hierdie voorbeelde gesien kan word, is die betekenis van die woorde redelik maklik af te lei uit die betekenis van die lekseme se stamkorrelate. Die woorde is egter

steeds eksosentriese komposita, aangesien buitetalige kennis tog nodig is om die woorde deursigtig te maak vir die taalgebruiker.

4.3.4 Redelik deursigtige eksosentriese komposita

'n Groot groep eksosentriese samestellings benoem 'n sekere kenmerk van die voorwerp of entiteit wat dit denoteer. Die onderstaande samestellings is egter nie so deursigtig as die voorbeelde hierbo in 4.3.3. nie:

40. *wolkekrabber* → “hoë verdiepinggebou; toringgebou” (NW, 1988: 609); Die stam *-krabber* het hier te doene met *krapper*, wat die betekenis dra van “(v)oorwerp wat krap, skraap ...” (WAT, 1991: 138). Die kompleks is dus tog nie té ondeursigtig nie: dit lyk dikwels of 'n *wolkekrabber* werklik tot by die *wolke* reik, byna asof die gebou aan die *wolke krap*. As *-krabber* egter hier optree as wisselvorm van *krabbetje*, “oorring”, kan die stam ook tot 'n mate deursigtig wees: 'n *wolkekrabber* kan as't ware lyk asof die gebou figuurlik die *wolke* se *oorkrabbertjie* is.

41. *Kalaharibesem* → “Sterk wind wat i/d Kalahariwoestyn en omstreke waai en paaie, plante, ens. met 'n sandlaag bedek” (WAT, 1968: 151);

Dit is maklik om te sien hoe die samestelling *Kalaharibesem* ontstaan het: die wind is soos 'n *besem* wat sand oor alles in die *Kalahariwoestyn* vee. Die basis van hierdie kompositum is dus 'n **vergelyking** tussen die tipiese wind van die Kalahari en 'n *besem*. Die woord is steeds 'n eksosentriese samestelling weens die feit dat dit netsowel ander, meer deursigtige betekenis sou kon dra soos “besem wat in die Kalahari gemaak is / gebruik word” of “besem wat van kalaharigras gemaak is” ens.

42. *koninginnewater* → “soort reukwater” (WAT, 1984: 159); Parfuum, oftewel *reukwater*, is 'n luukse item, geskik vir 'n *koningin*, en dus kan die betekenis van die samestelling tot 'n mate uit die stamme afgelei word.

43. *Adamsgewaad* → “kaal, naak, ongekleeedheid” (Pansegrouw, 1995: 15);
Die stam *-gewaad* dui aan dat “kleding” of “bedekking” van die een of ander aard in die samestelling ter sprake is. Alhoewel *Adam* nie heeltemal deursigtig is as beskrywend van naaktheid of enige kleredrag nie, is naaktheid een van die eienskappe wat met die eerste mens, *Adam*, geassosieer word.

Eksosentriese samestellings soos hierdie toon dus dikwels 'n sekere soort **bepalerstam**, soortgelyk aan dié wat by endosentriese komposita voorkom. By eksosentriese samestellings is hierdie bepalers egter nie so eksplisiet in hul denotasie van 'n sekere eienskap nie, en word 'n groot gedeelte van die semantiese betekenis van die samestelling per konvensie vasgelê en aan die toeval of aan die verbeelding oorgelaat van iemand wat 'n sekere minder-gebruiklike lekseem soos *koninginnewater* vir die eerste keer teëkom. Vergelyk ook die onderstaande lekseme:

44. *bek-af* → “Teneergedruk, neerslagtig” (WAT, 1950: 360);
Wanneer 'n neerslagtige persoon se voorkoms, en spesifiek die moedelose trek om sy mond (*bek*) as 'n uitdrukking van sy emosie in ag geneem word, is die kompositum tot 'n mate deursigtig.
45. *geelbaadjie* → “(geelbaadjie wees), jaloers wees” (HAT, 1994: 244);
Die lekseem *geelbaadjie* lyk op die oog af soos 'n endosentriese samestelling met die betekenis “'n geel baadjie”. Eers wanneer die negatiewe konnotasie van die kleur *geel* met die emosie *jaloesie* of *afguns* in aanmerking gebring word, is die ondeursigtige betekenis “jaloesie” verstaanbaar. Alhoewel daar vir sommige mense 'n assosiasie van *geel* met jaloesie is, is *groen* eintlik meer bekend as 'n assosiasie met jaloesie, vergelyk: “Groen van afguns” (HAT, 1994: 311, s.v. “groen”). Die uitdrukking *geelbaadjie* sou dus waarskynlik meer deursigtig wees as dit *groenbaadjie* was.
46. *glyjakkals* → “persoon wat by 'n hotel inskryf en dan verdwyn sonder om sy rekening te betaal” (NW, 1988: 170);
'n Skelm of bedriëer word dikwels beskryf as 'n *jakkals*, (vergelyk ook voorbeeld 196, *jakkalsdraaie* in 6.6 en die lekseem *jakkalsstreke*) en as die betekenis van *gly*

as “ontglip / vertrek” opgeneem word, is ook dié kompositum nie heeltemal ondeursigtig nie.

47. *blommekind* → “hippie” (GAS, 1995: 124, s.v. “hippie”);
Hippies, meestal jeugdige of *kinders*, hang *blommekranse* om hul nekke, en hieruit is die ontstaan van *blommekind* as benaming vir 'n hippie afleibaar ten spyte van die veel breër assosiatiewe raamwerk van die kompositum.

Lekseme soos hierdie is slegs tot so 'n mate deursigtig as wat die motiverende beeld vir die uitdrukking, soos vergestalt in die letterlike betekenis daarvan, 'n meer algemene kennisdomein kan aktiveer waarmee die taalgebruiker beter vertrouwd is. Die beeld kan nou geïnterpreteer word in soverre die projeksie tussen “onderdele van die letterlike betekenis en onderdele van die idiomatiese betekenis” (Swanepoel, 1997: 143) moontlik is by die taalgebruiker.

4.3.5 Ondeursigtige komposita waarvan die betekenis etimologies verklaarbaar is

Die semantiese inhoud van baie eksosentriese komposita kan vandag glad nie afgelei word uit die betekenis van die stamme nie. Tog was sekere van hierdie komposita wel vroeër deursigtig ten opsigte van betekenis, of wel **deursigtiger** as wat dit vir die hedendaagse taalgebruiker is. Wanneer daar na hierdie samestellings se **etimologiese geskiedenis** gekyk word, kan die betekenis wat vandag met die woord geassosieer word, soms (tot 'n sekere mate) afgelei word uit die oorspronklike betekenis van die stamme, vergelyk:

48. *biltong* → “Rou vleis in stroke gesny wat ingesout en drooggemaak is”
(HAT, 1994: 87)

Volgens die HAT is die onbekende stam *bil-* verouderd in Afrikaans, en dra dit die betekenis van “(b)oud” (1994: 87). Vergelyk ook die betekenis van die oorspronklike Nederlandse lekseem, *bil*: “elk der beide delen van het zitvlak” (Van Dale, 1977: 130). Die tweede stam, *-tong*, kan ook die minder gebruiklike betekenis aanneem van “moot, strook” wat soos 'n *tong* lyk (AE, 1967: 165). As 'n mens verder in ag neem dat repe *biltong* veral uit die *boude* van

diere soos beeste en wildsbokke gesny word, is die betekenis van die samestelling tot 'n mate deursigtig as “repe / tonge vleis, uit die boud / bil van diere gesny, en dan gedroog”. Aangesien die herkoms van die twee lede van die woord, *biltong*, nie so bekend is aan die Afrikaanse deursneespreker nie, kan die woord beskou word as 'n ondeursigtige samestelling waarvan die betekenis wel ten dele afgelei kan word uit die oorspronklike stambetekenis.

Vergelyk ook die onderstaande voorbeelde waar die **etimon**, dit wil sê die “(v)ermeende oorspronklike betekenis van 'n woord” (HAT, 1994: 204), op dieselfde wyse genoegsame leidrade ten opsigte van betekenis verskaf om die totaal ondeursigtige eksosentriese samestelling tot 'n mate deursigtiger in semantiese inhoud te maak:

49. *knapsêkel* → “Onkruid ... met (dun, swart) klitserige saadjies wat aan klere en die wol van diere vassit as dit daarmee in aanraking kom” (HAT, 1994: 546);

Uit “knapsakkerwel” (AE, 1967: 356). Die lekseem *kerwel* beteken “(e)nigeen van sekere plante” (HAT, 1994: 517), en *knapsak*: “(rug)sak van seil of leer ... deur soldate en reisigers gebruik om kos, klere, ens. in saam te neem” (HAT, 1994: 546). Die afgeleide betekenis van *knapsêkel* is dus: “'n soort *plant* wat jy met jou *saamneem*”.

50. *eenspaaiierig* → “Wat sy eie gang gaan ... wat hom ongesellig afsonder van sy maats” (WAT, 1955: 440);

Die woorddeel *-spaii-* is ondeursigtig en het glad nie eers 'n selfstandige woordkorrelaat in die taal nie. Die maklikste assosiasie wat die Afrikaanse spreker daaraan kan heg, is dat dit 'n verafrikaanste vorm van die Engelse *spy*, “spioen, bespieder ... spioen(eer), bespied” (Bosman e.a., 1991: 1215) moet wees. Dit is egter 'n verkeerde assosiasie, en bied bowendien geen leidrade tot die betekenis van die kompositum as 'n geheel nie. *Spaii* is eintlik 'n vervorming van *span*, en met hierdie kennis is dit al makliker om die betekenis van die alternatiewe samestelling *eenspannerig* af te lei. Die bronwoord van *eenspaaiierig* is “dial. Ndl.

eenspanjer(ig), m.a.w. ‘nie bereid om in 'n span saam te trek nie’ ” (AE, 1967: 213), en hieruit is die betekenis van die samestelling redelik deursigtig.

51. *faliekant* → “Verkeerd, mis” (HAT, 1994: 208); “valsheid” (AE, 1967: 223);

Die stam *falie-* het geen verband met 'n *falie* “(s)wart sluier” of “kappie” (HAT, 1994: 208) nie, anders sou die deursigtige betekenis van hierdie samestelling maklik kon wees: “die geweefde *kant* van 'n *sluier* of *kappie*”. Volgens Boshoff en Nienaber (1967: 223) hou die Nederlandse *faliekant* egter verband met “faal” wat die volgende betekenis kan dra: “ontbreek, te kort skiet ... misluk ... foute begaan” (NW, 1988: 137).

52. *kersvers* → “fris, splinternuut” (AE, 1967: 349);

Die Afrikaanse woord, *kers*, dra die volgende betekenis: “1. staaf van vet of was om 'n brandbare pit wat lig verskaf ... 2. eenheid van ligsterkte. 3. plant of deel daarvan wat soos 'n kers lyk” (NW, 1988: 247); of dit kan in die verkleiningsvorm, *kersie*, beteken “rooi (geel) vruggie” (NW, 1988: 247). Die stam, *kers-*, van *kersvers*, het nie enige assosiasie met die betekenis van die woord, *kers*, nie. In Boshoff en Nienaber (1967: 349) word *kers* egter in verband gebring met die “Mned. en Mhd. *karsch*, ‘fris, opgewek’, en On. *karskr*, ‘dapper, flink’ ”, waarvan die betekenis wel 'n sterk assosiasie met *kersvers* toon. In die HAT (1994: 1188) word daar slegs twee betekenis van *vers* gegee, naamlik: “Digreël ... strofe ... (g)edig” of “(v)roulike kalf”. Aangesien *kersvers* geen assosiasie met een van hierdie betekenis het nie, kan die woord as 'n eksosentriese kompositum beskou word. Die stam *-vers* in hierdie gelede woord is eintlik 'n verouderde wisselvorm van *vars*, “nuut; pas gebak; ... nog nie bederf of verlep nie; uitgerus” (AE, 1967: 676). Wanneer die spreker eers bewus is van albei die stamme se assosiasie met “vars”, is die betekenis van die kompositum maklik afleibaar hieruit. Volgens Boshoff en Nienaber (1967: 676), is *kersvers* dus eintlik 'n sametrekking uit “*kars(ch) ende vars(ch)/ kers(ch) ende vers(ch)*, ‘fris en vars, fris en gesond’ ”.

Soos gesien, het bostaande eksosentriese samestellings klankverandering ondergaan, dikwels net reduksie of assimilasië om die woord makliker uitspreekbaar te maak. Hierdie klankverandering dra by tot die ondeursigtigheid van die lekseme, maar verklaar terselfdertyd ook die geringe semantiese deursigtigheid wat voorkom wanneer die werklike etimon en die presiese stamme waaruit die lekseme oorspronklik bestaan het, onder die loep geneem word.

4.3.6 *Ondeursigtige eksosentriese komposita*

Sommige eksosentriese samestellings is tot so 'n hoë mate semanties ondeursigtig, dat dit 'n saak van onmoontlikheid is om die metaforiese geheelbetekenis uit die betekenis van slegs die samestellende dele af te lei:

53. *paddastoel* → “'n groep fungi, met 'n sambreelagtige voorkoms” (HAT, 1994: 778);
padda + stoel → * “*stoel* van 'n *padda*”
54. *bakvissie* → “opgeskote meisie van 14 tot 18 jaar” (NW, 1988: 37);
bak + vissie → * “'n *vissie* wat *gebak* is / *gebak* kan word”
55. *moederkappie* → “Soort orgidee” (HAT, 1994: 671);
moeder + kappie → * “'n *moeder* se *kappie* (hoed)”
56. *eenpotjieknapsak* → “Vrypostige kind wat altyd in grootmense se geselskap indring” (WAT, 1955: 437);
een + potjie + knapsak → * “'n knapsak met een potjie; 'n potjie in 'n knapsak”

Hierdie soort eksosentriese komposita, soos *paddastoel*, is soms so bekend as algemeen-gebruiklike selfstandige naamwoorde, dat die ondeursigtige aard daarvan glad nie meer raakgesien word nie. Ander eksosentriese komposita van dieselfde aard word egter in 'n groter hoedanigheid as idiomatiese uitdrukkings gebruik, waar die ondeursigtigheid daarvan juis die **idiomatisiteit** van die woorde verder beklemtoon:

57. *apekool* → “Onsinnige, dwase praatjies” (WAT, 1950: 230);
ape + kool → * “soort *kool*; soort kos vir *ape*”

58. *engelebak* → “Goedkoopste sitruimte in 'n skouburg op die galery” (WAT, 1955: 552);
engele + bak → * “'n *bak* waarin *engele* iets bêre; iets deur *engele gebak*”
59. *inkoejawel* → “Erg onbevredigend; oes, agteraf, swak” (HAT, 1994: 431);
in + koejawel → * “om *koejawels in* te lê; *ingelegde koejawels*”
60. *beesbak* → “Iets wat reusegroot is” (HAT, 1994: 66);
bees + bak → * “soort *bak*; iets i.v.m. *beeste*”

Bostaande idiomatiese samestellings is heeltemal ondeursigtig aangesien die “motiverende beeld (soos vergestalt in die letterlike betekenis)” (Swanepoel, 1997: 143) van hierdie woorde nie 'n algemene kennisdomein kan aktiveer “waarteen die taalgebruiker die beeld kan interpreteer” nie. In gevalle soos hierdie het die sogenaamde “**motiverende skakel**” (Swanepoel, 1997: 150, my vetdruk) tussen die letterlike en die idiomatiese betekenis van die lekseem dus heeltemal verswak en verlore gegaan, sodat dit onmoontlik is om die betekenis van die samestelling af te lei uit die betekenis van die samestellende dele. Die verdwyning van hierdie skakel, kan saamhang met “veranderinge in die materiële of kenniskultuur van die taalgemeenskap” (Swanepoel, 1997: 150). Hierdie soort komposita is die groep Afrikaanse **prototipiese eksosentriese komposita**, siende dat daar géén verband is tussen die betekenis van die komposita en dié van die stamkorrelate nie.


4.3.7 Gradering van deursigtigheid by eksosentriese samestellings

Eksosentriese (en alle) komposita, kan in nog meer verskillende grade van semantiese deursigtigheid geklassifiseer word, maar vir die doel van hierdie verhandeling is dit onnodig. Alle eksosentriese komposita, soos idiome, vertoon “semantiese spesialisasie van die een of ander aard” (Swanepoel, 1997: 137). Die grade van ondeursigtigheid wat in 4.3.1 tot 4.3.6 genoem en geïllustreer word, is voldoende om aan te dui dat daar nie sonder meer aangeneem kan word dat alle eksosentriese komposita dieselfde mate van ondeursigtigheid vertoon nie. In die ondersoekte korpus is waargeneem dat daar by sommige eksosentriese komposita, soos ook by endosentriese komposita (sien 2.4.1), sekere relasies tussen die stambetekenis en die

geheelbetekenis kan voorkom. Hierdie relasies maak dit makliker om 'n korrekte afleiding van 'n eksosentriese kompositum se betekenis te maak, selfs al is die woorde steeds baie ondeursigtiger as prototipiese endosentriese komposita. Die belangrikste relasies wat in die ondersoekte korpus woorde waargeneem kan word en wat ook ter sprake is in 4.3 hierbo, kan vervolgens gelys word. Daar word nie met hierdie lys aanspraak gemaak op volledigheid ten opsigte van al die moontlike relasies wat in eksosentriese komposita voorkom nie. Om ekonomiese redes word slegs die belangrikste en opvallendste relasionele betrekkinge hier voorgehou:

- 'n **Metonimie-relasie** kom voor by onder andere bahuvrihi-komposita soos *vaalhaar*, waar 'n opvallende kenmerk van 'n saak geassosieer word met die saak self (vergelyk ook 5.5 en 6.4).
- Die **deel-geheel-verhouding** kom voor by gereduseerde komposita (ook bahuvrihi-komposita) soos *drietand*, waar die deel *drie tande* staan vir die geheel *vrk* (vergelyk 5.3 en 6.4).
- Ander **assosiatiewe** relasies bestaan in woorde waar daar nie soos by *vaalhaar* en *drietand* 'n taalelement soos *-nooi* en *-vrk* weggelaat is nie. 'n Voorbeeld hiervan is *Adamsgewaad* en *Evasgewaad* waar “naaktheid” volgens konvensie met Adam en Eva geassosieer word, maar buitetalige kennis nodig is om die assosiasie te maak (vergelyk 5.5 en 6.2.2.2).
- 'n **Vergelykingsverband** kom voor by woorde soos *Kalaharibesem* waar die basis van die samestelling 'n vergelyking “die wind is soos 'n besem” is.
- 'n **Metaforiese** relasie kom voor by komposita soos *glyjakkals* wat 'n stam *-jakkals* bevat wat konvensioneel optree as 'n metafoor vir 'n ander saak, naamlik “skelm” (vergelyk 6.2.1, 6.3 en 6.6).
- **Polisemiese** relasies kom voor by 'n woord wat verskillende betekenisonderskeidings het, maar waarvan hierdie betekenis tog aan mekaar verwant is. Daar is byvoorbeeld 'n duidelike verband tussen *donkieoor* met die betekenis “'n donkie se oor” en *donkieoor*, “'n bladsyhoek wat omkrul (soos 'n donkie se oor)”. In polisemiese komposita is daar dus ook sprake van 'n vergelykingsverband tussen die letterlike en figuurlike betekenisonderskeidings (sien 4.4, asook 5.4.1 en 6.3).

Ter opsomming van die skakering in graadverskille van semantiese deursigtigheid by samestellings, meer spesifiek by eksosentriese komposita, kan die onderstaande skaaldiagram nou afgelei word uit die data wat tot sover in hierdie verhandeling verskaf is:

Deursigtigheid	Komposita	Voorbeeld
Semanties deursigtig Letterlike betekenis  Metaforiese komposita Semanties ondeursigtig	Deursigtige endosentriese komposita:	<i>houtstoel</i>
	Bahuvrihi-samestellings:	<i>bruinoog</i>
	Eksosentriese komposita met 'n bepalerstam:	<i>jaagduiwel</i>
	Eksosentriese komposita, deursigtig t.o.v. voorkoms:	<i>streepesel</i>
	Redelik deursigtige eksosentriese komposita:	<i>wolkekrabber</i>
	Etimologies deursigtige eksosentriese komposita:	<i>biltong</i>
	Totaal ondeursigtige eksosentriese komposita:	<i>bakvissie</i>

In bostaande skaal is die verskillende grade van semantiese ondeursigtigheid gelys, met volkome deursigtigheid as een pool, en volkome ondeursigtigheid, oftewel arbitrariteit, as die ander. Die verskillende grade is soms so fyn geskakeer, dat dit dikwels moeilik is om te sê tot watter mate 'n spesifieke kompositum (endosentriese, sowel as eksosentriese) werklik deursigtig is vir die gemiddelde taalgebruiker.

Bepalende faktore vir die herwinningsproses van die brondomein is “die konkreetheid, visuele impak, gedetailleerdheid, algemeenheid en bekendheid van die motiverende beeld en kennisdomein” (Swanepoel, 1997: 150). Hierdie faktore verskil van taalgebruiker tot taalgebruiker, en bepaal sodoende vir elke individu graadskakerings vir die deursigtigheid van 'n bepaalde woord. Volgens Swanepoel (1997: 151) is dit ook vanselfsprekend dat as die motiverende beeld van die taalgebruiker gespesialiseerde kennis van 'n bepaalde vakgebied vereis, dit vir baie taalgebruikers “ontoeganklik” sou kon wees. Sekere taalgebruikers sou 'n woord dan as heeltemal ondeursigtig ervaar, terwyl kennis van dié vakgebied die betekenis van die woord vir andere sou kon ontsluit.

4.4 Komposita met 'n deursigtige sowel as 'n ondeursigtige betekenis

'n Baie groot groep samestellings kan as endosentriese komposita sowel as eksosentriese samestellings gebruik word. Dit wil sê, hierdie soort woorde het 'n deursigtige betekenis wat afleibaar is uit die stamme, asook 'n alternatiewe, heeltemal ondeursigtige betekenis, wat glad nie uit die samestellende stamme afgelei kan word nie:

61. *varkoor* → Endosentries: “Oor van 'n vark” (HAT, 1994: 1149)
Eksosentries: “Soort lelie; ... aronskelk” (HAT, 1994: 1149)
62. *drakebloed* → Endosentries: “Bloed van 'n draak” (WAT, 1955: 303)
Eksosentries: “donkerrooi, harsagtige stowwe ... (gewin) uit die vrugte of sap van verskillende plante ...” (WAT, 1955: 303)
63. *blouperd* → Endosentries: “Perd met blouagtige of blouskimmel kleur” (WAT, 1950: 452)
Eksosentries: “Brandewyn” (WAT, 1950: 452)
64. *swanesang* → Endosentries: “Sang wat 'n swaan volgens die volksgeloof kort voor sy dood sing” (HAT, 1994: 1055)
Eksosentries: “Laaste komposisie of gedig van 'n komponis of 'n digter voor sy dood” (HAT, 1994: 1055)
65. *beeslek* → Endosentries: “sout waaraan beeste kan lek” (NW, 1988: 44)
Eksosentries: “Blink, gladgekamde hare” (WAT, 1950: 352)

Soos gesien het elkeen van bostaande samestellings (ten minste) twee afsonderlike betekenis. Hierdie betekenis verskil heeltemal van mekaar, en is dus op geen wyse semanties met mekaar verbind nie. In die woordpare is een betekenis telkens **deursigtig**, **nie-metafories** en **letterlik** van aard, en word daarom as endosentriese komposita geklassifiseer. Elke woord het ook 'n alternatiewe betekenis wat **ondeursigtig**, **metafories (idiomaties)** en **figuurlik** van aard is, sodat dit onder eksosentriese komposita ressorteer.

By bostaande voorbeelde het ons te doene met **homonieme**, oftewel “(v)erskillende woorde met dieselfde vorm” (De Villiers, 1976: 67). Daar is dus byvoorbeeld eintlik twee verskillende homonimiese lekseme met die vorm *varkoor*, waarvan een homoniem *varkoor* 'n endosentriese kompositum is, met die betekenis “'n vark se oor”, en die ander homoniem *varkoor* 'n eksosentriese kompositum is, wat die betekenis dra van “'n soort blom”. By sekere van hierdie soort komposita, soos *varkoor* (asook voorbeelde 66 – 69) hieronder, sou 'n mens ook kon redeneer dat die woorde **polisemies** van aard is. **Polisemie** is die verskynsel waar een woord “verskillende fasette, of nosies of waardes van een betekenis het” (De Villiers, 1976: 69). Alhoewel die lede van beide homonimiese en polisemiese pare dus dieselfde ortografiese en fonologiese vorm het met verskillende betekenis, is die vormlike ooreenkoms by homonieme heeltemal “toevallig” (De Villiers, 1976: 67), terwyl daar by polisemie 'n duidelike “onderlinge betekenisverband” vertoon word (De Stadler, 1989: 62).

Vergelyk ook die onderstaande voorbeelde waar elke lekseem 'n deursigtige betekenis, sowel as verskeie ondeursigtige betekenis dra:

66. *donkieoor* → Endosentries: “Oor van 'n donkie” (WAT, 1955: 243)
Eksosentries: “Lui mens” (WAT, 1955: 243)
Eksosentries: “Aanduiding dat iets omkrul” (WAT, 1955: 243)
Eksosentries: “Struikie” (WAT, 1955: 243)
67. *katkop* → Endosentries: “Kop van 'n kat” (WAT, 1968: 419)
Eksosentries: “benaming ... vir verskillende tipes brood of beskuit” (WAT, 1968: 419)
Eksosentries: “Misvormde tamatie” (WAT, 1968: 420)
Eksosentries: “Gebalde vuis” (WAT, 1968: 420)
Eksosentries: “vergeetagtige persoon” (WAT, 1968: 420)
Eksosentries: “Besope, dronk” (WAT, 1968: 420)
Eksosentries: “Deurmekaar” (WAT, 1968: 420)
Eksosentries: “Astrant, parmantig” (WAT, 1968: 420)
Eksosentries: “vinnig weghardloop” (WAT, 1968: 420)

68. *Engelsman* → Endosentries: “burger van Engeland” (HAT, 1994: 197)
 Eksosentries: “windmakerige persoon” (WAT, 1955: 554)
 Eksosentries: “Rooierige vissoort” (WAT, 1955: 554)
 Eksosentries: “Sierstruik” (WAT, 1955: 554)
 Eksosentries: “wit duikpitmielievareteit” (WAT, 1955: 554)
 Eksosentries: “pypsleutel” (WAT, 1955: 554)
 Eksosentries: “Kalkoen” (WAT, 1955: 554)
69. *varkstert* → Endosentries: “krulstert van 'n vark” (HAT, 1994: 1149)
 Eksosentries: “pln. (*Cyrtanthus spiralis*)” (AE, 1967: 675)
 Eksosentries: “Dun vlegseltjie hare” (HAT, 1994: 1149)
 Eksosentries: “Spotnaam vir 'n Sjinees” (HAT, 1994: 1149)

Die kwessie van hiponimie / polisemie kom weereens na vore in bostaande samestellings. Tussen sekere van die betekenis is daar 'n duidelike verwantskap, terwyl die verwantskap tussen ander betekenis vaag (of afwesig?) is. By die lekseem *katkop* kan daar byvoorbeeld 'n duidelike verwantskap tussen die betekenis van die endosentriese samestelling en die eerste drie ondeursigtige betekenis waargeneem word op grond van die **voorkoms** van 'n kat se kop, 'n soort beskuit, 'n misvormde tamatie en 'n gebalde vuis. Hierdie drie eksosentriese komposita kan dus geklassifiseer word as ondeursigtige **poliseme** van die endosentriese kompositum. 'n Verwantskap tussen die endosentriese *katkop* en die laaste vyf ondeursigtige betekenis wat aangegee is, is egter baie moeilik herkenbaar, sodat hierdie woorde as **homonieme** van *katkop* beskou kan word. Dit is wel duidelik dat daar 'n betekenisband is tussen die betekenis van *katkop* as “vergeetagtige persoon”, “besope”, “deurmekaar” en tot 'n mindere mate ook “astrant”. Daarenteen is die betekenis “vinnig weghardloop” glad nie verbindbaar met enige van die ander betekenis van die woord nie. Die woord *katkop* kan volledigheidshalwe as volg geanaliseer word: 'n endosentriese samestelling *katkop* kom voor met drie polisemiese eksosentriese betekenisonderskeidings en vyf eksosentriese homonieme. Die vyf homonieme is verder verdeelbaar as vier poliseme wat 'n betekenisband met mekaar het en een homoniem wat geen betekenisband met enige van die ander samestellings in die reeks het nie. Vergelyk ook die bespreking van homonimiese en polisemiese eksosentriese komposita in 6.3.

'n Vergelyking tussen die bundels semantiese en grammatikale onderskeidende kenmerke van die homoniempare, sal soos volg daar uitsien:

70. *koffiepot*:

“pot vir koffie” (WAT, 1976: 657);

- lewend
- menslik
+ gebruiksartikel
+ koffie as eienskap
+ soortnaamwoord

“Iem. wat baie lief is vir koffie”

(WAT,1976: 658)

+ lewend
+ menslik
- gebruiksartikel
+ koffie as eienskap
+ soortnaamwoord

In baie gevalle is albei betekenis van elke woordpaar bekend aan taalgebruikers en word die samestelling met albei betekenis produktief gebruik in die alledaagse taal van Afrikaanssprekendes, byvoorbeeld:

71. *peperkorrel* → Endosentries: “Saadkorrel of bessie van die peperstruik”
(HAT, 1994: 791)

Eksosentries: “(mv.) kroes, wollerige hare” (NW, 1988: 386)

72. *askoek* → Endosentries: “Plat koek of broodjie wat in warm as gebak word” (WAT, 1950: 280)

Eksosentries: “Onnosele mens, swaap” (HAT, 1994: 52)

73. *kalfsoog* → Endosentries: “Oog van 'n kalf” (WAT, 1968: 159)

Eksosentries: “afgedopte eier in kookwater gaargemaak”
(NW, 1988: 237)

74. *poniestert* → Endosentries: “Stert van 'n ponie” (HAT, 1994: 810)

Eksosentries: “Hare van 'n jong meisie wat hoog op die kop saamgebind is” (HAT, 1994: 810)

In ander gevalle is slegs een van die betekenis algemeen bekend onder taalgebruikers, en behoort een homoniem met sy betekenis dikwels aan 'n spesifieke **dialek, vaktaal** of **sosiolek**, sodat die lekseem dan veel minder gebruik word. Vergelyk die onderstaande voorbeelde, waar die letterlike betekenis, oftewel die endosentriese homoniem, meer bekend is as die eksosentriese homoniem:

75. *katnael* → Endosentries: “Nael van 'n kat” (HAT, 1994: 506)
Eksosentries: “aantal plante of bome” (HAT, 1994: 506)
76. *bakoor* → Endosentries: “Oor wat wegstaan van die kop af” (HAT, 1994: 58)
Eksosentries: “lomperd, (plaas)japie” (GAS, 1995: 35)
77. *kousband* → Endosentries: “band om 'n kous op te hou” (NW, 1988: 271)
Eksosentries: “soort slang” (NW, 1988: 271)
78. *seerob* → Endosentries: “Rob” (HAT, 1994: 902)
Eksosentries: “Egte seeman” (HAT, 1994: 902)

In bostaande voorbeelde is die **letterlike** betekenis van die komposita meer bekend as die figuurlike betekenis. Maar oor die algemeen is komposita wat 'n letterlike, sowel as 'n figuurlike betekenis dra, beter aan die deursnee-taalgebruiker bekend soos dit **figuurlik** gebruik word. Dit wil sê, by 'n homoniempaar met figuurlike en letterlike saamgestelde homonieme, is die figuurlike homoniem, oftewel die eksosentriese samestelling, in baie gevalle meer gebruiklik in Afrikaans, omdat die voorwerpe wat dit benoem meer algemeen voorkom en beter bekend is aan die meeste taalgebruikers. Vergelyk die onderstaande voorbeelde waar die tweede gegewe betekenis, wat nie uit die samestellende dele van die komposita afgelei kan word nie, telkens beter aan die taalgebruiker bekend is:

79. *draadwerk* → Endosentries: “Kunswerk in draad” (HAT, 1994: 164)
Eksosentries: “Fiemies, aanstellerigheid” (HAT, 1994: 165)
80. *teertou* → Endosentries: “trektou met teer versterk” (NW, 1988: 514)
Eksosentries: “Smerige vent” (HAT, 1994: 1071)

81. *neseier* → Endosentries: “(Nagemaakte) eier in 'n lênes om lêery aan te moedig” (HAT, 1994: 697)

Eksosentries: “som geld vir 'n bepaalde doel opsy gesit” (NW, 1988: 340)

82. *draaiorrel* → Endosentries: “soort musiekinstrument wat meganies 'n aantal wysies speel” (NW, 1988: 112)

Eksosentries: “Persoon wat aanhoudend praat” (WAT, 1955: 295)

Homonimiese samestellings wat sowel letterlik as figuurlik van aard kan wees, lei dikwels tot dubbelsinnigheid. Vergelyk die onderstaande sinne, waarin die samestellings telkens albei moontlike betekenis kan aanneem:

83. Emsie het baie *stokperdjies*.

stokperdjie → Endosentries: “stok (met 'n perdekop) waarop kinders ry” (HAT, 1994: 1026)

Eksosentries: “Liefliingsonderwerp, -tydverdryf” (HAT, 1994: 1026)

84. Jan gee my *hoendervleis*.

hoendervleis → Endosentries: “Vleis van 'n hoender” (WAT, 1972: 327)

Eksosentries: “'n mens se vel wanneer dit soms as gevolg van skrik, vrees, afgryse, ens., bleek en knoppiesrig word” (HAT, 1994: 381)

85. Daar lê 'n *tuinslang* in my roosbedding.

tuinslang → Endosentries: “Slang wat in 'n tuin hou” (HAT, 1994: 1107)

Eksosentries: “Rubberspuit om plante mee nat te hou” (HAT, 1994: 1107)

86. *Tieroë* is geelbruin van kleur.

tieroog → Endosentries: “Oog van 'n tier” (HAT, 1994: 1083)

Eksosentries: “halfedelsteen, dikwels as geslypte juweel gebruik” (NW, 1988: 520)

Bostaande sinne is dubbelsinnig ten opsigte van die feit dat die gekursiveerde komposita wat daarin voorkom telkens óf 'n letterlike, deursigtige betekenis óf 'n figuurlike, ondeursigtige betekenis in die sin kan aanneem. Verdere inligting is nodig om met sekerheid te kan sê watter betekenis aan die woorde gekoppel moet word soos dit in hierdie sinne voorkom.

Dubbelsinnigheid is 'n algemene verskynsel by die gebruik van eksosentriese samestellings, nie net wanneer die woorde in homoniempare voorkom met 'n letterlike en figuurlike betekenis nie, maar ook wanneer daar uit die woorde, soos in 4.5 hieronder bespreek, 'n misleidende letterlike betekenis afgelei kan word op grond van die betekenis van die stamme.

4.5 Misleidende betekenis van eksosentriese samestellings

Taalgebruikers analiseer nie werklik die woorde wat hul daaglik teëkom in die gesproke en geskrewe taal nie. Vir die doel van hierdie studie is dit egter belangrik om te kyk na die wyses waarop eksosentriese komposita verkeerdelik geïnterpreteer kan word deur die taalgebruiker, hetsy die woord minder bekend is as byvoorbeeld gewestelike taal, of wanneer die woord deur 'n vreemdetaalspreker van Afrikaans teëgekomp word. Sommige eksosentriese komposita kan heeltemal **misleidend** wees, weens 'n “verkeerde” betekenis wat logies afgelei kan word uit die betekenis van die samestellende dele. Ter illustrasie:

87. *koekapan* → “Ysterbak wat op 'n spoorbaantjie ... beweeg ...; spoortrollie”
(HAT, 1994: 553)

* “pan waarin koek gebak word”

88. *dakvink* → “Motorryer wat sy arm deur die venster steek om aan die dak van die voertuig vas te hou” (HAT, 1994: 129)

* “soort vink”

89. *gansmelk* → “Water” (WAT, 1957: 26)
* “melk van 'n gans”
90. *duimmuis* → “Verhewenheid op die handpalm a/d voet v/d duim” (WAT, 1955: 381)
* “soort muis”

Op die oog af lyk hierdie soort komposita baie soos die dubbelsinnige samestellings wat in 4.4. bespreek is. By dubbelsinnige samestellings word altwee die betekenisse, letterlik en figuurlik, weergegee deur die enkele woordvorm, en moet die taalgebruiker uit die konteks waarin die samestelling voorkom, aflei watter betekenis, soos vasgestel deur konvensie, daaraan gekoppel moet word. Misleidende eksosentriese komposita verskil egter van dubbelsinnige eksosentriese komposita, in die sin dat die alternatiewe letterlike betekenis, wat so logies afgelei word uit die samestellende dele, wel mag bestaan, maar nié weergegee word deur hierdie spesifieke komposita nie, vergelyk:

91. *kindsbeen* → “vroegste kinderjare” (NW, 1988: 250)
* “'n kind se been”
92. *bloudak* → “Soort gras wat ... 'n blouerige kleur kry” (HAT, 1994: 95)
* “'n blou dak”
93. *uilskuiken* → “Dom, onnosel swaap” (HAT, 1994: 1115)
* “'n uil se kuiken”
94. *leeubekkie* → “tuinblom” (NW, 1988: 290)
* “'n leeu se bek”

Baie van hierdie soort komplekse moet deur frases, veral naamwoordstukke met 'n adjektief-voorbepaling, vervang word om die letterlike betekenis te dra wat deur die samestelling geïmpliseer word. Die frases bestaan elk uit presies dieselfde konstituente as wat in die samestellings voorkom as stam-elemente:

95. *luiperd* → “gespikkelde, katagtige roofdier” (NW, 1988: 306)
* “lui perd”
96. *gebrokehartjies* → “blomplant ... met trosse hangende, rooi, hartvormige blomme” (HAT, 1994: 240)
* “gebroke harte”
97. *hardekoejawel* → “Koppige, astrante, eiewys persoon” (WAT, 1972: 91)
* “n harde koejawel”
98. *maermerrie* → “benaming vir die skeen” (HAT, 1994: 639)
* “n maer (perde)-merrie”

Soms bestaan daar bloot nie entiteite, voorwerpe, diere, ensovoorts, soos dié wat deur hierdie soort misleidende eksosentriese komposita benoem word, as die betekenis letterlik geïnterpreteer word nie:

99. *visvinger* → “n mootjie vis, in die vorm van 'n vinger” (uit die spreektaal)
* “n vis se vinger”
100. *mierleeu* → “insek wat in los sand 'n tregtervormige gat grawe om sy prooi te vang” (NW, 1988: 321)
* “kruising tussen 'n mier en 'n leeu”
101. *knorhaan* → “verskillende soorte stekelvinnige visse” (HAT, 1994: 550)
* “n haan wat knor”
102. *grondpêrel* → “Wyfie van sekere (soort) dopluise” (WAT, 1957: 448)
* soort pêrel wat in grond gevorm word

'n Groot groep eksosentriese komposita is misleidend ten opsigte van die betekenis wat logies uit die stamme afgelei kan word in kontras met die betekenis wat volgens konvensie aan die

lekseem gekoppel word. Veral die samestellings waaruit 'n betekenis afgelei kan word van iets wat glad nie eers bestaan nie kan lei tot heelwat vermaak wanneer dit doelbewus misleidend gebruik word.

4.6 Samevatting

Die semantiese aard van eksosentriese samestellings is in hierdie hoofstuk bespreek, asook die wyse waarop dit verskil van endosentriese samestellings. Terwyl daar gewoonlik 'n hiponimie-relasie voorkom tussen 'n endosentriese kompleks en sy laaste stam, is daar by eksosentriese komposita nie sprake van so 'n hiponimiese verhouding nie. Hierdie afwesigheid van hiponimie by eksosentriese samestellings spruit voort uit die semantiese ondeursigtigheid van die woorde, in kontras met die semantiese deursigtigheid wat voorkom binne endosentriese en neweskikkende samestellings.

Eksosentriese komposita is arbitrêr en onvoorspelbaar in die sin dat alle komposita binne die groep nie op dieselfde wyse en tot dieselfde mate semanties ondeursigtig is nie. Sekere eksosentriese komposita is byna net so deursigtig as endosentriese komposita, terwyl ander 'n hoër graad van idiomatisiteit toon. Semantiese deursigtigheid is ggradeer binne eksosentriese komplekse, vanaf deursigtig tot heeltemal ondeursigtig. Eksosentriese komposita sal vir taalgebruikers verskillende grade van ondeursigtigheid besit, na aanleiding van die mate waarin die brondomein van 'n uitdrukking opvallend, herwinbaar of enigins bekend is aan die taalgebruiker. 'n Groot groep komposita dra 'n deursigtige, letterlike betekenis, sowel as 'n metaforiese betekenis, en dra op dié wyse by tot dubbelsinnigheid. Daar is ook gewys op misleidende samestellings, wat op die oog af lyk soos deursigtige woorde, maar slegs 'n ondeursigtige betekenis dra. Dié soort komplekse kan verwarrend wees, veral vir tweedetaalsprekers van Afrikaans, maar maak 'n baie interessante deel van die taal uit.

In die volgende hoofstukke word subgroepe eksosentriese samestellings bespreek, soos dit in groepe verdeel kan word ten opsigte van die ontstaanskenmerke, asook semantiese en strukturele kenmerke wat dit vertoon.

HOOFSTUK 5

SUBGROEPE EKSOSENTRIESE KOMPOSITA VOLGENS DIE ONTSTAAN DAARVAN

5.1 Inleiding

Eksosentriese samestellings kan op verskillende wyses ontstaan, onder andere deur prosesse van **volksetimologie**, **reduksie** (sien 4.3.1 en 6.4), **betekenisverandering** (sien 4.3 en 4.4), **betekenisassosiasie** (sien 4.3, 4.4 en 6.4), **klanknabootsing** en as direkte **leenvertalings** van (eksosentriese) samestellings in ander tale, asook om sekere funksies soos **naamgewing**, **verbloeming**, **versterking**, **humor**, ensovoorts te verrig. In hierdie verhandeling word daar nie ingegaan op die funksionele aspekte van eksosentriese komposita nie, maar die ander belangrike ontstaanswyses word in hierdie hoofstuk bespreek.

5.2 Volksetimologiese samestellings

Volksetimologie het te doene met “**die volksmens se opvatting of interpretasie van wat vir hom vreemd of onbekend is**” (Meyer e.a., s.j.: 51). **Volksetimologieprodukte** is dus die resultaat van klankverandering van bestaande woorde tot nuwe woorde wat meer verstaanbaar vir die taalgebruiker is. Vergelyk die volgende ondeursigtige produkte van volksetimologie wat die voorkoms aanneem van gelede woorde, maar nie werklik as samestellings geklassifiseer kan word nie:

1. *kaperjol* → “meest. mv., ‘vrolike bewegings’; Ndl. *cabriool* / *capriool* / *kapriool* (Mnl. *caprioel* nog in bet. ‘bokkie’) ... Lat. *caper*, ‘bok’, eint. ‘bokkesprong(e)’ ” (AE, 1967: 336)
2. *aspaai* → “*a(a)ispaai* -, spel en uitr. wsk. d. leerlinge met Eng. as voert. v. onderw. ingevoer uit Eng. *I spy (you)*” (AE, 1967: 143)
3. *tokkelok* → “Teologiese student” (HAT, 1994: 1 092); uit “Eng. *theologue*” (Scholtz, s.j.: 215)

4. *dikkedensie* → “verknorsing, moeilikheid” (HAT, 1994: 150); uit Frans, “*décadence* ... ‘dekadensie’ ” (Kruger, 1995: 63)

Terwyl bostaande volksetimologiese produkte nie werklik lyk soos samestellings nie, is daar heelwat produkte van volksetimologie wat die voorkoms aanneem van gelede woorde wat betaan uit stamme met korresponderende woordkorrelate. Hierdie samestellende dele kan egter gewoonlik geen leidrade verskaf tot die betekenis van die volksetimologiese vorm nie. Vergelyk die onderstaande komposita wat in Afrikaans ontstaan het deur middel van volksetimologie:

5. *nagmerrie* → “‘nare droom’ ... (via Ndl.) volkset. uit *nachtmāre*, waarin tweede lid dies. is as Mnl. *māre*, ‘nagspook, kwelgees’ ” (AE, 1967: 421)
6. *appelkoos* → “boom en vrug ... Ndl. *abrikoos* ... (ontleen aan) Port. *albricoque* waarvan eerste lid berus op prot. Arab. *a(l)* (voor *barkuk*) en tweede op Lat. s.nw. *praecox*, b.nw. *praecoquis* / *praecoquus* (uit *prae-*, ‘vroeg’, + *coquere*, ‘ryp word’)” (AE, 1967: 139)
7. *kameelperd* → “*giraf* ... sy bou het aan 'n kameel en sy vlekke aan 'n panter laat dink en aan hom die (Ndl.) naam *kameelpanter* besorg, in Lat. *camelopardus*” (AE, 1967: 328)
8. *dennebros* → “Harde soort perdeborsel – 'n vervorming van E. *dandy brush*” (WAT, 1955: 81)

Die etimologie van hierdie saamgestelde woorde word tot so 'n mate verbloem deur klankverandering, dat die semantiese waarde glad nie meer afgelei kan word uit die samestellende dele nie. Die klankverandering kan ook die uitspraak en tipografie van 'n simpleks só wysig dat die lekseem die voorkoms van 'n gelede woord aanneem, en wanneer die betekenis van hierdie woord dan nie uit die skynstamme afgelei kan word nie, kan die woord geklassifiseer word as 'n eksosentriese kompositum. Vergelyk die onderstaande voorbeelde:

9. *bromkatjies* → “‘lugpypontsteking’, vanweë uitspr. wsk. volkset. uit Eng. *bronchitis*” (AE, 1967: 186)
10. *spektakel* → “uit die Frans *spectacle* (‘skouspel’), word nou slegs pejoratief gebruik vir 'n komiese skouspel” (Kruger, 1995: 63)

11. *daeraad* → “ben. v. versk. visse v.d. fam. *Sparidae*, via Ndl. *dorade* uit Port. en Sp. *dorado* (verb. m. Lat. *de-auratus*, ‘verguld’ ” (AE, 1967: 193)
12. *dronknes* → “ ‘dronkmansparty’... volkset. v. Eng. *drunkenness*” (AE, 1967: 209)

Volgens Kruger (1995: 59) kan daar “n vraagteken geplaas word agter die bewering dat die vervorming die vreemde woord noodwendig duideliker maak”. Uit die voorbeelde wat reeds in hierdie hoofstuk gebruik is, kan afgelei word dat, alhoewel die “drang na duidelikheid” (Kruger, 1995: 58) as een van die grootste beweegredes agter volksetimologiese woordafleiding beskou word, dit nie noodwendig beteken dat 'n produk van volksetimologie altyd logies verklaarbaar is nie. Die volgende voorbeelde illustreer ook die gebrek aan “duidelikheid” by sekere volksetimologiese skeppinge:

13. *aïronskelk* → “(volkset.) ... *varkblom*; Ndl. en Hd. *aron*, Eng. *arum*, wsk. via Fr. *arum* uit Lat. *arum* ...” (AE, 1967: 141)
14. *martjielouw* → “militêre wet” (GAS, 1995: 173, s.v. “krygswet”); uit Engels *martial law*
15. *pompemoer* → “bessie- en pln. ... uit Fr. *pomme d’amour*, ‘appel v.d. liefde’ ” (AE, 1967: 513)
16. *katjeepering* → “blom- en pln. ... uit Mal. *katja-piring* (Mal. *katja*, ‘glas; blink oppervlak’, en *piring*, ‘... gekelkte blom’, ong. ‘wit blom’ ” (AE, 1967: 344)

Dit is natuurlik juis die eienskap van **semantiese ondeursigtigheid** wat by soveel volksetimologiese produkte voorkom, wat van baie van hierdie lekseme eksosentriese samestellings maak. Vergelyk ook die onderstaande ondeursigtige volksetimologiese produkte:

17. *bloubek* → “3. Banknoot v/d vroeëre Z.A. Republiek wat later waardeloos geword het [eintlik E. *blueback*]” (WAT, 1950: 448)
18. *appelliefie* → “die Frans *pomme d’amour* (oorspronklik 'n tamatie) ... vertaal tot ‘appelle(r)liefde’, wat volksetimologies ‘appelliefie’ geword het” (Kruger, 1995: 69)

19. *harmansdrup* → “outydse geneesmiddel ... *haarlemdruppels*; Ndl. *haarlemmerolie*, ‘geneesmiddel te Haarlem vervaardig’ ” (AE, 1967: 277)
20. *allespraatjies* → “volkset. vorme v. Eng. *iron-pyrites*, ‘swaelkies’ ” (AE, 1967: 133); *swaelkies*: ‘vuursteen, ysterpiriet’ ” (GAS, 1995: 379)

Verouderde woorde kan ook klankmatig aangepas word wanneer die betekenis van die lekseem, of selfs net die betekenis van 'n sekere deel van die lekseem, nie meer vir die taalgebruiker sin maak nie. Op hierdie wyse ontstaan dan ook eksosentriese volksetimologiese skeppings. Die onderstaande voorbeeld word in fyner detail bespreek:

21. *spinnerak* → “weefsel van 'n spinnekop” (NW, 1998: 481)

Die stam *rak*, “(s)tellasië van planke of metaal waarop goedere ... geplaas kan word” (HAT, 1994: 836), het in hierdie geval niks te doen met die betekenis van die kompositum nie, aangesien *rak* eintlik volksetimologies ontwikkel het uit *rag*, “web, weefsel” (AE, 1967: 611). Die element *rag* is nie meer 'n selfstandige lekseem in Afrikaans nie, maar die betekenis daarvan is tot 'n mate aan die taalgebruiker bekend op grond van woorde soos *ragdun* en *ragfyn*. Kombineer 'n mens hierdie stambetekenis met die betekenis van *spin*, naamlik “drade maak uit wol, katoen, ens.” (NW, 1988: 481), asook met die naam van die insek *spinnekop*, waarmee dit ook morfologies 'n ooreenkoms toon, en die samestelling se betekenis is heelwat duideliker. Die twee stam-elemente, *spin* en *rag*, druk eintlik dieselfde begrip uit, met *spin* as werkwoord en *rag* as soortnaamwoord, sodat die samestelling ook beskou kan word as 'n toutologiese vorm (stapelvorm).

Vergelyk ook die volgende twee voorbeelde wat op soortgelyke wyse ontstaan het:

22. *tweespalk / tweespalt* → “onenyheid, twis, verdeeldheid; Ndl. *tweespalt* ... uit Hd. (1525) *zwiespalt*, verb. m. Mhd. b.nw. *zwiseptec*, waarvan tweede lid nog net in Ndl. ss. voorkom in bet. ‘kloof’, wat weer verb. hou m. Ndl. *spouwen*, ‘kloof, splyt’ ” (AE, 1967: 663)
23. *blaasbalk* → “‘blaaswerktuig’; Ndl. *blaasbalg* ... *balg*, ‘sak’, volkset. *balk*” (AE, 1967: 166)

Kruger (1995: 58) definieer die proses van **volksetimologie** as “n idiosinkratiese en tog dikwels onderskatte vorm van woordafleiding wat voortspruit uit 'n voorwetenskaplike drang van die gewone spreker om vreemde leksikale vorme binne sy spraakgemeenskap semanties en fonologies toeganklik te maak”. Veral met betrekking tot eksosentriese samestellings in Afrikaans moet die rol van die volksetimologie glad nie gering geskat word nie. Die Afrikaanse woordeskat word verryk deur eksosentriese komposita soos die onderstaande, wat deur middel van volksetimologie ontstaan na analogie van ander lekseme in die taal en kleur aan die leksikon verskaf:

24. *vloekskoot* → “‘geluukskoot’ ... [< E. *fluke*]” (HAT, 1994: 1218, s.v. “vloek”)
25. *kattebelletjie* → “Klein, haastig afgekrabbelde ... briefie ... 'n verbastering van Ndl. cartabel (*ontleen aan It.*) vroeër 'n klein geskrif, of 'n versameling los aantekeninge” (WAT, 1968: 437)
26. *oudelies* → “verafrikaans (uit Frans *eau-de-luce*) ... oplossing van vlugtige barnsteenolie in ammoniak” (WAT, 1955: 414, s.v. ‘eau-de-luce’);
27. *kraaislinger* → “*Chrysler*” (Meyer e.a., s.j.: 52)

Eksosentriese samestellings kan ontstaan as volksetimologieprodukte wat die resultaat is “van **(opsetlike of onopsetlike)** klankverandering van woorde” (Combrink, 1990: 79, my beklemtoning). Beide prosesse word vervolgens bespreek:

5.2.1 Onbewustelike volksetimologie

Volksetimologie kan onopsetlik of onbewustelik plaasvind uit onkunde oor vreemde woorde:

28. *liddoring* → “horingagtige verdikking v. opperhuid; Ndl. *likdoorn / likdoren*, ouer en dial. *lijkdoren* (*lijk* nog in ouer bet. ‘liggaam’ ” (AE, 1967: 389)
29. *ledekant* → “bed m. kap of hemel; Ndl. ... uit Fr. *lit de camp*, ‘veldbed’ ” (AE, 1967: 384)
30. *suursak* → “Oos- en Wes-Ind. booms. ... Ndl. *zuurzak*, volkset. v. Tam. *sirusakkei*, ‘klein broodvrug’ ” (AE, 1967: 626)
31. *albertkoord* → “n Stekelvis” (WAT, 1950: 141); “(via Ndl. uit) Port. en Sp. *albacora*, Eng. *albacore*” (AE, 1967: 131)

Lekseme soos hierdie kan beskou word as **spraakongelukke** wanneer vreemde woorde misverstaan of nie reg gehoor word nie. Die onbekende woord word dan by benadering uitgespreek, “en die klank- en woordbeeld word herlei na woorde wat reeds in die volkstaal bestaan” (Kruger, 1995: 60):

32. *ramboelie* → “n Franse merinoskaap, heet na Rambouillet in Frankryk” (Kruger, 1995: 69)
33. *beesswart* → “**besoar** ... Sieklike harde afskeiding i/d maag van sommige herkouende diere” (WAT, 1950: 390, s.v. “besoar”)
34. *papkuil* → “vleiplant met lang, riemvormige blare” (NW, 1988: 381); “uit die Nederlands *pape(n)kul* se ‘pap’ verwys na die *paap*, of ‘priester’, en die ‘kuil’ kom uit *kul* wat ‘penis’ of ‘teelbal’ beteken” (Kruger, 1995: 65)
35. *skeurbuik* → “Siekte ontstaan deur gebrek aan vitaminyke vars voedsel” (HAT, 1994: 933); “(via Middelnederlands *scorbut*) uit die Middeleeuse Latyn *scorbutus*” (Kruger, 1995: 61)

Sekere volksetimologiese eksosentriese komposita kan ontstaan weens 'n moeilik-uitspreekbare of 'n lang bronwoord, soos in die volgende gevalle:

36. *bloumaans* → “Nagereg” (HAT, 1994: 90); “*blanc-mange*, (plat) *bloemaans*” (AE, 1967: 166)
37. *koperkapel* → “< Port. *cobra de capello*” (Combrink, 1990: 80)
38. *wenteltefies* → “tipe gebak ... (Ndl.) bronwoord, *wentel 't eventjes*, wat verband hou met die feit dat die gebakkies 'n slag of wat omgedraai moet word in die diep olie” (Kruger, 1995: 59)
39. *ratjietoe* → “hutspot; Ndl. ... *ratatoelje* ... uit Fr. *ratatouille*, wat verb. hou m. Fr. ww. *touiller*, ‘roer’ ” (AE, 1967: 533)

Die proses waardeur eksosentriese komposita onbewustelik deur middel van **volksetimologie** ontstaan, was vroeër meer produktief in die vorming van eksosentriese komposita, weens ongeletterdheid, nie-gestandaardiseerde spel- en uitspraakvorme, dialektiese verskille, en ander onkundighede in verband met Afrikaans. As proses is **onopsetlike volksetimologie** vandag tot 'n groot mate onproduktief, weens die deursneespreker se groter kundigheid op taalgebied.

5.2.2 Opsetlike volksetimologie

'n Groot hoeveelheid volksetimologiese **herskeppings**, word opsetlik in die taal geskep, en nie uit onkunde nie:

40. *oliekolonie* → “reukwater; òf via Ndl. òf via Eng. albei lede volkset. v. Fr. *eau-de-cologne*, ‘water van Keulen’ ” (AE, 1967: 456)
41. *binnevet* → “Eng. *benefit*” (Combrink, 1990: 80)
42. *oubout* → “(dial., veral in) *oubout staan*, ‘agterste in die tou staan’; Fr. *au*, ‘aan’, + *bout*, ‘uiteinde’ ” (AE, 1967: 473)
43. *Rooiversbul* → “*Sir Redvers Buller* – ‘n Engelse generaal in die Tweede Vryheidsoorlog” (Meyer e.a., s.j.: 52)

Alhoewel bostaande volksetimologiese lekseme redelik klankgetrou is aan die bronwoorde, is die herskeppings gelaai met 'n nuwe, dikwels geestige semantiese waarde. “Verstaanbaarheid” of “vereenvoudiging ter wille van duidelikheid” het dus hier niks te doene met die proses nie, maar eerder met wat Kruger (1995: 58) “'n slu en bedoelde volkse humor” of “'n taamlik slinkse volkse slimigheid” (1995: 64) noem.

Ten spyte van die feit dat sekere van hierdie herskeppings nie eers as Afrikaanse lekseme in woordeboeke opgeneem is nie, en die gebruik van sommige van hierdie woorde selfs as “agterlike” of swak taalgebruik beskou word deur taalpuriste, is daar geen twyfel daaromtrent dat opsetlike, spitsvondige volksetimologiese produkte heelwat kleur aan die spreek- en skryftaal verleen nie. **Vervolksing** van woorde ter wille van geestigheid, is, anders as herskepping uit onkunde, nog 'n produktiewe proses wat die taal op verskillende vlakke verryk.

5.2.3 Volksetimologie by woorde uit die eie taal

Volksetimologie vind nie altyd net plaas deur woorde van 'n vreemde taal te vereenvoudig in die volksmond nie. Woorde in Afrikaans kan ook volksetimologies verander word om woorde te vorm wat 'n meer bekende voorkoms het:

44. *balderjan* → “Valeriaan” (HAT, 1994: 59)
45. *bronkieties* → “volkset. uit Afr. *bronchitis*” (AE, 1967: 186, s.v. “bromkatjies”)

46. *fietjekatrol* → “Grafolommetjie. Vgl. VIERAKATROLLA” (WAT, 1955: 683)
 47. *oorbietjie* → “ook **oribie** ... rooi wildsbokkie” (HAT, 1994: 748)

Wanneer daar na bostaande voorbeelde gekyk word, is dit duidelik dat die volksetimologiese skeppings nie eintlik eenvoudiger is as die bronwoorde nie. Die produkte is nie werklik korter nie, die uitspraak is nie veel makliker as dié van die bronwoorde nie, en om die kroon te span is daar nog die kwessie van 'n verwarrende betekenisassosiasie met die betekenis van die stam-elemente se woordkorrelate. Tog neem die skeppings darem vir die taalgebruiker klankmatig en struktureel 'n meer “Afrikaanse” vorm aan. Hierdie soort **volksetimologiese vervorming** van woorde in die eie taal kom meer dikwels voor by informele **kinder- en gesin**staal, asook by die leek se gebruik van komplekse of moeilik uitspreekbare terme soos gevind in beroeps- en vaktaal.

5.3 Eksosentriese produkte van reduksie

Geleidelike **klankveranderinge** in die taal het uiteindelik gelei tot semantiese ondeursigtigheid by sommige samestellings. Die belangrikste en mees uitgebreide groep eksosentriese samestellings wat ontstaan het as gevolg van klankverandering, is produkte van **redukeringsprosesse**. Vergelyk die voorbeelde van samestellings wat semanties ondeursigtig geword het as gevolg van **reduksie**:

48. *blouwitrib* → “Blou boerbok met 'n wit gedeelte oor die rib” (WAT, 1950: 454); (< *blouwitrib-boerbok*)
 49. *korthoring* → “Beesras met kort horings” (HAT, 1994: 576); (< *korthoringbees*)
 50. *Driekoninge* → “Christelike fees ... die hoofonderwerp is die aanbidding v/d Christuskind deur die drie Wysies uit die Ooste” (WAT, 1955: 320); (< *Driekoningedag*)
 51. *hangoor* → “Dier met hangende ore” (WAT, 1972: 85); (< *hangoordier*)

In Afrikaans, net soos in Nederlands, is daar 'n neiging om samestellings wat uit meer as twee komponente bestaan, te reduceer tot twee stamme “zodra het compositum mondgemeen word” (Van Loon, 1981: 156). Die onderstaande lekseme is eksemplare van dié proses:

52. *horingsman* → “Horingsmanslang” (HAT, 1994: 394)
 53. *groot tong* → “Reusetongvis” (WAT, 1957: 469)
 54. *taaipit* → “taaipitperske” (HAT, 1994: 1063)
 55. *driebeentjie* → “Wedloop waarby pare teen mekaar hardloop nadat die binnebene van elke gearmde paar aan mekaar vasgemaak is; driebeenwedloop” (HAT, 1994: 168)

Vergelyk ook die onderstaande voorbeelde wat baie lang bronwoorde het en ter wille van **ekonomie** gereduseer is tot korter vorme wat nie meer deursigtig is nie:

56. *half langbeen* → “Gehekelde steek ... **half langbeensteek**” (WAT, 1972: 44)
 57. *drie-agtdae* → “Drie-ag-daereën” (WAT, 1955: 313, s.v. “drie-agdae”)
 58. *huisknolie* → “huisknoliespinnekop” (WAT, 1972: 443)
 59. *kommetjiegat* → “Verkorting van *kommetjiegatmuishond*” (WAT, 1984: 61)

Baie van hierdie gereduseerde vorme is **bahuvrihi-samestellings**, dit wil sê, die woorde dui eksplisiet 'n sekere kenmerk wat besit word deur 'n entiteit aan, terwyl die samestelling eintlik die entiteit wat hierdie eienskap besit, benoem:

60. *kalbasspeen* → “(Bok)ooi met sulke spene ... **kalbasspeenooi**” (WAT, 1968: 154)
 61. *sluierstert* → “soort goudvis met 'n lang, sluiervormige stert” (HAT, 1994: 959); (< *sluierstertvis* / *sluierstertgoudvis*)
 62. *driester* → “Artikel wat ... (met drie sterretjies) gemerk is (om die aandag daarop te vestig)” (WAT, 1955: 324); (< *driesterartikel*)
 63. *groen hart* → “tropiese houtboomsoorte ... **groenharthout**” (WAT, 1957: 424)

Soos reeds in 4.3.1 vermeld is daar 'n **deel-geheel-relasie** tussen baie gereduseerde bahuvrihi-komposita en hul oorspronklike ongereduseerde lekseme. Vergelyk bostaande voorbeelde van bahuvrihi-komposita, asook die onderstaande voorbeelde waar die gereduseerde woord as **deel** telkens verwys na die ongereduseerde woord vir die **geheel**:

64. *swaelstert* → “formele aandbaadjie van mans met 'n lang agterpant” (NW, 1988: 506); (< *swaelstertbaadjie*)
 65. *dubbeldekker* → “**dubbeldekkerbus**” (HAT, 1994: 174)

Reduksie vind hoofsaaklik plaas by samestellings met 'n hoë gebruiksfrekwensie:

66. *bloukop* → “Bloukopkoggelmander” (WAT, 1950: 451)
67. *suidoos* → “Suidoostewind” (HAT, 1994: 1047)
68. *driebeen* → “Pot met drie pote; driebeenpot” (HAT, 1994: 168)
69. *kaas-en-wyn* → “Geselligheid waarby versnaperinge bedien word, veral kaas ... en wyn” (HAT, 1994: 476); (< *kaas-en-wyn-onthaal*)

Gereduseerde produkte wat beskou kan word as eksosentriese samestellings, kan ingedeel word in die strukturele groepe: **knipsels**, **truvorme**, **inkortings** en **kontaminasievorme**.

5.3.1 Knipsels

Knipsels ontstaan wanneer grondwoorde gereduseer word sonder inagneming van die “morfologiese struktuur van die grondwoord” (Combrink, 1990: 56):

70. *huiskom* → “koshuis-komitee” (Combrink, 1990: 56, my onderstreping)
71. *sitkom* → “verkorting van situasiekomedie” (HAT, 1994: 923, my onderstreping)
72. *wedloop* → “Hardloop-wedstryd” (HAT, 1994: 1267, my onderstreping)
73. *skei-nat* → “skeikunde en natuurkunde, wat gesamentlik as skoolvak aangebied word” (NW, 1988: 455, my onderstreping)

Bostaande lekseme bestaan elk uit twee stamme wat heelwat gereduseer is in strukturele vorm. As gevolg van reduksie kan daar ook onsekerheid wees oor die woordsoort waaraan sekere stamme behoort, vergelyk: *sit-* (werkwoord) of *sit-* (< *situasie*) (selfstandige naamwoord), en *wed-* (werkwoord) of *wed-* (< *wedloop*) (selfstandige naamwoord). Die gereduseerde eindprodukte is wel duidelik steeds samestellings wat, in teenstelling met die endosentriese bronsamestellings, semanties ondeursigtig is.

5.3.2 Truvorme

'n **Truvorm** ontstaan wanneer 'n grondvorm gereduseer word op basis van 'n “ingedinkte morfologiese struktuur wat die grondwoord oorspronklik nie gehad het nie” (Combrink, 1990: 56). Ter illustrasie:

- 74. *boskaas* → “boskasie” (Combrink, 1990: 57)
- 75. *potsier* → “potsierlik” (Combrink, 1990: 57)
- 76. *bombas* → “geswolle, hoogdrawende taal. **bombasties**” (NW, 1988: 71)
- 77. *pierewaai* → “Rinkink, jol, fuif ... **pierewaaier**” (HAT, 1994: 797)

Hierdie truvorme neem die voorkoms aan van samestellings wat ondeursigtig is ten opsigte van die betekenis van die skynstamme waaruit dit bestaan. 'n **Skynstam** is 'n woorddeel wat die voorkoms aanneem van 'n stam in die woord, terwyl dit egter nie werklik 'n stam is nie. In die voorbeelde hierbo is *-kaas* en *-bas* byvoorbeeld skynbaar stamme in die woorde *boskaas* en *bombas*, met die woordkorrelate *kaas* en *bas*. Maar omdat die truvorme eintlik verkeerdelik ontstaan het as resultate van “ ‘volksmorfologiese’ ontleding” (Combrink, 1990: 56), is *-kaas* en *-bas* nie werklik stamme met woordkorrelate nie, maar skynstamme.

5.3.3 Inkortings

Inkortings is gereduseerde woorde wat “op basis van langeres gevorm word, met inagneming van die gegewe morfologiese struktuur en met behoud van die betekenis van die oorspronklike woord” (Combrink, 1990: 57). Vergelyk die onderstaande eksosentriese vorme:

- 78. *blouhals* → “'n Spoegslang ... blourinkhals” (WAT, 1950: 450)
- 79. *bek-en-klou* → “bek-en-klouseer” (Combrink, 1990: 57)
- 80. *kortbeen* → “Kortbeenhoender” (WAT, 1984: 476)
- 81. *knoppiesdoring* → “knoppiesdoringboom” (WAT, 1976: 506)

In teenstelling met die bronwoorde wat deursigtig in betekenis is, is die ingekorte lekseme semanties ondeursigtig. Hierdie soort eksosentriese samestellings is baie volop in Afrikaans, en **inkorting** is ook nog 'n produktiewe proses aangesien taalgebruikers altyd strew na die gebruik van korter (makliker?) woorde wat wel nog 'n strukturele ooreenkoms toon met die oorspronklike, ongereduseerde vorme.

5.3.4 Kontaminasievorme

Kontaminasievorme is eintlik net **versprekings**, dit wil sê, “twee of meer woorde of sinsvorme wat baie nou verwant is in waarde of betekenis, kom as’t ware gelyktydig op die tong en loop deurmekaar” (Meyer e.a., s.j.: 51):

- 82. *koggelmander* → “reptiels. ... kontamv. v. *koggelmannetjie* ... en (*klip*) *salmander*” (AE, 1967: 361)
- 83. *omslommering* → “beslommernis, belemmering en omslagtigheid” (Meyer e.a., s.j.: 51)
- 84. *modderas* → “papperige / slymerige modder; wsk. kontamv. v. *modder* en *moeras*” (AE, 1967: 426)
- 85. *midbyt* → “*middagete* + *ontbyt*” (Combrink, 1990: 79)
- 86. *jangunstig* → “Jaloers; afgunstig – kontaminasie van *ja(n)loers* en *afgunstig*” (WAT, 1968: 29)

Soos gesien bestaan hierdie lekseme uit 'n deel van een woord plus 'n deel van 'n ander woord wat nou saam 'n nuwe woord vorm wat steeds dieselfde betekenis dra as die stamwoorde. **Kontaminasievorme** is algemeen in **kindertaal**, maar redelik skaars in die res van die Afrikaanse leksikon. Die proses is ook onproduktief, aangesien dit eintlik taalfoute is wat gou gekorrigeer word en gewoonlik nie as nuwe woorde in die leksikon opgeneem word nie.

5.4 Betekenisverandering

Die **betekenis** van 'n woord is “die konstante element waaraan 'n woord in die taalgebruik herken word en die noodsaaklike komplement van die klankvorm” (Smuts, 1964: 22). Alhoewel 'n woord dikwels 'n hele spektrum van verskillende betekenis kan vertoon, is daar vir elke woord gewoonlik één dominante betekenis op 'n gegewe tydstip. Hierdie **dominante betekenisonderskeiding** kan met verloop van tyd egter “minder gebruiklik word of selfs verdwyn hoewel die woord bly voortbestaan” (Smuts, 1964: 22). **Betekenisverandering**, nes **reduksie** en **klankverandering** wat kan lei tot die ontstaan van eksosentriese samestellings, is

forme van “**diachroniese** ontwikkeling en verandering van (die) taal” (Odendal, 1983: 31, my beklemtoning).

Die drie belangrikste prosesse van betekenisverandering wat lei tot semantiese ondeursigtigheid van sekere samestellings, is **betekenisverruiming**, **betekenisverslegting** en algehele **betekenisvervanging**.

5.4.1 *Betekenisverruiming*

Wanneer die oorspronklike betekenis van 'n woord uitgebrei word om ander sake ook te benoem, vind **betekenisuitbreiding** of “**betekenisverruiming**” (De Villiers, 1976: 115) plaas. In die onderstaande voorbeelde is die oorspronklike enkelbetekenis van die lekseme mettertyd uitgebrei om verskeie ander sake te benoem:

87. *vastrap*

Oorspronklik: “Ndl. *vastrappen* alleen lett. (bv. grond met voet vastrap)” (AE, 1967: 676)

Verruim:

1. “n soort volksdans” (AE, 1967: 676)
2. “pak slae gee” (NW, 1988: 551)
3. “weerstand bied” (HAT, 1994: 1152)
4. “Betrap” (HAT, 1994: 1152)

88. *donderpadda*

Oorspronklik: “paddasoort ... (wat) hulle opblaas as hulle onsteld raak” (WAT, 1955: 239)

Verruim:

1. “opgeblase of nukkerige ... persoon” (WAT, 1955: 239)
2. “motorfiets” (WAT, 1955: 239)

89. *eselsoor*

Oorspronklik: “Oor van 'n esel” (HAT, 1994: 202)

Verruim:

1. “Kortstammige vetplant” (WAT, 1955: 602)
2. “Omgevoude bladsyhoek” (HAT, 1994: 202)

90. *katoog*

Oorspronklik: “Oog van 'n kat” (WAT, 1968: 429)

- Verruim:**
1. “oog ... wat in die donker sien” (NW, 1988: 244)
 2. “soort halfedelsteen” (NW, 1988: 244)
 3. “weerkaatser op paaie” (NW, 1988: 244)
 4. “enigeeen van 'n aantal kruidgewasse” (NW, 1988: 244)
 5. “Alikreukel” (HAT, 1994: 507)
 6. “Kwartsalbaster” (HAT, 1994: 507)

Alhoewel die voorbeeldlekseme redelik deursigtig kan wees ten opsigte van sommige uitgebreide betekenisonderskeidings, is daar van die uitgebreide betekenis wat glad nie afgelei kan word net uit die betekenis van die samestellende dele nie. Die oorspronklike endosentriese komposita het dus nou elk verander in 'n **homonimiese** groep lekseme, waarvan een homoniem 'n deursigtige endosentriese samestelling is, en die ander lid / lede van die groep ondeursigtig is en as eksosentriese samestelling(s) geklassifiseer kan word.

Daar sou ook geredeneer kon word dat dit die semantiese relasie van **polisemie** is wat by bostaande voorbeelde ter sprake is, aangesien daar tussen sekere van die betekenis wat verruim is, en die oorspronklike betekenis van die woorde, 'n waarneembare betekenisverwantskap is. Hierdie betekenisband met die oorspronklike betekenis van die woord kan duideliker by sekere van die betekenis waargeneem word as by ander. So is daar byvoorbeeld by die lekseem *katoog* wat hierbo aangegee word, 'n baie duidelike verwantskap tussen die eerste vier uitgebreide betekenis van *katoog* met die oorspronklike woordbetekenis, sodat die lekseem *katoog* met hiërdie uitgebreide betekenis moontlik as 'n groep **poliseme** van die oorspronklike woord geklassifiseer kan word. Die laaste twee betekenisverklarings is egter moeiliker assosieerbaar met die oorspronklike lekseembetekenis, sodat dié woorde dalk eerder as **homonieme** van *katoog* beskou moet word. Sien ook 4.4. en 6.3. in verband met hierdie kwessie.

As subgroep van eksosentriese komposita wat ontstaan het deur middel van **betekenisuitbreiding**, is daar ook **leensamestellings** wat in Afrikaans deursigtig was, maar

ondeursigtige “betekenisonderskeidings bygekry (het) as gevolg van ontlenuing aan ander tale” (Smuts, 1964: 29). Ter illustrasie:

91. *opmaak* → “beïnvloed, opstook, aanhits” (Smuts, 1964: 29);
Oorspronklik → “opstel ... uitreken ... rangskik” (NW, 1988: 371)
92. *afneem* → “'n Portret neem; fotografeer” (WAT, 1950: 86);
Oorspronklik → “ondertoe neem ... verwyder” (NW, 1988: 15)
93. *doodmaak* → “vuur blus” (Smuts, 1964: 29);
Oorspronklik → “om die lewe bring” (HAT, 1994: 160)
94. *opskroef* → “dwing om sy skuld te betaal” (NW, 1988: 373);
Oorspronklik → “Deur te skroef hoër, boontoe beweeg” (HAT, 1994: 765)

Oorspronklik was bostaande lekseme semanties deursigtig, maar dit het onder invloed van ander tale nuwe betekeniswaardes bygekry, sodat 'n homonimiese eksosentriese samestelling ontstaan het vir elke eertydse endosentriese samestelling.

5.4.2 *Betekenisverslegting*

Tydens die proses van **betekenisuitbreiding** kan daar soms ook 'n **emotiewe pluswaarde** aan die lekseem geheg word by sekere van die uitgebreide betekenis. Die emotiewe konnotasie kan óf **positief** óf **negatief** wees, maar wanneer daar 'n studie gemaak word van lekseme wat betekenisuitbreiding ondergaan het, is dit opvallend dat by verre die meerderheid woorde 'n negatiewe waarde bykry. Hierdeur word dus **pejoratiewe** gevorm, dit wil sê woorde “met 'n ongunstige betekenis” (HAT, 1994: 789). Die proses waardeur 'n woord volgens konvensie 'n ongunstige betekenis aanneem word **betekenisverslegting** of **pejoratiwering** genoem. Vergelyk die onderstaande ter illustrasie:

95. *blouvy* → “Skimpnaam vir 'n blanke met 'n baie donker vel” (WAT, 1950: 454)
Oorspronklik → “Persblou vy” (WAT, 1950: 454)

96. *smeerlap* → “liederlike, oneerlike vent” (NW, 1988: 470)
Oorspronklik → “lap waarmee gesmeer word” (HAT, 1994: 963)
97. *gompot* → “Niksword persoon; lummel” (WAT, 1957: 351)
Oorspronklik → “Pot waarin gom gehou word” (HAT, 1994: 298)
98. *kaaiman* → “a. Kwaai vrou ... b. Afwyserige persoon ... c. Ouderwetse persoon ... d. Blikskottel” (WAT, 1968: 94)
Oorspronklik → “enigee van 'n aantal klipsalmanders of koggelmanders ... alligator” (HAT, 1994: 473)

Die oorspronklike betekenis van bostaande lekseme was heeltemal neutraal, sonder enige negatiewe konnotasie. As gevolg van die proses van **betekenisverslegting** wat by hierdie woorde plaasgevind het, kan dieselfde endosentriese komposita nou ook voorkom as eksosentriese komposita met 'n sterk negatiewe waarde as **neerhalende benamings** vir persone.

5.4.3 *Betekenisvervanging*

By bostaande prosesse van **betekenisuitbreiding** en **-verslegting** is die oorspronklike sowel as die veranderde betekenis van die lekseme nog bekend en algemeen toepasbaar deur die taalgebruiker. **Betekenisvervanging** is die proses waardeur 'n veranderde of uitgebreide betekenis van 'n lekseem die oorspronklike betekenis totaal verdring. Die oorspronklike betekenis kan ook tot so 'n mate deur **veroudering** in onbruik raak dat net die veranderde betekenis nog aan die woord gekoppel word, byvoorbeeld:

99. *skoelapper* → “bont vleuelinsek” (NW, 1988: 458)
Oorspronklik → “Ambagsman wat stukkende skoene lap” (HAT, 1994: 937)
100. *vasloop* → refleksief: “in moeilikheid beland” (NW, 1988: 551)
Oorspronklik → oordragtelik: “in so 'n toestand kom dat daar geen uitweg is nie” (Smuts, 1964: 27)

101. *karwei* → “transportwerk doen” (NW, 1988: 243)
Oorspronklik → “vroeër ‘onbetaalde werk verrig’ ” (AE, 1967: 341)
102. *mooipraat* → “Soebat, pamperlang” (HAT, 1994: 677)
Oorspronklik → “Ndl. ‘iets goedpraat of te gunstig voorstel, vlei’ ” (Smuts, 1964: 27)

Die oorspronklike betekenis van bostaande komposita is heeltemal vervang deur ander betekenis, en alhoewel die oorspronklike semantiese waardes van die woorde in baie gevalle afgelei kon word uit die betekenis van die komposita se stamme, is die woorde vandag semanties ondeursigtig.

5.5 *Betekenisassosiasie*

Sekere voorwerpe word tot so 'n mate geassosieer met die een of ander aspek van hul voorkoms, smaak, reuk, gedrag, ensovoorts, dat die voorwerpe dan benoem word volgens hierdie attribuut. Die stylfiguur van **metonimia** is hier ter sprake: 'n saak word nie by sy regte naam genoem nie, “maar by die naam van 'n verwante saak” (Van Rouendal & Du Toit, s.j.: 23) waarmee dit algemeen geassosieer word (vergelyk ook die besprekings van metonimie in 4.3.1 en 6.4). Die onderstaande lekseme kan geklassifiseer word as eksosentriese samestellings op grond van die feit dat die woorde telkens letterlik die **kentekens** van sekere instansies benoem, maar die addisionele betekenis dra van die mense of saak waarmee hierdie kenteken verband hou:

103. *blouknoop* → “'n Geheelonthouer (so genoem na aanleiding van die onderskeidingsteken van geheelonthouers)” (WAT, 1950: 451)
104. *hamer-en-sekel* → “Kommunisme of kommuniste, na aanleiding van die kenteken v/d Kommuniste” (uit die spreektaal)
105. *Springbok* → “sportman wat gekies is om Suid-Afrika te verteenwoordig in internasionale wedstryde (na aanleiding van die springboksimbool van Suid-Afrika)” (HAT, 1994: 996)
106. *Bloukruis* → “Naam van 'n internasionale bond vir drankbestryding” (WAT, 1950: 451)

107. *koperster* → “polisiemag (na aanleiding van die kenteken wat deur lede v/d S.A. polisiemag gedra word)” (WAT, 1984: 380)
108. *Hakekruis* → “embleem v/d voormalige Duitse Nasionaal-Sosialisteparty tydens die Hitler-bewind” (WAT, 1972: 35); metonimies gebruik vir “Naziïsme” in Van Rouendal & Du Toit (s.j.: 23)

Die samestellings hierbo staan telkens nie net vir die **kenteken** van 'n organisasie of saak nie, maar ook vir die **lede** wat aan hierdie saak, party of organisasie behoort en wat dus 'n besonder sterk assosiasie toon met die wapen of kenteken.

Die volgende **metonimiese komposita** het 'n baie hoë gebruiksfrekwensie in Afrikaans:

109. *bloubottel* → “Kasterolie, so genoem omdat dit vroeër meestal in 'n bottel met 'n donklerblou kleur verkoop is” (WAT, 1950: 449)
110. *kromneus* → “benaming vir 'n Jood” (WAT, 1991: 241)
111. *groendakkies* → “gestig vir sielsiekes, waarskynlik na aanleiding van die groendakgeboue van een of meer sulke inrigtings” (WAT, 1957: 423)
112. *vierkleur* → “Vlag van die Zuid-Afrikaansche Republiek (Transvaal)” (HAT, 1994: 1207)

Sekere benamings vir politieke groepe en die lede wat daaraan behoort, is ook goeie voorbeelde van metonimiese eksosentriese komposita:

113. *Bruinhemp* → “Duitse Nasionaal- Sosialis” (HAT, 1994: 113)
114. *rooibaadjie* → “Benaming vir 'n Engelse soldaat, wat vroeër 'n rooi baadjie gedra het as deel van sy uniform” (HAT, 1994: 871)
115. *Swarthemp* → “Lid van die vroeëre Italiaanse Fascisteparty” (HAT, 1994: 1055)
116. *Gryshemp* → “Lid van 'n politieke beweging ... genoem n/d kleur v/d hemp wat deur 'n lid in uniform gedra is” (WAT, 1957: 477)

Nes bostaande lekseme het die onderstaande benamings ook ontstaan op grond van assosiasie met 'n sekere tipiese kleredrag of deel van 'n uniform wat deur groepe persone gedra word:

117. *blourok* → “Volksbenaming vir 'n aanhanger v/d Spade Reënbeweging; so genoem omdat die vrouelede altoos in blou rokke gekleed gaan” (WAT, 1950: 452)
118. *bloujas* → “Polisieman, voetkonstabel” (WAT, 1950: 451)
119. *koperknoop* → “Polisieman – skerts. so genoem n.a.v. sy uniformknope van koper” (WAT, 1984: 376)
120. *Kortbaadjie* → “Dopper” (WAT, 1984: 476)

Assosiasie op grond van tydsverband het gelei tot alternatiewe ondeursigtige betekenis van die volgende woorde:

121. *agtuur* → “ontbyt” (NW, 1988: 21)
122. *twaalfuur* → “middagete” (NW, 1988: 535)
123. *dertienuur* → “Baie laat i/d nag” (WAT, 1955: 93)
124. *vieruurtjie* → “Middagkoffie, -tee” (HAT, 1994: 1207)

Sekere lekseme word genoem na 'n sekere plek of persoon waardeur dit beroemd geraak het. Ook kan woorde bekend raak met 'n sekere betekenis wat dit aangeneem het of wat daarmee geassosieer is in 'n bekende letterkundige werk. Mettertyd word hierdie oorsprong vergeet, sodat die algemene taalgebruiker nie weet waarom 'n sekere lekseem 'n vreemde, semanties ondeursigtige voorkoms het nie. Hierby kan ook die woorde genoem word wat ontstaan as **vernoemings** van plekke, persone (soos uitvindings), ensovoorts. Vergelyk die onderstaande voorbeelde van **vernoeming**:

125. *duinker* → “terugtrekking uit stellings gedurende krygsverrigtings; aftog, wyk, vlug” (WAT, 1955: 383); die woord is ontleen aan die Franse pleknaam “Dunkerque ... van waar Britse Leër i.d. Tweede Wêreldoorlog (1940) ontruim is” (AE, 1967: 210)
126. *jakobjollie* → “Dwarswal in 'n pad; so genoem na 'n padinspekteur ... wat as ‘Jacob Jollie’ bekend gestaan het” (WAT, 1968: 22)
127. *skrapnel* → “bomdop met koeëls ... uit Eng. *shrapnel*, na naam v. sy uitvinder, genl. H. Shrapnel” (AE, 1967: 591)
128. *martini-henry* → “Verouderde afbreekgeweer ... Genoem na die uitvinder” (HAT, 1994: 648)

129. *jakob-oortman* → “Soort ouderwetse skietgeweer; so genoem n/d fabrikant Jacob Oortman” (WAT, 1968: 22)

Betekenisassosiasie is 'n uitstekende bron van eksosentriese samestellings. Die proses wat lei tot die ontstaan van 'n assosiatiewe betekenis by 'n bestaande samestelling, of die samevoeging van twee stamme ter wille van 'n assosiasie, is ook steeds produktief, aangesien daar aanhoudend nuwe assosiasies tussen sake waargeneem of geskep word, en dan op hierdie wyse benoem word.

5.6 Klanknabootsing

Klanknabootsing of **onomatopee** vind plaas wanneer 'n woord “gemaak” word “na aanleiding van die betrokke saak se geluid” (Combrink, 1990: 81). Vergelyk die voorbeelde van klanknabootsende voëlnaam, waar die woorddele wat lyk soos verskillende stamme met woordkorrelate, geen bydrae maak tot die betekenis van die geheelkomposita nie:

130. *kelkiewyn* → “Klanknabootsende naam vir die namakwapatrys ... n/d geluid wat die voël i/d vlug maak” (WAT, 1968: 477)
131. *jawragtig* → “swartkorhaan...” (WAT, 1968: 38)
132. *piet-my-vrou* → “voël van die koekoek-groep met ... 'n kenmerkende roep van drie note wat tot sy naam aanleiding gee” (NW, 1988: 389)
133. *bokmakierie* → “'n Geel en groen voël ... die naam is klanknabootsend v/d geluid waarmee die mannetjie die wyfie roep” (WAT, 1950: 475)

Daar word nie op hierdie stadium verder ingegaan op die groot verskeidenheid **klanknabootsende benamings** vir voëls, asook ander diere, insekte en visse nie. Net nog die onderstaande voorbeelde ter illustrasie van die wyse waarop klanknabootsing kan lei tot die ontstaan van eksosentriese komposita:

134. *doemdoempie* → “bruispatroon vir spuitwaterfles” (AE, 1967: 201)
135. *klapklappie* → “plakkie of sloffie ... wat slegs a/d voorste deel v/d voet bevestig is en gevolglik teen die grond of die hak klap(per) as daarmee geloop word” (WAT, 1976: 52)

136. *gor-gor* → “Klanknabootsende naam vir 'n karnivore vissoort” (WAT, 1957: 359)
137. *toktokkie* → “soort kewer” (NW, 1988: 525)

Klanknabootsing speel 'n groot rol by die ontstaan van eksosentriese komposita in die taal, aangesien dit by klanknabootsende woorde slégs oor die klank van die woord gaan, en die betekenis van die samestellende dele se woordkorrelate gewoonlik geen verband met die betekenis van die uiteindelijke samestelling hou nie, soos gesien in bostaande voorbeelde.

5.7 Leenvorme uit ander tale

Ontlening vind plaas wanneer “leksikale items uit ander tale oorgeneem” word (Eksteen, 1989: 372), met of sonder 'n aanpassing in uitspraak en spelling. Vergelyk die onderstaande ongelede leenvorme in Afrikaans:

- | | | | |
|------|----------------|---|---|
| 138. | <i>tronk</i> | < | Portugees “ <i>tronco</i> ” (AE, 1967: 659) |
| 139. | <i>brekfis</i> | < | Engels “ <i>breakfast</i> ” (AE, 1967: 185) |
| 140. | <i>swaap</i> | < | Duits “ <i>Schwaben</i> ” (AE, 1967: 627) |
| 141. | <i>tsamma</i> | < | Nama “ <i>tsāmā-s</i> ” (AE, 1967: 661) |

'n **Leenvertaling** is 'n samestelling waarvan die verskillende stamme apart “vertaal” is (Eksteen, 1989: 374) in 'n ander taal. Baie eksosentriese komposita in Afrikaans is direkte leenvertalings van bestaande eksosentriese lekseme in ander tale. Vergelyk die onderstaande:

142. *eendstert* → “Jongmens ... met lang hare wat agter soos 'n eend se stert gekam is (en wat dikwels baldadig optree)” (HAT, 1994: 182); na die Engels, *ducktail*.
143. *seekoei* → “amfibiese soogdier” (HAT, 1994: 900); na die Middelnederlands, *seecoe*.
144. *sneeubal* → “Vinnig (en buite beheer) toeneem” (HAT, 1994: 966); na die Engels, *snowball*.
145. *swynhond* → “Gemene vent” (HAT, 1994: 1059); na die Hoogduits, *schweinhund*.

Engels is die brontaal waaruit die meeste Afrikaanse leenvertalings in die verlede opgeneem is, en waaruit **leenvertaling** vandag steeds soms plaasvind ter aanvulling van die leksikon:

146. *gister-vandag-en-môre* → “Josefskleed” (WAT, 1968: 72); na die Engels, *yesterday-today-and-tomorrow*.
147. *ruk-en-rol* → “Jazz ... (asook) wilderige dans wat hierby gedans word” (HAT, 1994: 879); na die Engels, *rock and roll*.
148. *hiernamaals* → “Lewe, voortbestaan na die dood” (WAT, 1972: 261); na die Engels, *hereafter*.
149. *warmbrak* → “worsbroodjie” (uit die spreektaal); na die Engels, *hotdog*.
150. *bottelnek* → “Knelpunt” (HAT, 1994: 106); na die Engels, *bottle-neck*.

Bostaande leenvertalings is semanties ondeursigtig, met dieselfde figuurlike betekenis as die bronwoorde waaruit dit vertaal is. Hierdie woorde verryk die taal en vul in baie gevalle 'n leemte in die leksikon, terwyl sekere van die woorde **anglisisties** van aard is en die gebruik daarvan deur taalpuriste ontmoedig word.

5.8 Samevatting

Eksosentriese komposita kan op verskillende wyses in 'n taal ontstaan. In hierdie hoofstuk is daar gekyk na die belangrikste ontstaansgroepe eksosentriese komposita in Afrikaans. Eerstens is eksosentriese samestellings wat ontstaan het deur die proses van **volksetimologie**, bespreek. **Onbewustelike** sowel as **opsetlike volksetimologie** kom voor, en albei is goeie bronne van eksosentriese komposita in Afrikaans. **Knipsels, truvorme, inkortings en kontaminasievorme** is die belangrikste subgroepe van gereduseerde woorde wat eksosentriese samestellings kan wees.

Deur middel van diachroniese betekenisveranderingsprosesse, naamlik **betekenisverruiming**, **-verslegting** en **-vervanging**, word die semantiese aard van ongelede sowel as gelede lekseme tot só 'n mate verander dat eertydse endosentriese samestellings alternatiewelik as eksosentriese samestellings diens kan doen in die taal. Stylfigure soos **metonimia** (**betekenisassosiasie**) en **onomatopee** (**klanknabootsing**), is verdere prosesse wat die ontstaan van eksosentriese komposita tot gevolg kan hê, alhoewel daar by klanknabootsende lekseme

dikwels twyfel bestaan of 'n woord as geled of ongeled geklassifiseer moet word, aangesien dit by hierdie woorde primêr oor klank gaan en nie oor struktuur nie. Ten slotte is die proses van **leenvertaling** bespreek in samehang met die ontstaan van samestellings wat semanties ondeursigtig is in die leksikon.

Hoewel die prosesse wat in hierdie hoofstuk bespreek is nie ál ontstaanswyses is wat eksosentriese komposita tot gevolg het nie, is dit van die belangrikste wyses waarop dié komposita in Afrikaans ontstaan. Prosesse soos **nuutskepping**, **oorerwing** en ander soorte **klankverandering** kan ook lei tot die ontstaan van eksosentriese samestellings, maar hierdie ontstaanswyses skyn uit die ondersoekte korpus eksosentriese komposita nie so produktief te wees soos dié wat in hierdie hoofstuk bespreek is nie. Ter wille van ekonomie word daar nie nou op die onbelangriker ontstaansprosesse ingegaan nie.

HOOFSTUK 6

SEMANTIESE SUBGROEPE EKSOSENTRIESE SAMESTELLINGS

6.1 Inleiding

Eksosentriese komposita kan in verskillende subgroepe verdeel word op grond van die semantiese aard van sekere samestellings. Eerstens word die samestellings in groepe ingedeel op grond van die gedeelte van die woord wat ondeursigtig is. Van die belangrikste subgroepe wat verder bespreek word, is bahuvrihi-samestellings, verouderde komposita, endosentriese komposita wat figuurlik gebruik kan word en komposita wat gebonde is tot optrede in vaste idiomatiese uitdrukkings.

Afgesien van bogenoemde semantiese subgroepe, is daar ander groepe eksosentriese samestellings wat ook as semantiese subgroepe geklassifiseer kan word, maar wat terselfdertyd spesifieke funksies verrig, soos onder andere naamgewing en toponimie, die verlening van affek en taalkundige estetiek aan uitdrukkings, en die funksie om maatskaplik kontak met taalgenote te maak. Die rol wat hierdie groepe eksosentriese samestellings speel, is egter so belangrik, dat dit 'n aparte, funksioneel-gerigte studie in fyner besonderhede regverdig, en daarom word dit nie in hierdie verhandeling ondersoek nie.

6.2 Subgroepe komposita volgens die deel wat ondeursigtig is

Semanties kan eksosentriese komposita in verskillende groepe ingedeel word op grond van die spesifieke deel van die lekseem wat ondeursigtig is. In navolging van Botha (1968) en Van Jaarsveld (1976) kan verskillende groepe eksosentriese komposita van mekaar onderskei word op grond van die **gedeelte** van die samestelling wat semanties ondeursigtig is. Die volgende tipes eksosentriese komposita kan hierdeur van mekaar onderskei word: komposita wat elk as 'n geheel ondeursigtig is, en komposita waar die ondeursigtigheid van die woord opgesluit is in een of meer van die stamme waaruit dit bestaan.

6.2.1 Eksosentriese komposita wat as 'n geheel ondeursigtig is

Die onderstaande voorbeelde van eksosentriese samestellings is telkens as 'n **geheel** semanties ondeursigtig, sonder dat enige van die stamme as ondeursigtig beskou kan word. Die deursigtige, letterlike betekenis van elke samestelling word by elke voorbeeld eerste gegee, en tweedens die ondeursigtige betekenis(se) van die samestelling.

1. *bokwagter* → “Persoon wat bokke oppas” (WAT, 1950: 477)
→ “Oujongnooi, oujongkêrel” (HAT, 1994: 100)
2. *drakekop* → “Kop van 'n draak” (WAT, 1955: 303)
→ “Spuier, geutspuit” (WAT, 1955: 303)
3. *oliekoek* → “oliebol, oliegebak” (GAS, 1995: 228)
→ “Domkop, niksnuts” (HAT, 1994: 712)
4. *turksvy* → “1. ...soort kaktus met 'n eetbare vrug. 2. vrug van die plant”
(NW, 1988: 535)
→ “'n Netelige probleem” (AIVU, 1994: 376)

Soos in bostaande voorbeelde waargeneem kan word, lê die semantiese ondeursigtigheid van die samestellings nie in enige van die konstituente nie, maar indie uitgebreide metaforiese betekenis wat die samestellings aanneem in die leksikon. Vergelyk die onderstaande soortgelyke voorbeelde:

5. *bedelsak* → “Sak vir aalmoese” (WAT, 1950: 344)
→ “Uiterste armoede” (WAT, 1950: 344)
→ “Persoon wat onophoudelik om iets vra” (WAT, 1950: 344)
6. *geelvink* → “Kaapse wewer, ... 'n geelkleurige vink” (WAT, 1957: 87)
→ “Goue pond” (WAT, 1957: 87)
7. *konkelooi* → “Ooi wat 'n ander ooi se lam weglok” (HAT, 1994: 564)
→ “Vrou ... wat ander se kinders ... weglok” (WAT, 1984: 177)

8. *dagster* → “Enigeeen v/d planete Venus, Jupiter, Mars, Mercurius en Saturnus wanneer dit voor die son opkom” (WAT, 1955: 17)
 → “Voorloper van 'n nuwe periode of vernuwing op enige gebied” (WAT, 1955: 17)

Hierdie komposita toon telkens 'n letterlike sowel as metaforiese betekenis. Anders gestel, die betekenis van die komposita word telkens as gehele “konjunk sowel as disjunk toegepas” (Van Jaarsveld, 1976: 80). Hierdie samestellings kom in die vorm van homoniempare voor, met een lid van elke paar as 'n endosentriese, letterlike samestelling, en die ander lid as 'n eksosentriese, metaforiese samestelling. Daar word later in hierdie hoofstuk in meer besonderhede ingegaan op hierdie groot groep samestellings met 'n letterlike, sowel as 'n figuurlike betekenis (sien 6.3.).

6.2.2 Eksosentriese komposita waarvan een of meer van die stamme ondeursigtig is

By sekere komposita is slegs 'n sekere deel daarvan semanties ondeursigtig, nie die samestelling as 'n geheel nie. Hierdie woorde kan in verskillende groepe ingedeel word op grond van die deel wat ondeursigtig is, naamlik die beginlid, die eindlid, of die begin- en eindlid van die woord afsonderlik.

6.2.2.1 Komposita met metaforiese beginlede

In die volgende voorbeelde is dit telkens slegs die eerste stam van elke samestelling wat semanties ondeursigtig is, en waardeur die hele samestelling dan as 'n eksosentriese kompositum geklassifiseer kan word:

9. *jammerlappie* → “nat lappie, tafellappie” (GAS, 1995: 138)
 10. *pantoffelregering* → “Oorheersing deur die vrou, veral in die huis” (HAT, 1994: 781)
 11. *komkommertyd* → “stil tyd van die jaar wanneer daar min nuus is (vir koerante)” (NW, 1988: 262)

12. *krokodiltrane* → “geveinste, onegte trane” (NW, 1988: 274)

Volgens Van Jaarsveld (1976: 80) word die betekenis van die eerste stamme in bostaande voorbeeldlekseme “disjunk toegepas”. Vergelyk die onderstaande komposita wat op dieselfde wyse gevorm is:

13. *straatvrou* → “Prostituut” (HAT, 1994: 1032)
 14. *soustannie* → “vet vrou” (GAS, 1995: 346)
 15. *donkiemelk* → “benaming vir blikkiesmelk” (WAT, 1955: 243)
 16. *motreën* → “fyn, sagte reën” (NW, 1988: 329)

Hierdie sub tipe eksosentriese komposita verskil van prototipiese eksosentriese komposita in die sin dat sommige van hierdie woorde tóg hiponieme van hul laaste stamme is, aangesien die idiomatisiteit van die woorde slegs in die eerste stamme vervat is. So byvoorbeeld is 'n *straatvrou* wel 'n soort *vrou*, maar tog nie enige *vrou* wat bloot in 'n *straat* staan nie; *motreën* is 'n soort *reën*, maar het niks met *motte* te doen soos die beginstam impliseer nie, ensovoorts. Vergelyk ook in hierdie verband 4.2.2. waar die afwesigheid van 'n hiponimie-relasie tussen eksosentriese komposita en hul eindstamme bespreek word.

Die kwessie van insluiting van eksosentriese komposita met deursigtige eindlede, binne hiponimie-relasies met hul eindstamme, is 'n relatiewe kwessie wat te make het met wáár presies die grense van hiponimie getrek word. Hierdie aspek bied moontlik 'n tema vir verdere navorsing binne die studieveld van hiponimie, en daar word nie in die bestek van hierdie verhandeling verder daarop ingegaan nie.

6.2.2.2 Komposita met metaforiese eindlede

Komposita wat ondeursigtige eindlede het, is baie volop in die klas eksosentriese komposita:

17. *groenwater* → “Benaming ... vir die see, wanneer dit groen vertoon” (WAT, 1957: 429)
 18. *luistervink* → “afluisteraar” (GAS, 1995: 192)
 19. *grapjas* → “Iemand wat gedurig grappe maak” (HAT, 1994: 306)
 20. *ydeltuit* → “ydell mens, behaagsieke persoon” (NW, 1988: 613)

In hierdie woorde tree die eerste konstituente telkens op as **bepalerstamme**, net soos by endosentriese komposita. Die eindstamme is egter semanties ondeursigtig, sodat die komposita nié hiponieme van hul eindstamme is nie en daarom steeds as eksosentriese komposita geklassifiseer kan word, ten spyte daarvan die woorde gedeeltelik deursigtig is op grond van die deursigtige beginstamme. Vergelyk ook die onderstaande samestellings uit die Afrikaanse leksikon wat op dieselfde wyse gevorm is:

- 21. *voethotnotjies* → “Voetwortelbeentjies” (HAT, 1994: 1223)
- 22. *geluksvoël* → “Gelukskind” (HAT, 1994: 256)
- 23. *huweliksbootjie* → “Die huwelik versinnebeeld deur 'n bootjie waarmee die reis v/d huwelikslewe gedoen word” (WAT, 1972: 461)
- 24. *senuweeorrel* → “neurotikus, senulyer (GAS, 1995: 313)

In 'n groot groep eksosentriese komposita wat op hierdie wyse gevorm is, met 'n semanties ondeursigtige eindstam, is dit 'n **diernaam** wat optree as die metaforiese eindstam:

- 25. *padvark* → “onbeskofte motorbestuurder” (NW, 1988: 378)
- 26. *kroegvlieg* → “alkoholis, ... drinker” (GAS, 1995: 171, s.v. “kroegloper”)
- 27. *nagwolf* → “persoon wat tot laat in die nag rondloop of werk” (NW, 1988: 335)
- 28. *straatgans* → “voetganger wat verkeersreëls oortree” (HAT, 1994: 1032)

Die metaforisiteit van hierdie soort woorde is dus opgesluit in die diername wat optree as eindstamme. Deur middel van **assosiasie** word die betekenis van hierdie diername, soos *vark* en *vlieg*, uitgebrei om sekere (dikwels negatiewe) eienskappe van die diere in die lekseembetekenis te inkorporeer. Hierna vind verdere betekenisuitbreiding plaas, sodat die woorde, in verbinding met bepalerstamme soos *pad-* en *kroeg-*, aangewend kan word as benamings vir mense.

6.2.2.3 Komposita met metaforiese begin- en eindlede

In die onderstaande komposita het die begin-, sowel as die eindstamme van die woorde telkens “seperately a metaphorical sense” (Botha, 1968: 198):

- 29. *donsdassies* → “Benaming vir ongeskilte droëvrugtetjies” (WAT, 1955: 244)

30. *grasweduwee* → “Getroude vrou wie se man tydelik nie by haar is nie” (HAT, 1994: 307)
31. *warmpatat* → “vurige meisie” (NW, 1988: 597)
32. *melkdermpie* → “bangjan, bog, deugniet” (GAS, 1995: 200)
33. *jongkêrel* → “dou” (Pansegrouw, 1995: 323)

Hierdie groep eksosentriese komposita is dus nie as **gehele** ondeursigtig nie, en ook is die samestellings se ondeursigtigheid nie opgesluit slegs in óf die beginstam, óf die eindstam nie.

Die onderstaande lekseme illustreer die semantiese struktuur van dié soort woorde:

34. *blouduiwel* → “dronkmanswaansin, horries” (Pansegrouw, 1995: 91)
35. *nerfskeel* → “Amper, hittete” (HAT, 1994: 697)
36. *hoerejong* → “Uitgangstreël bo aan 'n bladsy ... iets wat as 'n lelike tipografiese fout beskou word” (WAT, 1972: 329)
37. *bobbejaanspieël* → “Mika” (WAT, 1950: 457); “Glasagtige metaal” (HAT, 1994: 664, s.v. “mika”)

In hierdie afdeling is daar gekyk na subtypes eksosentriese komposita wat semanties ondeursigtig is, na aanleiding van ondeursigtige stamme. Drie groepe komposita is onderskei, naamlik: komposita met 'n metaforiese **beginstam**, met 'n metaforiese **eindstam**, en komposita met 'n metaforiese **begin- en eindstam**.

6.2.3 Komposita met 'n metaforiese stam wat ook as 'n geheel metafories gebruik word

Hierdie soort eksosentriese komposita is moeiliker om uit te ken in die leksikon. Terwyl Botha (1968: 196-198) verskeie voorbeelde noem by komposita wat as **geheel** ondeursigtig is, en ook by komposita waarvan die **dele** ondeursigtig is, word daar slegs 'n enkele voorbeeld gegee van hierdie derde groep komposita, wat eerstens 'n ondeursigtige stam bevat, en tweedens, as 'n ondeursigtige geheel, 'n ander saak benoem, naamlik “(h)*anekam*” (Botha, 1968: 196). Die volgende lekseme uit die ondersoekte korpus kan ter illustrasie van hierdie groep woorde gegee word:

38. *windbuks* → “(wind)geweer” (GAS, 1995: 470)
 → “Grootprater” (HAT, 1994: 1281)
39. *trapsuutjies* → “Kameleon, verkleurmannetjie” (HAT, 1994: 1100)
 → “Baie stadige persoon” (HAT, 1994: 1100)
40. *melkbaard* → “sagte donsbaard” (NW, 1988: 318)
 → “(a) Onervare persoon. (b) Papbroek” (HAT, 1994: 655)
41. *katvoet* → “Voet [soos dié] van 'n kat” (WAT, 1968: 440)
 → “Saggies, geluidloos” (HAT, 1994: 507)

By bostaande voorbeelde word daar telkens eers 'n betekenisverklaring gegee van die samestelling, waar een van die stamme 'n ondeursigtige betekenis dra (let wel, in *trapsuutjies* is albei die stamme sáám ondeursigtig). Tweedens is daar by elke voorbeeld 'n verdere betekenis gegee, waar die eerste metaforiese betekenis van die samestelling verder van toepassing gemaak word op 'n ander saak. Byvoorbeeld: die woord *windbuks*, met die betekenis “geweer”, is reeds 'n eksosentriese kompositum met die ondeursigtigheid van die woord opgesluit in die stam *-buks*. Daarna het betekenisuitbreiding plaasgevind om *windbuks*, nou as 'n geheel ondeursigtig, van toepassing te maak op 'n “grootprater”. Hierdie soort eksosentriese komposita is baie skaars in Afrikaans.

6.3 Endosentriese samestellings wat figuurlik gebruik word

'n Groot verskeidenheid **endosentriese** samestellings kom voor wat ook as 'n semantiese subgroep van **eksosentriese** komposita geklassifiseer kan word, wanneer hierdie komposita figuurlik of metafories gebruik word, byvoorbeeld:

42. *melkkoei* → **Letterlik / endosentriese:** “koei wat melk het” (NW, 1988: 31)
Figuurlik / eksosentriese: “'n bron van voordeel of geld” (NW, 1988: 318)

Daar is dus 'n groep samestellings in Afrikaans met 'n letterlike sowel as 'n figuurlike betekeniswaarde (vergelyk ook 4.4). Hierdie soort woorde kan gesien word as **homonieme**, dit wil sê, woorde wat “dieselfde vorm kan hê, maar waarvan die betekenis totaal verskil” (De Stadler, 1989: 61). Ter illustrasie van eksosentries/endosentriese homoniempare in die taal:

43. *bobbejaanbek* → Endosentries: “Bek van 'n bobbejaan” (WAT, 1950: 456)
Eksosentries: “groot en sterk moersleutel” (AE, 1967: 169, s.v. “bobbejaansleutel”)
44. *koringboer* → Endosentries: “Boer wat hom [hoofs.] toelê op die verbouing van koring” (WAT, 1984: 427)
Eksosentries: “Koringkriek” (WAT, 1984: 427)
45. *haasoor* → Endosentries: “Oor van 'n haas” (WAT, 1972: 24)
Eksosentries: “Donkie” (WAT, 1972: 24)
46. *bedelstaf* → Endosentries: “Stok van 'n bedelaar” (WAT, 1950: 344)
Eksosentries: “Uiterste armoede” (HAT, 1994: 64)

Dikwels is die endosentriese betekenis tot 'n mate 'n **simbool** van die eksosentriese betekenis. Die “staf van 'n bedelaar” is byvoorbeeld 'n simbool van “uiterste armoede”, en daarom neem die woord *bedelstaf* uiteindelik die alternatiewe metaforiese betekenis van “uiterste armoede” aan. Vergelyk ook die onderstaande soortgelyke voorbeelde van woorde wat 'n letterlike betekenis kan hê as endosentriese samestellings, of as metaforiese benamings vir persone kan optree:

47. *voëlverskrikker* → Endosentries: “Nagemaakte menslike gedaante wat ... in tuine, boorde of landerye geplaas word om voëls te verwilder” (HAT, 1994: 1222)
Eksosentries: “baie lelike of sleg geklede mens” (NW, 1988: 579)
48. *gansbors* → Endosentries: “Bors van 'n gans” (WAT, 1957: 25)
Eksosentries: “Hees persoon” (HAT, 1994: 234)

49. *rooimier* → Endosentries: “rooierige soort mier” (NW, 1988: 427)
 Eksosentries: “woelige persoon” (HAT, 1994: 872)
50. *trekpleister* → Endosentries: “Pleister om kwaad, etter uit 'n wond te trek”
 (HAT, 1994: 1101)
 Eksosentries: “persoon of iets wat iem. aantrek; beminde,
 geliefde” (NW, 1988: 531)

Hierdie woorde is, net soos bahuvrihi-samestellings, in hul eksosentriese hoedanigheid semanties heelwat deursigtiger as prototipiese eksosentriese komposita, aangesien die taalgebruiker gewoonlik 'n duidelike semantiese verband tussen die letterlike en figuurlike betekenis van die lekseem kan insien. In plaas van homonimie, het ons hier te doene met **polisemie**, dit wil sê, woorde wat dieselfde ortografiese en fonologiese vorm het, maar met verskillende betekenis wat egter wel 'n “onderlinge betekenisverband” vertoon (De Stadler, 1989: 62).

Dit is soms moeilik om te onderskei tussen homonimie en polisemie, veral wanneer daar by 'n vormlik-identiese woordpaar 'n duidelike **diachroniese** betekenisverband tussen die lekseme is, terwyl die hedendaagse Afrikaanse moedertaalspreker geen **sinchroniese** betekenisverband tussen die woorde kan waarneem nie. Die klassifikasie van samestellings soos die voorbeelde wat tot dusver in hierdie afdeling gebruik is, as óf homonimiese óf polisemiese samestellings, kan in sommige gevalle wissel van persoon tot persoon, na aanleiding van die mate waarin 'n taalgebruiker 'n semantiese verband tussen die verskillende betekenis van 'n woord waarneem (vergelyk ook 4.4. en 5.4.1.). Die onderskeid tussen homonimiese en polisemiese lekseme is egter nie hier so belangrik as die feit dat 'n woord verskillende betekenis kan hê, waarvan een betekenis semanties afleibaar kan wees uit die betekenis van die stamme, terwyl 'n ander betekenis glad nie afgelei kan word uit die stambetekenis nie (selfs al is hierdie verskillende betekenis van die woord diachronies of sinchronies verwant aan mekaar).

'n Interessante eienskap wat voorkom by 'n groot hoeveelheid samestellings wat endosentries sowel as eksosentries gebruik kan word, is dat die woord in die letterlike gebruik daarvan glad nie affekties gelaai is nie, maar in die figuurlike gebruik daarvan wel. Vergelyk die

onderstaande groep woorde wat 'n **negatiewe konnotasie** het in die figuurlike gebruik daarvan as skelname of beledigende benamings:

51. *kapstewel* → Endosentries: “Stewel met 'n beenstuk, kap” (WAT, 1968: 307)
Eksosentries: “verwaande vent” (GAS, 1995: 174)
52. *bloedsuier* → Endosentries: “Verskeie diere wat bloed uitsuig, o.a. 'n wurm” (HAT, 1994: 93)
Eksosentries: “Persoon wat op onregmatige wyse uit ander probeer voordeel trek; woekeraar” (WAT, 1950: 440)”
53. *houtlepel* → Endosentries: “Lepel van hout gemaak” (WAT, 1972: 428)
Eksosentries: “Lui, onbeholpe persoon” (WAT, 1972: 428)
54. *skaapkop* → Endosentries: “Kop van 'n skaap” (HAT, 1994: 925)
Eksosentries: “onnosele mens” (NW, 1988: 453)

Woorde soos bostaande samestellings wat figuurlik gebruik word as skelname, is baie volop in Afrikaans. Die onderstaande woorde kan optree as endosentriese benamings vir diere, of as eksosentriese negatiewe benamings vir persone:

55. *trekvoël* → Endosentries: “Voël wat teen die winter wanneer die broeityd verby is, na warmer streke trek waar meer kos is” (HAT, 1994: 1102)
Eksosentries: “Iemand wat gedurig van woonplek verander, nou hier, dan daar woon” (HAT, 1994: 1102)
56. *karmerrie* → Endosentries: “Perdemerrie wat net i/d kar, net as karperd, gebruik word” (WAT, 1968: 344)
Eksosentries: “uitspattige vroumens” (WAT, 1968: 344)
57. *tierwyfie* → Endosentries: “Vroulike tier” (HAT, 1994: 1083)
Eksosentries: “baie kwaai en veglustige vrou” (NW, 1988: 520)

58. *handperd* → Endosentries: “ekstra perd van 'n ruiter” (NW, 1988: 185)
Eksosentries: “a. Iem. van wie se vriendskap en dienste jy slegs gebruik maak wanneer dit jou pas ... b. Tweede nooi of kêrel” (WAT, 1972: 76)

Vergelyk ook die onderstaande voorbeelde wat letterlik sowel as figuurlik gebruik kan word:

59. *afborsel* → Endosentries: “Met 'n borsel skoonmaak” (HAT, 1994: 18)
Eksosentries: “Harde houe [op sy agterste] toedien” (WAT, 1950: 67)
Eksosentries: “Skerp berispe” (WAT, 1950: 67)
60. *roskam* → Endosentries: “perdekam met stomp, wye tande” (NW, 1988: 428)
Eksosentries: “Streng betig, berispe” (HAT, 1994: 874)
61. *opkeil* → Endosentries: “heg maak deur keile tussen los, samestellende dele in te dryf” (HAT, 1994: 716)
Eksosentries: “berispe, bestraf” (NW, 1988: 371)
62. *insout* → Endosentries: “Met sout invryf” (WAT, 1972: 615)
Eksosentries: “berispe ... 'n goeie pak slae gee” (WAT, 1972: 615)

Bostaande voorbeelde is maar net 'n paar van die groot groep samestellings met 'n letterlike sowel as 'n figuurlike betekenis wat in die eksosentriese gebruik daarvan die betekenis aanneem van “pak slae gee” of “berispe”. Die onderstaande lekseme is verdere voorbeelde van hierdie verskynsel wat in die ondersoekte korpus waargeneem is.

63. *afkam, afkrap, afpoeier, afreken, afstof, aantree, bandvat, bykom, bydam, deurloop, inklim, inpeper, inseep, ooptrek, uittrap, uitvreet*

Name van speletjies ontstaan ook dikwels uit gewone endosentriese samestellings wat 'n eksosentriese aard aanneem slegs wanneer die woord in verband met die speletjie gebruik word, vergelyk:

64. *donkerkamertjie, blindemol, vroteier, warmpatat, hasie-oor, swartvark*

'n Verdere groep samestellings wat endosentries sowel as eksosentries gebruik kan word, het te doene met **naamgewing**. Vergelyk die onderstaande name wat aan plante gegee is na aanleiding van die ooreenkoms tussen die plant se voorkoms met die item wat letterlik deur die endosentriese samestelling benoem word:

65. *bruidsluier* → Endosentries: “Sluier deur die bruid gedra b/d huwelik” (WAT, 1950: 541)
Eksosentries: “Sierplant ... wat kenbaar is aan 'n groot massa klein, wit blommetjies” (WAT, 1950: 541)
66. *horlosierat* → Endosentries: “Enigeen v/d ratte van 'n horlosie” (WAT, 1972: 409)
Eksosentries: “passieblom” (AE, 1967: 409)
67. *tweelingsusters* → Endosentries: “twee susters wat gelyktydig gebore is” (uit die spreektaal)
Eksosentries: “pln. ... ben. n.a.v. blomme paarsgewyse aan stingel” (AE, 1967: 663)
68. *geldbeursie* → Endosentries: “Beurs(ie) waarin iemand sy (sak)geld dra” (HAT, 1994: 252)
Eksosentries: “Bolgewas ... of die doosvrug daarvan” (HAT, 1994: 252)

As subgroep van hierdie soort samestellings, kan plantname gelys word, waar die endosentriese samestelling telkens verwys na 'n sekere liggaamsdeel van 'n dier:

69. *akkedispoet* → Endosentries: “Poot van 'n akkedis” (WAT, 1950: 128)
Eksosentries: “'n struikie i/d Klein- en Groot-Karoo” (WAT, 1950: 4, s.v. “aambeibos”)
70. *aapkop* → Endosentries: “Kop van 'n aap” (WAT, 1950: 38)
Eksosentries: “Rooihaakdoring” (HAT, 1994: 12)

71. *perdepram* → Endosentries: “Pram van 'n merrie” (HAT, 1994: 792)
 Eksosentries: “Boom met 'n knopperige stam” (HAT, 1994: 792)
72. *bokhorinkies* → Endosentries: “Horings van 'n bok” (WAT, 1950: 474)
 Eksosentries: “Benaming vir verskillende plante” (WAT, 1950: 474)

Baie samestellings wat letterlik sowel as figuurlik gebruik kan word, benoem as eksosentriese komposita 'n wye verskeidenheid plante. Soortgelyk hieraan, tree dit ook op as benamings vir verskillende diere, voëls en visse. Die kwessie van naamgewing val egter onder die funksionele aspek van eksosentriese komposita en word daarom, soos reeds vermeld in 1.5, nie hier in meer besonderhede bespreek nie.

6.4 Bahuvrihi-samestellings

Bahuvrihi-samestellings is 'n groep eksosentriese komposita “wat besit(ing) aandui” (HAT, 1994: 57). Volgens Bauer (1994: 36) is die stam **bahuvrihi-** in hierdie term self 'n eksosentriese samestelling in Sanskrit, met die betekenis “having much rice”. Vergelyk die onderstaande voorbeelde van bahuvrihi-samestellings:

73. *krapoog* → “Persoon met ... 'n uitpeuloog of 'n skeeloog” (WAT, 1991: 138)
74. *haasbek* → “(Iemand met 'n) mond waarin 'n tand of 'n aantal tande ontbreek, veral die voorstes” (NW, 1988: 181)
75. *drielip* → “... persoon met 'n gesplete bolip” (HAT, 1994: 168)
76. *elsneus* → “Iem. met ... ('n skerp, reguit) neus” (WAT, 1955: 535)

Hierdie soort komposita wat ook **possessiewe samestellings** genoem word, is baie deursigtiger as prototipiese eksosentriese komposita. Aangesien 'n bahuvrihi-samestelling die besitting aandui van 'n spesifieke fisiese eienskap wat algemeen geassosieer word met die entiteit waarna dit verwys, kan daar dikwels redelik maklik uit die woord se komponente afgelei word watter entiteit hierdeur benoem word:

77. *gryskop* → “hoogbejaarde” (WAT, 1957: 477)

78. *hothandjie* → “Iem. wat links is” (WAT, 1972: 414)
 79. *maanhaar* → “Leeumannetjie” (HAT, 1994: 638)
 80. *kromnek* → “Retort” (WAT, 1991: 240)

Sekere bahuvrihi-samestellings is baie eenvoudig in hul betekenis: die samestelling bestaan uit 'n determineerder, gevolg deur die soortnaamwoord wat dit beskryf. Die enigste eksterne betekenis wat nou aan hierdie woord gekoppel word, is die betekeniswaarde “**persoon** met die eienskap wat in die kompositum beskryf word”. Ter illustrasie:

81. *swartvel* → “Neger, persoon met 'n swart vel” (HAT, 1983: 1119)
 82. *dikmaag* → “Persoon met 'n groot maag” (HAT, 1994: 150)
 83. *kaalkop* → “iem. sonder hare op sy kop” (NW, 1988: 234)
 84. *voskop* → “Persoon met geelbruin, rooierige hare” (HAT, 1994: 1241)

Hierdie soort samestellings kan uit 'n ander oogpunt ook gesien word as produkte van redusering (soos in 5.3 bespreek), waar die bronwoorde van sekere bahuvrihi-samestellings slegs die stam *persoon*, of enige vervanging daarvan soos *mens*, *man*, *seun*, *vrou*, ensovoorts, sou moes vertoon om heeltemal deursigtig te wees, vergelyk:

85. *groenoog* → “groenoognooi”
 86. *rooikop* → “rooikopman”
 87. *maanhaar* → “maanhaarleeu”
 88. *poenskop* → “poenskopseuntjie”

Metonimie is dus hier ter sprake aangesien die eksosentriese bahuvrihi-samestelling telkens verwys na die endosentriese samestelling (vergelyk 4.3.1 en 5.5). So tree die woord *groenoog* dus op in die plek van *groenoognooi*. Die verskynsel van metonimie kan dus 'n vorm van “referensiële ellips” genoem word (De Villiers, 1976: 16), dit wil sê die “ellips (weglating) van 'dinge' uit die mededeling”. In die geval van spesifiek **metonimiese bahuvrihi-komposita** kom daar ook voor wat De Villiers (1976: 16) “kontekstuele ellips” noem, dit wil sê die weglating van “taalelemente” soos die stamme *-nooi*, *-man*, *-leeu* en *-seuntjie* uit 'n mededeling. 'n Ander leksikale betrekking wat in hierdie woorde aangetref word is die **deel-geheel-relasie** wat beteken dat 'n geheel, byvoorbeeld *maanhaarleeu* benoem word deur 'n deel daarvan soos *maanhaar* (vergelyk 4.3.1 en 5.3).

Terwyl die betekenis van al bostaande voorbeelde in hierdie afdeling maklik af te lei is uit die betekenis van die dele daarvan, is daar by sekere bahuvrihi-samestellings meer buitetalige kennis nodig om die betekenis af te lei, alhoewel ook hierdie woorde steeds meer deursigtig is as die prototipiese eksosentriese samestelling:

- 89. *swartmanel* → “kerkraadslid” (GAS, 1995: 375)
- 90. *Rooihemp* → “Soldaat van Garibaldi” (HAT, 1994: 872)
- 91. *halfelbaadjie* → “skimpnaam, gedurende die Tvl. burgeroorlog, vir enigeen v/d Laevelders of Bosvelders wat meestal onder die kommandant-generaalskap van Paul Kruger gestaan het” (WAT, 1972: 41)

Hoewel bostaande voorbeelde baie beskrywend is ten opsigte van die persoon of persoonsgroep wat elkeen benoem, is dit tog duidelik dat die taalgebruiker historiese, politieke of godsdienstige kennis van die wêreld benodig om die verwantskap tussen die konvensionele betekenis van die samestellings en die persone wat benoem word, te herken.

Die meeste bahuvrihi-samestellings kan ook as gewone endosentriese samestellings voorkom. In plaas daarvan om net 'n persoon wat 'n sekere eienskap besit te benoem, word die eienskap wat besit wórd, dan deur dieselfde lekseem aangedui. vergelyk:

- 92. *boggelrug* → “1. Rug met 'n boggel. 2. Iemand met so 'n rug...” (HAT, 1994: 100)
- 93. *horrelpoot* → “1. Skeefgegroeide, misvormde klou of voet. 2. Dier of mens met so 'n klou of voet” (HAT, 1994: 395)
- 94. *wipneus* → “Neus waarvan die punt effens opstaan; ook, persoon met so 'n neus” (HAT, 1994: 1283)
- 95. *sproetgesig* → “1. Gesig met (baie) sproete. 2. Iemand met so 'n gesig” (HAT, 1994: 997)

By hierdie voorbeelde is die eerste inskrywing in die HAT (1994) telkens 'n endosentriese samestelling, met die stam wat die spesifieke liggaamsdeel wat ter sprake is, naamlik *rug*, *poot*, *neus* en *gesig* as kern van die samestelling. Die tweede inskrywing by elke voorbeeld definieer egter die woord as 'n bahuvrihi-samestelling met die afwesige, ongespesifiseerde kern “iemand met hierdie fisiese eienskap”. Die konteks waarin die samestelling voorkom sal bepaal watter

een van die twee betekenis veronderstel moet word by hierdie soort samestelling. Ter illustrasie die volgende sinne:

96. a. Ewert is gebore met 'n *hoepelbeen*.
b. Die ou *hoepelbeen* sit altyd voor die kafee en bedel.
97. a. Seuns se hare word dikwels *borselkop* gesny.
b. Die *borselkop* lê oop na die doellyn.
98. a. Die kind het 'n steurende spraakprobleem as gevolg van sy *haaslip*.
b. Haar jongste kind is 'n *haaslippie*.
99. a. Ons skoolhoof het 'n opvallende *haakneus*.
b. Hier kom ou *Haakneus* aan.

In die voorbeeldpare toon sin **a** elke keer die kompleks as 'n **endosentriese samestelling**, en sin **b** die kompleks as 'n **eksosentriese bahuvrihi-samestelling**.


Terwyl al bostaande voorbeelde telkens van toepassing is op 'n fisiese eienskap van 'n persoon, is daar ook bahuvrihi-komposita wat betrekking het op **karaktereieenskappe** van 'n persoon:

100. *driekop* → “Opvlieënde persoon; iemand geneig tot fanatieke optrede” (HAT, 1994: 169)
101. *grootbek* → “Grootprater, grootmond” (WAT, 1957: 458)
102. *langasem* → “prater, saniker, seurder” (GAS, 1995: 180)
103. *domoor* → “Iem. wat dom is; domkop” (WAT, 1955: 237)

In die onderstaande voorbeelde is dit weer die betrokke persoon se **gemoedstoestand** wat op soortgelyke wyse beskryf word in die samestellings:

104. *dikbek* → “Onvriendelike, norse persoon” (HAT, 1994: 150)
105. *loskop* → “Ligsinnige persoon” (HAT, 1994: 628)
106. *hangoor* → “Mismoedige mens” (WAT, 1972: 85)
107. *droëbek* → “teleurgesteld en verleë” (NW, 1988: 114)

b. *een-oog-monster* (bahuvrihi-samestelling + stam)



Soos gesien in 4.3.1 is die meeste bahuvrihi-samestellings heelwat deursigtiger as ander eksosentriese samestellings. Daar is egter ook sekere bahuvrihi-samestellings wat semanties nie deursigtig is nie:

- 111. *langkop* → “genie ... slimkop, slimmerd” (GAS, 1995: 180)
- 112. *wysneus* → “beterweter; iem. wat meen dat hy baie of alles weet” (NW, 1988: 611)
- 113. *diknek* → “Parmantig, eiesinnig, astrant” (WAT, 1955: 177)
- 114. *langneus* → “bemoeisieke persoon” (NW, 1988: 258)

'n Verdere groep bahuvrihi-samestellings tree op as **naamgewingkomposita**. Vergelyk die onderstaande voorbeelde waar bahuvrihi-komposita telkens die opvallendste fisiese kenmerk van 'n dier, voël, insek of vis benoem:

- 115. *glasoog* → “Eetbare vis” (WAT, 1957: 291)
- 116. *bontpoot* → “Soort bosluis” (HAT, 1994: 102)
- 117. *langtoon* → “kleurryke watervoël met baie lang tone” (NW, 1988: 286)
- 118. *blinkhaar* → “'n Afrikanerskaapas met wit, glansende, stywe hare” (WAT, 1950: 436)

119. *stompneus* → “soort steenbras met 'n stomp kopprofiel” (NW, 1988: 495)

In teenstelling met bostaande voorbeelde wat telkens die algemene naam is van die spesifieke dier, is daar ook baie ander bahuvrihi-samestellings wat alternatiewe, minder-gebruiklike benamings vir diere is, soos volksname of dialektiese benamings wat 'n opvallende eienskap van die dier beklemtoon:

120. *kringgat* → “waterbok” (WAT, 1991: 190)
121. *swartoor* → “karakal, rooikat” (GAS, 1995: 375)
122. *natneus* → “Os, bees” (HAT, 1994: 692)
123. *doekvoet* → “Haas” (WAT, 1955: 220)
124. *asbek* → “Donkie” (HAT, 1994: 51)

Bahuvrihi-samestellings, selfs dié samestellings wat tot 'n groot mate deursigtig is soos voorbeelde 73-88 hierbo, vorm almal deel van die groep eksosentriese komposita. Al is baie bahuvrihi-samestellings tot 'n groot mate deursigtig, is daar ook 'n subgroep bahuvrihi-samestellings wat tot só 'n mate semanties ondeursigtig is, dat dit deel uitmaak van die kern van die groep eksosentriese komposita as ondeursigtige lekseme.

6.5 Verouderde eksosentriese samestellings

Sekere woorde wat voorkom, raak mettertyd in onbruik, en word dan **verouderde woorde** genoem. Onder hierdie woorde kom daar ook 'n groot hoeveelheid eksosentriese samestellings voor, byvoorbeeld:

125. *agterklap* → “skinderpraatjies” (NW, 1988: 20)
126. *hondekrap* → “Dans(soort)” (WAT, 1972: 362)
127. *gulshals* → “Baie gierige persoon” (WAT, 1957: 484)
128. *nabedientjie* → “pierinkie” (AE, 1967: 437)

Sekere van hierdie soort woorde het moontlik ontstaan as endosentriese samestellings, maar het toe geleidelik verouder in die taal, en is nou as gevolg hiervan semanties ondeursigtig, alhoewel dit vroeër deursigtig kon wees. Vergelyk die onderstaande voorbeelde wat vroeër,

toe die woorde nog gebruik is in die omgangstaal, moontlik ook heelwat deursigtiger in betekenis sou wees vir die deursneespreker:

129. *voorlaaier* → “outydse geweer waarin die lading stuk-stuk voor in die loop afgedruk is” (NW, 1988: 584)
130. *rivierperd* → “stomp hout met behulp waarvan inboorlinge en vroeë trekkers in S.A. deur riviere geswem het” (AE, 1967: 545)
131. *bitterhoutjie* → “n wip of tuisgemaakte handpomp – so genoem weens die inspanning waarmee die pompwerk gepaard gaan” (WAT, 1950: 422)
132. *plankperske* → “perskesmeer” (Pansegrouw, 1995: 559)

Sekere woorde het verouder in die taal, omdat die items wat dit benoem, in onbruik geraak het. Vandag word hierdie outydse items nog net in museums of by versamelaars van oudhede aangetref. Die onderstaande verouderde lekseme is voorbeelde hiervan:

133. *vuurslag* → “stuk staal om vonke uit 'n vuurklip te slaan” (NW, 1988: 592)
134. *langwa* → “Verbindingstuk tussen die voor- en agterstel van 'n wa” (HAT, 1994: 605)
135. *houtblok* → “Driehoekseël van een pennie (rooi) of van vier pennies (blou)” (WAT, 1972: 425)
136. *bokstert* → “Oortjie (geldstuk)” (HAT, 1994: 100)

Net soos wat sekere gebruiksartikels in onbruik geraak het, het ook die kleremodes met die tyd verander. Die benamings vir sekere kledingstukke het natuurlik ook verouder en in onbruik geraak, wanneer die betrokke kledingstuk uit die mode geraak het. Vergelyk in dié opsig die onderstaande voorbeelde van verouderde eksosentriese benamings vir klere:

137. *nierknyper* → “mansbroek met nou middel” (NW, 1988: 342)
138. *bruidswieltjie* → “bruidsluiertjie” (AE, 1967: 186)
139. *biltopper* → “Keil, hoë hoed” (WAT, 1950: 413)
140. *dolman* → “Ouderwetse mantel met valletjies op die skouers” (HAT, 1994: 157)
141. *waterbene* → “halwe broekspyp v. seil om broek te beskerm” (AE, 1967: 388, s.v. “lers”)

142. *toeding* → “spits Maleise hoed met 'n breë rand” (NW, 1988: 522)

Modewoorde is lekseme wat uit “'n soort ‘deftigheid’ of ‘geleerdheid’ 'n bestaande woord vervang, maar waarvan 'n mens vermoed dat dit nie lank in die taalgebruik sal bly voortbestaan nie” (HAT, 1994). Hierdie woorde ontstaan in 'n sekere tydperk en is dan vir 'n ruk lank gewild in die taal, voordat dit verouder en in onbruik raak. Die onderstaande voorbeelde is eksosentriese modewoorde wat verouderd is in die taal:

143. *nieubakke* → “wat onlangs ontstaan het; nuwerwets” (NW, 1988: 342)
144. *kerriebollie* → “damesonderlyfie (soort keurslyfie)” (AE, 1967: 349)
145. *goedvoor* → “'n skuldbewys of promesse” (WAT, 1957: 339)
146. *kortbroek* → “Kinderagtig, minderwaardig of swak” (WAT, 1984: 479)

Ten spyte van die feit dat sommige verouderde woorde glad nie meer in die algemene gebruikstaal van vandag voorkom nie, kan die woorde tog van besondere belang binne die **historiese** vakterrein wees, en word dit nog baie in geskiedkundige geskrifte aangetref:

147. *oulap* → “pennie” (NW, 1988: 376)
148. *goede-maande* → “Benaming i/d tyd v/d H.O.I.K. vir twee maande se soldy wat tegelyk deur die soldaat a/d Kaap ontvang is a/d einde van Februarie en Augustus” (WAT, 1957: 335)
149. *weesboom* → “lang paal oorlangs oor 'n vrag hooi of gerwe op 'n wa vasgetrek om die vrag vas te hou” (NW, 1988: 600)
150. *bloubaadjies* → “Benaming vir Engelse soldate in blou uniforms, veral i/d Tvl. tydens die Eerste Vryheidsoorlog” (WAT, 1950: 448)

Die onderstaande samestellings is spesifiek op historiese oorlogvoering van toepassing. Interessante benamings vir outydse wapens is veral volop in die historiese leksikon:

151. *penkop* → “(seun of) jong man op kommando” (HAT, 1994: 790)
152. *agterlaaier* → “outydse vuurwapen wat van agter gelaai word” (NW, 1988: 20)
153. *ousanna* → “Voorlaaier” (HAT, 1994: 774)
154. *bobbejaanboud* → “'n Outydse geweer” (WAT, 1950: 456)
155. *haan-en-pan* → “Pangeweer” (WAT, 1972: 9)

156. *donderbus* → “outydse, kort vuurwapen of klein kanon” (WAT, 1955: 239)
 157. *ougrietjie* → “outydse geweer” (AE, 1967: 474)
 158. *sterloop* → “bep. soort geweer met ster(re) op loop” (AE, 1967: 616)
 159. *bloublaser* → “voorlaaiergeweer; so genoem omdat dit 'n blou rookdamp veroorsaak wanneer daarmee geskiet word” (WAT, 1950: 449)

Heelwat eertydse benamings vir diere het ook verouder in die taal, byvoorbeeld:

160. *nylperd* → “Seekoei” (HAT, 1994: 707)
 161. *oudak* → “padda” (AE, 1967: 473)
 162. *kaalkop* → “Swartaasvoël” (WAT, 1968: 98)
 163. *hoogwater* → “benaming vir die hottentotsgot” (WAT, 1972: 394)

Alle verouderde vorme het nie tot dieselfde mate uitgesterf nie. Sommige woorde is tans nog in gebruik, maar wel besig om te verouder. **Argaïsmes** is weer 'n sekere groep verouderde woorde in die taal wat “heeltemal of feitlik heeltemal verdwyn het” (Meyer e.a., s.j.: 54). Hierdie woorde leef soms nog voort in die taalgebruik van ouer mense en die vroeë letterkunde, maar word glad nie meer in die omgangstaal gebruik nie:

164. *vroegstuk* → “Ontbyt” (HAT, 1994: 1246)
 165. *kolwyntjie* → “Ligte, sagte kleinkoekie” (WAT, 1976: 768)
 166. *beunhaas* → “Onbevoegde persoon; knoeier” (HAT, 1994: 83)
 167. *dikwerf* → “Dikwels” (WAT, 1955: 179)

Taalfossiele is baie ou vorme “wat nog voortleef” (Meyer e.a., s.j.: 54) in die taal. Hierdie taalverskynsels, wat ook **relikvorme** genoem word, het dus uit 'n vroeër tydperk behoue gebly in Afrikaans. Die onderstaande voorbeelde is verouderd in hul oorspronklike letterlike betekenis as endosentriese komposita, maar is as taalfossiele nog in volle gebruik in hul eksosentriese, metaforiese betekenis:

168. *remskoer* → “Persoon wat alles teengaan en vooruitgang belemmer” (HAT, 1994: 853)

Verouderd → “blok met 'n riem of ketting aan ... die wa bevestig en onder die agterwiel geplaas om 'n wa te laat rem” (NW, 1988: 418)

169. *lunsriem* → “Vuil, smerige persoon” (HAT, 1994: 633)
 “nikswerd persoon, sukkelaar” (NW, 1988: 307)
Verouderd: → “riempie waarmee die luns vasgemaak is” (NW, 1988: 306)
Verouderde metaforiese betekenis → “skelnaam van 'n Engelsman” (AE, 1967: 397)
170. *belhamel* → “aanhitser, opruier, opperste kwaaddoener” (WAT, 1950: 367)
Verouderd → “'n hamel met 'n bel wat 'n trop skape lei” (HAT, 1994: 72)
171. *voorslag* → “flukse vinnige werker” (NW, 1988: 585)
Verouderd → “Dun riempie heel voor aan 'n sweep” (HAT, 1994: 1236)

Die meerderheid van hierdie soort woorde is verouderd in hul oorspronklike letterlike betekenis, terwyl die metaforiese betekenis wat vandag nog gebruik word, gewoonlik benamings (oorwegend negatief) vir persone is. Vergelyk ten slotte ook nog die onderstaande verouderde eksosentriese samestellings:

172. *getewater* → “Effens besope, dronk” (WAT, 1957: 202)
173. *hakskeenpleister* → “waardelose papiergeld in Tvl. en die O.V.S. uitgegee ... gedurende die Tweede Vryheidsoorlog” (WAT, 1972: 37)
174. *hou-tou* → “ternouernood, noustrop, broekskeur” (Scholtz, s.j.: 139)
175. *kopdokkie* → “Straf toegedien deur iem. op die kop te raps met 'n vinger waaraan 'n vingerhoed is” (WAT, 1984: 368)

Hierdie voorbeelde is besonder interessant ten opsigte van hul strukturele bou sowel as hul betekenis. Dit is werklik 'n verlies dat kleurrike, skertsende samestellings soos hierdie, asook volksbenamings vir die Suid-Afrikaanse fauna en flora tot so 'n mate verouder is in die taal, dat dit bykans nog net in ouer woordeboeke aangetref word.

6.6 Eksosentriese samestellings in vaste uitdrukkings en idiome

'n **Idioom** kan gedefinieer word as “'n verbinding van elemente wat as geheel 'n betekenis het wat nie uit die (letterlike) betekenis van die afsonderlike elemente afgelei kan word nie,

m.a.w. nie as 'n samewerking van betekenis beskou kan word nie” (De Villiers, 1976: 134). Die onderstaande uitdrukking is voorbeelde van idiomatiese uitdrukking wat as 'n geheel ondeursigtig is, sonder dat die aanwesigheid van die kernsamestelling binne die uitdrukking werklik veel bydra tot die semantiese ondeursigtigheid van die idioom:

176. *mooibroodjies* bak → “flikfloo; witvoetjie seek” (NW, 1988: 328) (albei woordeboekverklarings is ook semanties ondeursigtig)
177. *bokhorings* maak → “twee vingers opsteek om 'n eed i/d geregshof af te lê” (WAT, 1950: 474)
178. *holrug / seerrug* ry → “deur gedurige herhaling vervelend, afgesaag, kleurloos laat word” (WAT, 1972: 346)
179. die *onderspit* delf → “verloor, verslaan word” (NW, 1988: 355)

Elkeen van hierdie uitdrukking moet as 'n gebonde geheel beskou word, elk met 'n betekenis wat nie afgelei kan word uit die betekenis van die samestellende dele daarvan nie. Die kernwoorde van elke uitdrukking, naamlik die samestellings *mooibroodjies*, *bokhorings*, *holrug*, *seerrug* en *onderspit* kan nie bloot vervang word deur meer deursigtige leksme in die uitdrukking nie, aangesien die uitdrukking dan grammatikaal onaanvaarbaar sou wees, vergelyk:

180. * om *komplimente / vleitaal* te bak
181. * om 'n *eed* te maak
182. * *afgesaag* gery
183. * om die *neerlaag* te delf

Die vaste uitdrukking moet dus elkeen as 'n **geheel** vervang word deur 'n ander frase om dieselfde betekenis oor te dra. Die samestellings in hierdie uitdrukking is daarom nie werklik eksosentriese van aard nie, maar elke frase as 'n geheel moet as idiomatiese beskou word. Die studieobjek van hierdie verhandeling is egter nie soseer **idiome** nie, maar wel **idiomatiese samestellings**. In Afrikaans kom daar 'n groep ware eksosentriese samestellings voor wat slegs binne vaste idiomatiese uitdrukking gebruik word, en in werklikheid die kern van die uitdrukking se idiomatisiteit uitmaak. Hierdie komposita is sintakties onselfstandig en kan nie onafhanklik van die res van die uitdrukking, alleen in 'n sin gebruik word nie. Ter illustrasie:

184. op *apegape* lê → “op sterwe lê” (WAT, 1950: 230)

Die samestelling, *apegape*, maak die ondeursigtige **kern** van die idioom uit. Sodra slegs hierdie een woord, *apegape*, vervang word met 'n woord soos *sterwe*, waarvan die betekenis in die frase letterlik opgeneem kan word, kan die uitdrukking nie meer as 'n vaste idioom beskou word nie. Die uitdrukking het dan 'n letterlike, komposisioneel saamgestelde betekenis wat afgelei kan word uit die betekenis van die samestellende dele daarvan:

185. **Idiomaties:** Sy oupa lê op *apegape*.
Nie-idiomaties: Sy oupa lê op *sterwe*.

Vergelyk ook die onderstaande soortgelyke voorbeelde, waar die uitdrukkings se idiomatisiteit telkens in 'n eksosentriese samestelling as kern opgesluit lê. Die eksosentriese komposita is in hul optrede beperk tot vaste uitdrukkings, maar in hierdie uitdrukkings sou die komposita vervang kon word met 'n semanties deursigtige lekseem, wat dan die uitdrukking as 'n geheel deursigtig maak. In elke voorbeeld is die bedoelde betekenis van die eksosentriese kompositum, dit wil sê, die woord waarmee slegs die samestelling vervang hoef te word om die idioom deursigtig te maak, ook kursief gedruk soos die eksosentriese samestelling:

186. die *hoenderspoor* dra → “bandiet wees” (HAT, 1994: 381); die *bandietmerk* dra
187. in iemand se *vaarwater* kom → “op sy *gebied* kom ... hom onderkruip” (HAT, 1994: 1143)
188. op sy *elf-en-dertigste* doen → “op sy dooie *gemak*; omslagtig (doen)” (HAT, 1994: 194)
189. in *tamatiestraat* → “in die *verknorsing*” (NW, 1988: 511)
190. *eenpond-een* loop → “*mank* loop” (WAT, 1955: 437)

Wanneer die eksosentriese samestelling in elke voorbeeld vervang word met 'n term wat letterlik opgeneem kan word, lees die nie-idiomatiese uitdrukkings wat ontstaan, soos volg:

191. om 'n *bandietmerk* te dra
192. in iemand se *gebied* kom
193. iets op jou *tyd / gemak* doen
194. in die *verknorsing*
195. *mank* loop

Net soos by ander eksosentriese samestellings wat nie gebonde is tot idiomatiese uitdrukkings nie, is die “uniqueness or unpredictableness of the meaning of compounds ... a matter of degree” (Kooij, 1968: 252) in hierdie uitdrukkings. Dus, alhoewel die betekenis van hierdie eksosentriese samestellings nie afleibaar is uit die betekenis van die verskillende stamme waaruit die woorde bestaan nie, is sommige van die lekseme tog deursigtig genoeg dat iemand wat nie die uitdrukking óf samestelling ken nie, wel in staat sou wees om die verband te sien tussen die samestelling en die betekenis van die uitdrukking. Vergelyk die volgende uitdrukkings waarin die idiomatiese samestellings redelik deursigtig is:

- 196. *jakkalsdraaie* maak → “slim uitweë soek” (WAT, 1968: 19)
- 197. *wittande lag* → “baie tevrede lag” (HAT, 1994: 1284)
- 198. *vir kwaadgeld* rondloop → “leeglê, kattedwaad doen” (HAT, 1994: 59)
- 199. *grootoë* maak → “iemand kwaai ... aankyk” (WAT, 1957: 465)

Ander soortgelyke eksosentriese komposita is meer ondeursigtig, sodat die betekenis van die uitdrukking as 'n geheel nie so maklik afleibaar is uit die betekenis van die verskillende woorde waaruit die uitdrukking bestaan nie, maar tog ook nie heeltemal ondeursigtig is nie, vergelyk:

- 200. 'n *voetval* doen → “kniel; platlê om genade te smeek” (NW, 1988: 580)
- 201. *krapogies* maak → “verlief wees” (WAT, 1991: 628)
- 202. *ingesuur* sit → “stil wees in die geselskap” (WAT, 1972: 628)
- 203. die wind waai *kaalkop* → “die suidoostewind waai” (WAT, 1968: 98)

Baie van hierdie soort eksosentriese samestellings wat verbind is tot 'n sekere uitdrukking of idioom, is heeltemal ondeursigtig wat die betekenis daarvan betref, en so dan ook die uitdrukking waarin dit voorkom, byvoorbeeld:

- 204. iets in die *doofpot* stop → “sorg dat dit vergeet word” (NW, 1988: 109)
- 205. *gansbeentjie* ry → “ry sonder om te trap (fiets), met 'n motor waarvan die masjien afgesluit is” (WAT, 1957: 25)
- 206. van *blousuiker* se tyd af → “van toeka [se tyd] af” (WAT, 1950: 453)
- 207. *opgeld* te doen → “sukses te hê / navolging te vind” (AIVU, 1994: 269)
- 208. *draketande* saai → “aanleiding tot onderlinge twis skep” (WAT, 1955: 304)

Baie van hierdie eksosentriese komposita binne die vaste uitdrukkings word algemeen gebruik, en maak deel uit van die gebruikswordeskat van die deursnee Afrikaanse moedertaalspreker, byvoorbeeld:

- 209. bokant my *vuurmaakplek* → “bo my vermoë, begrip” (NW, 1988: 592)
- 210. *bokveld* toe → “dood” (WAT, 1950: 476)
- 211. vir iemand geen *ooghare* hê nie → “om iemand nie te kan verdra nie” (AIVU, 1994: 265)
- 212. in die *hoenderhemel* wees → “doodgelukkig, baie tevrede wees, bv. gesê as iem. dronk is” (WAT, 1972: 325)
- 213. *witvoetjie* soek → “iemand se guns probeer wen, veral deur vleierig te wees” (AIVU, 1994: 427)

In kontras hiermee is daar baie idiomatiese uitdrukkings soos die onderstaande, wat nie algemeen-bekend is nie:

- 214. die *vyselstampers* en die *kriewelkrappers* hê → “verkeer in 'n toestand van onsekerheid” (HAT, 1994: 1255)
- 215. al om die *hawerklap* → “telkens, om die geringste rede” (WAT, 1972: 115)
- 216. jou *dolhorinkie* opsit → “jou bes doen, jou inspan” (WAT, 1955: 231)
- 217. *kouetoon* gooi → “kaalvoet rugby of voetbal speel” (WAT, 1991: 354)
- 218. *kromnekkaatjie* soen → “dronk (wees)” (WAT, 1991: 241)

Die eksosentriese komposita wat in uitdrukkings soos hierdie voorkom, byvoorbeeld *vyselstampers*, *kriewelkrappers*, *hawerklap*, *dolhorinkie*, ensovoorts, is tot 'n groot mate onbekend aan die gemiddelde Afrikaanssprekende persoon, aangesien hierdie uitdrukkings, en daarmee saam die eksosentriese samestellings wat aan die uitdrukkings gebonde is, net in sekere sosiolekte of dialekte gebruik word.

6.7 Samevatting

Die vernaamste semantiese subgroepe waarin eksosentriese samestellings verdeel kan word, is in hierdie hoofstuk bespreek en toegelig met illustratiewe voorbeelde. Sommige van die groepe woorde wat hier bespreek is kan moontlik ook onder ontstaansgroepe gelys word, soos

byvoorbeeld bahuvrihi-samestellings en komposita met 'n letterlike sowel as 'n figuurlike betekenis. In hierdie verhandeling word dié groepe woorde egter eerder gelys as semantiese subgroepe van eksosentriese samestellings na aanleiding van die opvallende semantiese kenmerke en optrede van die woorde.

In navolging van Botha (1968) en Van Jaarsveld (1976), is daar aan die begin van hierdie hoofstuk 'n uiteensetting gegee van verskillende groepe eksosentriese komposita wat van mekaar onderskei kan word na aanleiding van die gedeelte van die samestelling wat semanties ondeursigtig is. Daar is onderskeid getref tussen samestellings wat as 'n geheel metafories (disjunk) kan optree, en samestellings waarvan die metaforisiteit slegs in sekere dele opgesluit is. In uitbreiding op die gedeelte wat handel oor komposita wat as 'n ondeursigtige geheel kan optree, is daar in die volgende afdeling in fyner besonderhede gekyk na endosentriese komposita wat, buiten die letterlike gebruik daarvan, ook figuurlik gebruik kan word. Hierdie komposita is geanaliseer as bestaande uit homoniem- of poliseempare, waarvan die een homoniem 'n endosentriese samestelling is en die ander 'n ondeursigtige, eksosentriese samestelling.

Alhoewel bahuvrihi-samestellings nie so ondeursigtig in betekenis is soos prototipiese eksosentriese samestellings nie, word hierdie woorde wel geklassifiseer as eksosentriese komposita, aangesien die geheelbetekenis nie afgelei kan word slegs uit die betekenis van die stamme waaruit die woorde bestaan nie. Onder verouderde komposita kom daar heelwat woorde voor wat ondeursigtig is ten opsigte van die betekenis wat uit die samestellende dele afgelei kan word. Ook het sommige woorde ontstaan as deursigtige komposita, maar weens die veroudering wat plaasgevind het, is die woorde vandag ondeursigtig. Ten slotte is eksosentriese komposita wat gebonde is tot optrede in vaste idiomatiese uitdrukkings bespreek.

In die volgende hoofstuk word die vernaamste strukturele subgroepe binne eksosentriese komposita bespreek.

HOOFSTUK 7

STRUKTURELE SUBGROEPE EKSOSENTRIESE KOMPOSITA

7.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word daar gekonsentreer op die verskillende strukturele subgroepe wat deel uitmaak van die kategorie eksosentriese samestellings. Daar word dus aandag gegee aan sekere soorte stamme wat binne eksosentriese komposita voorkom en die groepe samestellings wat dan hierdeur ontstaan, naamlik: komposita met antroponieme as stamme, woordgroepkoppelings, samestellende afleidings, sowel as samestellende samestellings, reduplikasiesamestellings en komposita met onselfstandige stamme.

7.2 Komposita met antroponieme

Antroponimie is die “(s)tudie van die name van individue” (HAT, 1994: 46). 'n Groot groep eksosentriese samestellings waarvan die een stam 'n **antroponiem** of **mensenaam** is, kom voor. Vergelyk die onderstaande eksosentriese samestellings waarin die eienaam wat as een van die stamme optree, onderstreep is:

1. *vaaljapie* → “Natuurlike wit wyn – meestal van minderwaardige gehalte” (HAT, 1994: 1142)”
2. *adamssappel* → “keelknobbel, keelknop” (GAS, 1995: 11)
3. *janpêre* → “Spoggerig; in 'n puik toestand” (WAT, 1968: 27, s.v. “jampêre”)
4. *Bloukoos* → “Skoppenaas” (WAT, 1950: 451)

Die onderstaande voorbeelde toon familienaam as een van die stamme in die komposita:

5. *bontjoubert* → “Doekpoeding” (HAT, 1994: 102)
6. *meidjie-willemse* → “aambeibos” (GAS, 1995: 200)
7. *dokterhaarhoff* → “'n vlakke- of paddakorhaan” (WAT, 1955: 228)

8. *cloete-se-oor* → “Sagte kraakbeenwand van 'n skaap se bladbeen” (HAT, 1994: 122)
9. *Kruger-se-pyp* → “Blom v/d Brasiliaanse bladhoudende rankplant *Aristolochia elegans*” (WAT, 1991: 268)

Die antroponiem kan op verskillende plekke in die komposita voorkom. Vergelyk die onderstaande voorbeelde waar die antroponiem telkens as die eerste stam van 'n samestelling optree:

10. *jakobsleer* → “Benaming vir verskeie plante ...” (WAT, 1968: 23)
11. *bêrendstinktoon* → “'n Speletjie” (WAT, 1950: 375)
12. *jobsbode* → “Persoon wat slegte tyding bring” (HAT, 1994: 468)
13. *janbokkie* → “M/d hand gemaakte velskoel – vermoedelik so genoem na 'n velskoelmaker met dié bynaam” (WAT, 1968: 28)

In die onderstaande voorbeelde is die antroponiem die eindstam van elke samestelling:

14. *flenterfloors* → “Flenterkous” (WAT, 1955: 708)
15. *skraalhans* → “Gierigaard” (HAT, 1994: 941)
16. *kruppeljantjie* → “Oefening waarby kruppel loop nageboots word” (WAT, 1991: 343)
17. *kolpiet* → “Kaartspel” (WAT, 1976: 763)

Eksosentriese samestellings met die antroponiem as middelstam is baie skaars in Afrikaans. 'n Paar voorbeelde hiervan kon egter wel opgespoor word in die ondersoekte korpus:

18. *katjiepietereenderm* → “Huidjiehu” (WAT, 1968: 418)
19. *katstertkarelpoepe* → “knolplant ... hanekam” (WAT, 1968: 436)

Die onderstaande voorbeelde is komposisioneel interessant, in die opsig dat al die stamme waaruit elke kompositum bestaan, antroponieme is:

20. *janbêrend* → “Hamerkop” (WAT, 1968: 28)
21. *janfrederik* → “aantal voëls van verskillende geslagte” (HAT, 1994: 465)
22. *jantjebarend* → “... plant” (WAT, 1968: 31)
23. *janklaas* → “Hanswors, grapmaker” (HAT, 1994: 465)

Die oorgrote meerderheid van die groep komposita met 'n antroponim as een van die stamme, tree op as **naamgewingsamestellings**:

24. *platanna* → “Padda met gladde, plat lyf” (HAT, 1994: 802)
25. *bontstefanie* → “vissie wat sy lyf kan opblaas” (HAT, 1994: 90, s.v. “blaasop”bet. 3)
26. *johnnie-se-trossie* → “Europese sering” (WAT, 1968: 60)
27. *jakobregop* → “Blom of plant” (HAT, 1994: 464)

Alhoewel die meeste eksosentriese antroponimie-samestellings selfstandige naamwoorde is, kom daar wel ander woordsoorte in hierdie groep voor. Vergelyk die onderstaande adjektiewe en bywoorde:

28. *janblaar* → “Jaloers” (WAT, 1968: 28)
29. *inkatriena* → “Sleg, nie gaaf, goed, lekker nie” (WAT, 1972: 568)
30. *jan-mannerig* → “Astrant” (WAT, 1968: 30)
31. *fietskerneels* → “Klaar, afgehandel” (WAT, 1955: 683)
32. *jankrewe* → “Swak, sleg” (WAT, 1968: 30)

Wanneer 'n lys van komposita wat 'n antroponim as stam bevat, bestudeer word, is dit opvallend dat daar nie 'n groot verskeidenheid eiename in hierdie soort eksosentriese samestellings gebruik word nie, maar dat daar telkens teruggekeer word na 'n paar eiename wat baie algemeen voorkom. Vergelyk die onderstaande groepe komposita met sekere algemene eiename as stamme:

Jan:

33. *janboel* → “chaos, (deurmekaar)spul” (GAS, 1995: 138)
34. *janblaai* → “bladturksvy” (WAT, 1968: 28)
35. *kleinjantjie* → “... voël” (WAT, 1976: 146)
36. *jangroentjie* → “Pepermentlikeur” (WAT, 1968: 29)

Piet:

37. *geelpiet* → “Kindernaam vir die stamper van 'n blom” (WAT, 1957: 75)
38. *pietsnotjie* → “Duikerwortel” (HAT, 1994: 797)
39. *geldpiet* → “... kapitalis” (WAT, 1957: 110)

40. *drilpietjie* → “Kinderspeletjie” (WAT, 1955: 328)

Klaas:

41. *klaaseenderm* → “Huidjiehu” (WAT, 1972: 13)
42. *Klaasvakie* → “verpersoonliking v/d slaap” (WAT, 1976: 13, s.v. “Klaas”)
43. *klaasasgat* → “Brosdoring(bos)” (WAT, 1976: 13)
44. *klaas-houtgesig* → “Benaming in N.-Kaapland vir 'n jakkals” (WAT, 1972: 426, s.v. “houtgesig”)

Dit is nie vreemd dat dit juis eiename soos hierdie is wat volop in eksosentriese samestellings voorkom nie, aangesien hierdie eiename ook gereeld in gesegdes en idiome van allerlei aard in Afrikaans aangetref word:

45. *Jan, Piet en Klaas* → “almal, selfs die slegste of laagste ook” (WAT, 1968: 27, s.v. “Jan”)

Jan:

46. *Jan Alleman* → “die deursneepersoon” (HAT, 1994: 465, s.v. “Jan”)
47. *Jan Taks* → “die Minister van Finansies of die belastinggaarder” (HAT, 1994: 465, s.v. “Jan”)
48. *Jan Platoor* → “'n vark; tolneus” (WAT, 1968: 27, s.v. “Jan”)
49. *Jan Kompanjie* → “die Hollandse Oos-Indiese Kompanjie” (HAT, 1994: 465, s.v. “Jan”)

Klaas:

50. *Klaas wees* → “'n dienskneg, 'n mindere wees” (HAT, 1994: 526, s.v. “Klaas”)
51. *Klaas Skaapvanger* → “jakkals” (WAT, 1976: 13, s.v. “Klaas”)

'n Interessante kenmerk van 'n groot hoeveelheid eksosentriese antroponimie-samestellings is dat dit dikwels 'n beledigende funksie het as negatiewe benamings vir persone:

52. *pietsnot* → “niksbeduidende vent” (HAT, 1994: 797)
53. *judasneus* → “veinsaard, huigelaar” (WAT, 1968: 76)

54. *flentersaartjie* → “Flenterkous” (WAT, 1955: 708)
 55. *janhael* → “Gepeupel, gespuis” (WAT, 1968: 29, s.v. “janhagel”)

In hierdie opsig blyk veral die stam *jan-* baie produktief te wees in die vorming van negatiewe benamings vir persone. Die onderstaande antroponimiese samestellings lewer bewys hiervan:

56. *janrap* → “Niksbeduidende persoon” (HAT, 1994: 465)
 57. *jansalie* → “Lamsak; persoon sonder fut” (HAT, 1994: 465)
 58. *janhen* → “Vrouagtige man” (HAT, 1994: 465)
 59. *jandooi* → “stadige, traë ... persoon” (WAT, 1968: 28)

Buiten die groot hoeveelheid antroponimiese samestellings wat, soos bogenoemde voorbeelde, skelname, of ten minste beledigende benamings vir persone is, het 'n verdere hoeveelheid van hierdie soort samestellings wel nie 'n beledigende funksie nie, maar is hulle tog semanties verwant aan bogenoemde beledigende benamings. Soms is hierdie samestellings slegs effens negatief in betekenis en soms toon dit net 'n mate van vooroordeel (teenoor 'n sekere geslag, ras, beroep, ensovoorts), en is dit bloot 'n aanduiding van een persoon se gevoel dat 'n sekere ander persoon tot 'n laer stand / klas as hyself behoort en eintlik niksbeduidend as persoon is, sonder om noodwendig eksplisiet beledigend te wees. Vergelyk ten slotte die volgende materiaal as voorbeelde hiervan:

60. *janmaat* → “matroos” (GAS, 1995: 138)
 61. *plaasjapie* → “iemand van die platteland” (HAT, 1994: 800)
 62. *jantjie-van-alles* → “Iemand wat allerhande werkies kan doen” (HAT, 1994: 465)
 63. *jandun* → “iem. wie se maag werk” (WAT, 1968: 28)

Die gebruik van hierdie algemene, “gewoonste mansname” (HAT, 1994: 465) in die taal, naamlik *Piet*, *Jan* en *Klaas*, is as't ware 'n aanduiding van persone se meerderwarige houding teenoor die sg. “klase” van die wêreld; *klaas* of *klase* kan die betekenis van “bediende, ondergeskikte in die algemeen; sukkelaar” (HAT, 1994: 256) aanneem. Die manlike eienaam “Japie”, wat ook soms in hierdie soort komposita voorkom, het as soortnaamwoord “jaap” en “japie” 'n soortgelyke verkleinerende betekenis, naamlik “agteraf, eenvoudige persoon” (HAT, 1994: 466).

7.3 Woordgroepkoppelings

Daar is 'n baie groot groep eksosentriese samestellings in Afrikaans wat “uit woordgroepe of woordreekse ontwikkel het” (AWS, 1991: 39). Hierdie soort komposita staan bekend as **woordgroepkoppelings** of **frasesamestellings**:

- 64. *slinger-om-die-smoel* → “Melksnysels” (HAT, 1994: 957)
- 65. *duiwel-in-die-bos* → “Kosmos” (HAT, 1994: 177)
- 66. *benoudebors* → “Volksbenaming vir *kroep*” (WAT, 1970: 372)
- 67. *hak-en-tak* → “In 'n staat van onenigheid” (HAT, 1994: 330)

'n **Woordgroepkoppeling** is enige samestelling wat uit lekseme bestaan wat in dieselfde volgorde as 'n woordreeks in 'n moontlike sin kan voorkom. Hierdie eksosentriese komposita is dus eintlik **frases** in die taal, waarvan die konstituente met mekaar verbind word om gelede lekseme te vorm, en dan 'n nuwe, ondeursigtige betekenis aan te neem:

- 68. *blaasop* → “Plant met vrugteblasies” (HAT, 1994: 90)
- 69. *juffertjie-in-die-groen* → “Drankie gemaak van brandewyn en suiker” (HAT, 1994: 471)
- 70. *hen-en-kuikens* → “Stel tafels, bestaande uit 'n groter tafel met bypassende kleineres” (WAT, 1961: 188)
- 71. *duiwel-in-die-dosie* → “Speelding ...” (WAT, 1974: 388)

Oor die algemeen word woordgroepkoppelings met koppeltekens geskryf, veral dié komposita wat uit meer as twee stamme bestaan:


- 72. *kop-en-pootjies* → “Gereg bestaande uit die kop en pootjies van 'n geslagte dier” (HAT, 1994: 572)
- 73. *dwars-in-die-weg* → “'n gebou wat dwars op 'n pad staan of die deurgang versper” (WAT, 1974: 404)
- 74. *padda-in-die-gat* → “Stukkie vleis ... in deeg toegerol en so gebak” (WAT, 1968: 343, s.v. “karmenaadjie-onder-die-kombers”)
- 75. *bebroeide-eiers* → “Struik met rooi are op die blomblare” (HAT, 1994: 63)

Koppeltekens is egter nie 'n vereiste by frasesamestellings nie, soos gesien kan word in die onderstaande voorbeelde:

- 76. *alhonderdentien* → “Al is dit ook so; nogtans...” (HAT, 1994: 38)
- 77. *kommetjietewater* → “(soort) struik “ (WAT, 1984: 62)
- 78. *handjievool* → “Rooi Egiptiese koring” (WAT, 1961: 74)
- 79. *kanniedoodnie* → “verskillende plantsoorte wat besonder bestand is teen uitdroging” (WAT, 1968: 245, s.v. “kanniedood”)

Woordgroeppoppelings kan op die volgende wyse hiërargies ontleed word:

- 80. *jan-in-die-sak* → “Doekpoeding” (HAT, 1994: 465)



Naamgewingsamestellings, veral plantname, maak 'n baie groot deel uit van die groep frasesamestellings. Vergelyk die onderstaande eksemplare:

- 81. *trots-van-Franschhoek* → “...skaamblom” (GAS, 1995: 403)
- 82. *hanetjies-en-hennetjie* → “... rooskleurige veldplant” (WAT, 1961: 82)
- 83. *druipendehartjies* → “hartjiesblom” (HAT, 1994: 240, s.v. “gebrokehartjies”)
- 84. *boer-in-die-nag* → “'n Geurige, geel aandblom” (WAT, 1970: 468)

Heelwat woordgroepsamestellings is ook **antroponiem**-samestellings, byvoorbeeld:

85. *jantjie-sonder-erg* → “Onbekommerde persoon wat ongeërg sy gang gaan” (HAT, 1994: 465)
86. *Hansie-my-kneg* → “handlanger” (WAT, 1961: 87)
87. *jannie-in-die-sakkie* → “1. Vleisrolletjie gemaak van gemaalde vleis in deeg toegerol en gebak” (WAT, 1968: 30)
88. *jan-van-gent* → “meeu, seegans, seevoël” (GAS, 1995: 139)

Woordgroepkoppelings, soos gewone samestellings, bestaan uit minstens twee samestellende basisvorme. Anders as ander soorte samestellings, moet hierdie twee of meer stamme in dieselfde volgorde in die kompositum staan as wat dit in 'n Afrikaanse sin kan voorkom. Die onderstaande frasesamestellings bestaan uit slegs twee stamme:

89. *dikstewels* → “Parmantig” (WAT, 1974: 178)
90. *rooineusie* → “Insek ... oorwegend donkerrooi en oranje” (WAT, 1974: 6, s.v. “daarmannetjie”)
91. *klimop* → “n aantal soorte klimplante” (WAT, 1976: 279)
92. *grootvarkie* → “skulpsoort” (WAT, 1957: 469)

Die meeste samestellings, eksosentries, sowel as endosentries en neweskikkend, bestaan uit twee stamme, aangesien daar 'n tendens in die taal is om alle soorte samestellings so kort moontlik te hou, eerder as wat dit lomp vertoon en moeilik uitspreekbaar en onverstaanbaar raak. Frasesamestellings verskil egter van die gewone eksosentriese samestelling in die sin dat dit dikwels uit meer as twee stamme bestaan. In hierdie afdeling gaan daar ook meer gekonsentreer word op die komposita wat drie of meer stamme vertoon.

Woordgroepsamestellings met drie stamme is volop in die taal:

93. *murg-van-groente* → “... murgpampoer” (HAT, 1994: 681)
94. *skout-by-nag* → “Vlagoffisier by die vloot” (HAT, 1994: 941)
95. *kom-gaan-saam* → “Benaming vir die knapsakkerwel” (WAT, 1984: 31)
96. *engele-te-perd* → “Nagereg bestaande uit oesters gebraai in 'n omhulsel van sout en varkspek” (WAT, 1955: 552)

Vergelyk die onderstaande voorbeelde met vier stamme in 'n woordreeks:

97. *koppie-in-die-piering* → “Slymstok (bolgewas)” (WAT, 1984: 401)
98. *drie-op-'n-pond* → “Groot loodkoeël v/d ouderwetse voorlaaier, waarvan slegs drie uit een pond lood gegiet kon word” (WAT, 1955: 322)
99. *ouvrou-onder-die-kombers* → “Stuk vleis in deeg gebak” (HAT, 1994: 775)
100. *hoe-langer-hoe-liewer* → “(soort) plant” (WAT, 1961: 323)

Die onderstaande samestellings bestaan elk uit vyf stamme:

101. *een-pot-in-die-ander* → “Gereg bestaande uit verskeie kossoorte wat saam in een pot gekook word” (WAT, 1955: 437)
102. *juffertjie-roer-by-die-nag* → “Volksnaam vir verskeie klein struikies” (WAT, 1968: 77)
103. *hempie-raak-my-gatjie-nie* → “Iem. wat gou kwaad word” (WAT, 1961: 187)
104. *Japie-wil-nie-lag-nie* → “Kringseletjie” (WAT, 1968: 4)

Ses of meer stamme in eksosentriese woordgroepkoppelings is skaars, maar die volgende voorbeelde is wel in die ondersoekte korpus gevind:

105. *haak-en-steekwag-'n-bietjie* → “Haakdoring v/d geslag *Ziziphus*” (WAT, 1961: 5)
106. *gebakte-eier-met-sout-en-peper* → “Bolandse trewwasoort” (WAT, 1957: 48)
107. *boer-kies-vir-jou-'n-vrou* → “Kinderspeletjie” (WAT, 1970: 468)

Baie woordgroepkoppelings bestaan uit twee woorde wat neweskikkend verbind is met die voegwoord *en*:

108. *dop-en-dam* → “(Minderwaardige) brandewyn en water” (HAT, 1994: 162)
109. *oop-en-toe* → “baie haastig” (NW, 1988: 364)
110. *kop-en-gat* → “Klein bruin vytjie ... waarvan slegs die boonste en onderste gedeelte afgesny word voordat dit platgedruk en gedroog word” (WAT, 1984: 368)
111. *so-en-so* → “Sekere persoon wat geen nadere aanduiding verg nie” (HAT, 1994: 971”

Plantname maak 'n groot deel uit van hierdie groep samestellings met *en* as stam:

- 112. *kousies-en-skoentjies* → “blomstruik” (WAT, 1991: 46)
- 113. *hen-en-kuikentjie* → “Volksnaam vir verskeie plante” (WAT, 1961: 188)
- 114. *kort-en-klein* → “Enigeen van twee soorte kweek wat kort litjies het of laag groei” (WAT, 1984: 481)
- 115. *haak-en-steek* → “Soort doringboom” (HAT, 1994: 325)

Onder frasesamestellings waarin die neweskikker *en* optree, kom ook 'n groot hoeveelheid speletjiesname voor:

- 116. *jakkals-en-ganse* → “... groep- en spanspeletjie” (WAT, 1968: 19)
- 117. *haas-en-hond* → “Enigeen van twee speletjies” (HAT, 1994: 329)
- 118. *kringetjies-en-kruisies* → “Tik-tak-tol” (WAT, 1991: 190)
- 119. *Jakob-en-Ragel* → “(Kring)speletjie” (WAT, 1968: 22)

Vergelyk ook die onderstaande eksemplare van speletjiesname waarin *en* optree:

- | | | | |
|------|------------------------|-------------------------|--------------------------|
| 120. | <i>hamer-en-spyker</i> | <i>jakkals-en-hond</i> | <i>koppie-en-piering</i> |
| | <i>eier-en-lepel</i> | <i>hasie-en-blou</i> | <i>hamer-en-blok</i> |
| | <i>naald-en-gare</i> | <i>haak-en-kruk</i> | <i>Adam-en-Eva</i> |
| | <i>kop-en-kop</i> | <i>katte-en-kuikens</i> | |

Daar kom nog 'n verdere aantal speletjiesname voor wat frasesamestellings is, sonder die teenwoordigheid van die neweskikker *en* in die komposita, byvoorbeeld:

- | | | | |
|------|-------------------------|------------------------|-------------------------|
| 121. | <i>haas-in-die-bos</i> | <i>kop-in-die-hoed</i> | <i>bok-in-die-nag</i> |
| | <i>juffrou-slaat-my</i> | <i>klip-op-hand</i> | <i>eier-in-die-hoed</i> |

Soos antroponiem-samestellings, is die meerderheid woordgroepsamestellings selfstandige naamwoorde. Adjektiewiese en bywoordelike woordgroepsamestellings kom egter ook voor:

- 122. *op-en-top* → “deur en deur, heeltemal” (GAS, 1995: 247)
- 123. *een-en-ses* → “Sleg, minderwaardig” (WAT, 1955: 429)
- 124. *handomkeer* → “Skielik, in 'n oogwenk” (HAT, 1994: 341)
- 125. *tjok-en-blok* → “boordensvol, ingeryg, oorvol” (GAS, 1995: 392)

Werkwoordelike woordgroepsamestellings soos die onderstaande is baie skaars in Afrikaans:

- 126. *drie-om-vier* → “Oral soek” (WAT, 1955: 322)
- 127. *eenpond-tien* → “Saalboom steek as 'n perd draf; op 'n draf ry” (WAT, 1955: 437)
- 128. *ruk-en-pluk* → “Populêre wilderige dans” (HAT, 1983: 923)

Die meeste woordgroepsamestellings bestaan uit 'n frase, wat as dieselfde frase, met dieselfde woordvolgorde, in 'n sin kan voorkom. Sommige woordgroepsamestellings kan ook funksioneer as selfstandige **sinne** in die taal, en nie net as onselfstandige frases nie. Vergelyk die onderstaande voorbeelde waar die woordgroepe elk as 'n selfstandige sin kan bestaan, met 'n deursigtige sinsbetekenis in plaas van die komposita se ondeursigtige betekenis:

- 129. *droog-my-keel* → “Enigeen van 'n aantal plantsoorte” (WAT, 1974: 340)
- 130. *wag-'n-bietjie* → “soort akasia met haakdorings” (NW, 1988: 595)
- 131. *Doortjie-pas-op* → “Kinderspeletjie” (WAT, 1974: 258)
- 132. *kruidjie-roer-my-nie* → “Baie gevoelige plant” (HAT, 1994: 587)

Die onderstaande voorbeelde is in werklikheid volledige vraagsinne waarvan die lekseme met mekaar verbind is om samestellings te vorm:

- 133. *hoe-diep-is-die-water* → “Hottentotsgot” (WAT, 1961: 309)
- 134. *kom-daar-motors-aan* → “Nabootsoefening” (WAT, 1984: 28)
- 135. *Jakob-waar's-die-perde* → “Kring-speletjie” (WAT, 1968, 23)
- 136. *hoe's-die-goed* → “Uitdrukking gebruik wanneer die spreker hom iets nie kan herinner nie” (WAT, 1961: 330)

Die woordgroepe wat bostaande samestellings vorm, korreleer dus met vraagsinne in die taal.

Die korrelate van sekere woordgroepkoppelings sou weer kon optree as bevelsinne:

- 137. *kom-sit-by-my* → “Affronteerspeletjie” (WAT, 1984: 127)
- 138. *maakgou* → “blaargif, gifblaar” (GAS, 1995: 194)
- 139. *gee-my-water* → “mierleeutjie” (WAT, 1957: 9)
- 140. *buig-my-nie* → “Afrikaanse (of) Kaapse buksboom” (GAS, 1995: 59)

Eksosentriese woordgroeppoppelings is, ten opsigte van hul struktuur en tipografie, 'n baie interessante groep woorde. Hierdie woorde word saamgestel uit **frases** wat verbind tot een ondeursigtige geheel, en vertoon daarom oor die algemeen meer stamme as die gewone samestelling. Soos gesien is plantname en name van speletjies baie volop in hierdie groep komposita. Alhoewel die frases waaruit die komposita bestaan baie beskrywend is ten opsigte van die aard van veral die plante en speletjies wat dit benoem, kan dit nogtans geklassifiseer word as eksosentriese komposita, omdat daar nie uit slegs die betekenis van die frases alleen afgelei kan word waarna die frasesamestellings verwys nie.

7.4 Samestellende afleidings en samestellende samestellings

Woordgroeppoppelings word soms verwar met samestellende afleidings en samestellende samestellings, aangesien al drie hierdie groepe woorde uit frases bestaan. Die verskil is egter dat 'n woordgroeppoppeling slégs uit 'n frase of woordgroep bestaan, terwyl die frase by samestellende afleidings en samestellende samestellings dien as die basis of stam van die kompleks, waarmee 'n affiks of ander stam verbind.

7.4.1 Samestellende afleidings

Samestellende afleidings het altyd “twee onmiddellike stukke: 'n stam en 'n affiks, maar as die stam – voegsels daargelaat – op eie houtjie optree, is dit 'n woordgróep, nie 'n woord nie” (Combrink, 1990: 68). 'n Samestellende afleiding bestaan dus uit 'n frase as stam, wat verbind is met 'n affiks. In die onderstaande voorbeelde van eksosentriese samestellende afleidings is die affikse onderstreep:

- 141. *oupaaijaan* → “na anal. v. *Indiaan*, ens., gevorm v. *Ou Paaie*, d.w.s. iemand wat (veral in kerkverb.) d. ‘ou paaie’ bewandel, m.a.w. konserwatief is” (AE, 1967: 474)
- 142. *hardnekkig* → “Onversetlik, koppig” (HAT, 1994: 346)
- 143. *laag-by-die-gronds* → “algemeen ... platvloers” (GAS, 1995: 178)
- 144. *borsneuker* → “konsertinahek wat met 'n spar styfgetrek en vasgehaak word” (WAT, 1970: 497)

By samestellende afleidings korreleer 'n deel van elke kompleks dus met 'n sintaktiese stuk, hetsy dit 'n naamwoordstuk, werkwoordstuk, adjektiefstuk, voorsetselgroep, of selfs 'n volledige sin is:

145. *dons-maar-opperig* → “défaitisties, kommerloos” (GAS, 1995: 76)
146. *grondsmeltertjie* → “Motreëntjie” (WAT, 1957: 450)
147. *koshaler* → “Adamsappel” (WAT, 1991: 6)
148. *kripvreter* → “Staatsamptenaar” (HAT, 1994: 584)

Die strukturele aard van samestellende afleidings kan beter aangedui word met behulp van hakienotasie:

149. [[hard(e) + nek] + (k)ig]
 NS adj.
150. [[ou + paai(e)] + (j)aan]
 NS s.nw.
151. [[laag + by + die + grond] + s]
 AS adj.
152. [[bors + neuk] + er]
 WS s.nw.

Baie samestellende afleidings wat semanties ondeursigtig is, is benamings vir persone (dikwels negatief in betekenis), wat gevorm word met behulp van die persoonsvormende suffiks *-er*:


153. *flessetrekker* → “... swendelaar, bedrieër” (WAT, 1974: 709)
154. *drumpelvreter* → “Persoon wat baie rondkuier” (WAT, 1974: 356)
155. *leeumelker* → “... grootmond, grootprater” (GAS, 1995: 183)
156. *gifkouer* → “Kwaai vrou” (WAT, 1957: 262)

Onder eksosentriese samestellende afleidings is komplekse met die verkleiningsuffiks volop:

157. *vergeet-my-niettjie* → “Klein blou blommetjie” (HAT, 1994: 1171)
158. *onderonsie* → “Struweling, betigtiging in geslote kring” (HAT, 1994: 725)
159. *heen-en-weerttjie* → “Klein rukkie” (HAT, 1994: 352)
160. *sewejaarttjie* → “Papieragtige blom” (HAT, 1994: 912)

Vergelyk ook ten slotte die onderstaande boomdiagram van 'n samestellende afleiding, waardeur die bou van hierdie soort woorde beter geïllustreer kan word:

161. *kwaggavangery* → “Besteding, veral i/d politiek, van tyd, geld, moeite, ens. aan iets wat dit nie werd is nie ...” (WAT, 1991: 473)



7.4.2 Reduksieafleidings

Reduksieafleidings is woorde wat bestaan uit 'n gereduseerde stam, “onmiddellik gekombineerd met 'n suffiks” (Combrink, 1990: 74). Vir die doel van hierdie verhandeling is slegs produkte waar die gereduseerde deel bestaan uit twee stamme, elk met 'n selfstandige woordkorrelaat, maar wat nie saam kan optree as 'n samestelling nie, van belang:

162. *driemaster* → “Seilskip met drie maste” (HAT, 1994: 168)
 163. *opkikker* → “ongeoorloofde stimulant” (NW, 1988: 371)
 164. *eenakter* → “Eenbedryf” (HAT, 1994: 182)
 165. *langspeler* → “langspeelplaat” (AIVU, 1994: 181, s.v. “langspeelplaat”)

Bostaande reduksieafleidings wat in Combrink (1990: 74) gelys word, kan geklassifiseer word as 'n subgroep van eksosentriese samestellende afleidings, aangesien die betekenis van die woorde nie afgelei kan word slegs uit die betekenis van die stamme nie.

7.4.3 Samestellende samestellings

Soos samestellings bestaan **samestellende samestellings** ook uit twee “onmiddellike stukke wat stamme is, maar een of albei dié stukke – voegsels daargelaat – is woordgroepe, nie woorde nie” (Combrink, 1990: 68). Een van die stamme van 'n samestellende samestelling korreleer dus met 'n sintaktiese stuk of frase. Samestellende samestellings wat semanties ondeursigtig is, is veel skaarser as eksosentriese samestellende afleidings. Vergelyk die onderstaande voorbeelde van samestellende samestellings wat ondeursigtig is ten opsigte van hul semantiese waardes:

166. *kop-en-pootjiesdraai* → “Agterbuurt” (WAT, 1984: 369)

167. *o-help-my-druppels* → “Ironies vir 'n paar houe, rapse” (WAT, 1961: 170)

Bostaande voorbeelde bestaan elk uit 'n frase as stam, naamlik *kop-en-pootjies-* en *o-help-my-*, wat verbind met *-draai* en *-druppels* as tweede stamme. Eksosentriese samestellende samestellings is egter baie skaars in vergelyking met eksosentriese samestellende afleidings en woordgroepsamestellings.

7.5 Reduplikasiesamestellings

Reduplikasie vind plaas wanneer 'n sekere stam, of 'n gedeelte van 'n stam, meer as een keer in 'n woord voorkom. 'n Reduplikasiesamestelling of **herhalingsamestelling** is dus 'n “(t)wee- of meerledige samestelling (eint. samekoppeling) gevorm deur die herhaling van 'n losstaande woord of deur die herhaling van 'n lid van 'n [bestaande] samestelling” (WAT, 1961: 205). Reduplikasiesamestellings vorm eintlik 'n afsonderlike hoofkategorie komposita aan die sy van endosentriese, eksosentriese en newskikkende komposita, weens die unieke strukturele en semantiese aard daarvan.

Die meeste reduplikasiesamestellings besit 'n iteratiewe, duratiewe, intensiewe of distributiewe betekeniswaarde (WAT, 1961: 205). Vergelyk die onderstaande voorbeelde van prototipiese reduplikasiesamestellings:

168. *plek-plek* → “op party plekke” (HAT, 1994: 804)

169. *dronk-dronk* → “In 'n besope, beskonke toestand” (WAT, 1974: 336)
 170. *lag-lag* → “Al laggende” (HAT, 1994: 602)
 171. *een-een* → “een vir een” (HAT, 1994: 182)

Bostaande samestellings is semanties deels ondeursigtig, aangesien die betekeniswaardes van die woorde nie bloot die gevolg is van die optelsom van die herhaalde dele nie. Tog is die meeste reduplikasiesamestellings, soos die bostaande voorbeelde, wel redelik deursigtig ten opsigte van die semantiese waardes van die stamme wat grotendeels weerspieël word in die semantiese waarde van die geheelsamestellings. In hierdie opsig stem die meeste reduplikasiesamestellings ooreen met die meer ondeursigtige endosentriese samestellings en neweskikkende komposita. Dit is egter die reduplikasiesamestellings wat aan die rand van die kategorie staan weens 'n semanties ondeursigtige aard, wat van belang is in die studie van eksosentriese komposita. Vergelyk die onderstaande:

172. *gat-gat* → “Insek, ook bekend as *daarmannetjie*” (WAT, 1957: 43)
 173. *eina-eina* → “traag, stadig; pieperig” (WAT, 1974: 478)
 174. *tjop-tjop* → “vinnig, maklik en sonder moeite” (uit die spreektaal)
 175. *blou-blou* → “Sleg en half” (WAT, 1970: 449)

Bostaande komposita se betekenis kan glad nie uit die betekenis van die woordkorrelate *dik*, *gat*, *eina*, *tjop* en *blou* afgelei word nie. Hierdie samestellings is volkome ondeursigtig en dus prototipiese eksosentriese komposita, net soos die onderstaande:

176. *woer-woer* → “manteldraaier” (Pansegrouw, 1995: 866)
 177. *fluit-fluit* → “Maklik, sonder moeite” (HAT, 1994: 218)
 178. *bolla-bolla* → “(vetkoek)poffertjie” (AE, 1967: 177)
 179. *so-so* → “Taamlik; ... nie te goed nie” (HAT, 1994: 979)
 180. *kaiing-kaiing* → “Verleë maak” (HAT, 1994: 143)

Die onderstaande reduplikasiesamestellings is ook eksosentriese komposita, alhoewel dit makliker is om die verband tussen die samestelling se betekenis en dié van die herhaalde item in te sien:

181. *kort-kort* → “Dikwels, telkens, met kort tussenpose” (HAT, 1994: 576)
 182. *nou-nou* → “1. Binne 'n oomblik ... 2. Kort gelede” (HAT, 1994: 705)

183. *net-net* → “op die nippertjie” (HAT, 1994: 698)
 184. *wurg-wurg* → “baie moeilik” (HAT, 1994: 1290, s.v. “wurg”)

Sommige reduplikasiesamestellings bestaan uit 'n lekseem wat herhaal word, plus 'n affiks, en wel die verkleiningsuffiks:

185. *sing-singertjie* → “... sonbesie” (HAT, 1994: 103, s.v. “boomsingertjie”)
 186. *toktokkie* → “3. Kinderspel waarby met behulp van 'n tou en 'n harde voorwerp aan 'n deur geklop word sonder dat die kloppers sigbaar word” (HAT, 1994: 1092)
 187. *dirkdirkie* → “Geelbruin lystertjie” (HAT, 1994: 152)
 188. *flapflappie* → “Klein vaalbruin voëltjie” (HAT, 1994: 215)

By ander reduplikasiesamestellings vind 'n klankverandering plaas in een van die dele, of slegs 'n gedeelte van die eerste stam word herhaal. Die reduplikatiewe stamme is dus nie presies eenders nie:

189. *hakskeen-stootskeen* → “Moeilik, swaar” (WAT, 1972: 37)
 190. *sig-sag* → “Wat beurtelings skerp regs en links draai soos die letter Z” (HAT, 1994: 916)
 191. *tip-top* → “puik, eerste klas, piekfyn” (uit die spreektaal)
 192. *kris-kras* → “Deurmekaar, in alle rigtings” (HAT, 1994: 585)

'n Groot persentasie reduplikasiesamestellings is name van speletjies. Hierdie name ontstaan in die kindertaal, deurdat daar op 'n eenvoudige wyse van 'n sekere woord wat verband hou met die speletjie, byvoorbeeld *hasie*, deur herhaling 'n naam ontstaan vir die spesifieke speletjie, naamlik *hasie-hasie*. Vergelyk ook die onderstaande voorbeelde:

193. *hoed-hoed* → “Kring-speletjie” (WAT, 1961)
 194. *bok-bok(-staan-styf)* → “Speletjie waarby spelers op hul bukkende maats se rûe spring” (HAT, 1994: 100)
 195. *aan-aan* → “Kinderspeletjie waarby die speler wat ‘aan’ is 'n ander moet probeer aanraak wat dan weer ‘aan’ is” (HAT, 1994: 2)

196. *kringetjie-kringetjie* → “Speletjie wat in of d.m.v. kringe(tjies) gespeel word”
(WAT, 1991: 190)

Hierby hoort ook die verskeidenheid name van speletjies waar kinders hulself binne die een of ander beroep voorstel, en die naam van die speletjie dan bloot 'n reduplikasie is van óf die beroepsnaam, óf die plek waar die beroep beoefen word:

- | | | | |
|------|--------------------------|----------------------------|----------------------|
| 197. | <i>juffrou-juffrou</i> | <i>dokter-dokter</i> | <i>huis-huis</i> |
| | <i>tandarts-tandarts</i> | <i>hospitaal-hospitaal</i> | <i>winkel-winkel</i> |

Name vir albasterspeletjies is veral volop onder reduplikasiesamestellings, vergelyk:

- | | | | |
|------|------------------|--------------------|--------------------|
| 198. | <i>dop-dop</i> | <i>dooie-dooie</i> | <i>wen-wen</i> |
| | <i>neem-neem</i> | <i>kiep-kiep</i> | <i>krans-krans</i> |

Hierdie soort reduplikatiewe benamings vir verskillende kinderspeletjies is baie deursigtiger in hul betekenis as baie ander reduplikasiesamestellings. Tog kan ook hierdie woorde as eksosentriese komposita beskou word, weens die feit dat die gemiddelde taalgebruiker wat sekere terme soos *bok-bok*, *dooie-dooie* of *aan-aan* nie ken nie, dit baie moeilik sou herken as speletjiesname.

7.6 Samestellings met onselfstandige stamme

By sekere woorde is dit moeilik om hulle met sekerheid te klassifiseer as óf simplekse, óf komplekse woorde. Die woorde is semanties ondeursigtig ten opsigte van die dele wat lyk asof dit die verskillende stamme kan wees binne die woorde as samestellings. Tog lyk die lekseme morfologies té gekompliseerd om blote simplekse in Afrikaans te wees. Ter illustrasie:

- | | | | |
|------|-------------------|---|--|
| 199. | <i>pampelmoes</i> | → | “... sitrusvrug” (HAT, 1994: 780) |
| 200. | <i>sikkepit</i> | → | “g'n duit / flenter nie” (AE, 1967: 576) |
| 201. | <i>pom-pom</i> | → | “Snelvurende outomatiese kanon” (HAT, 1994: 809) |
| 202. | <i>marmot</i> | → | “Knaagdiertjie” (HAT, 1994: 647); “mntl. verb. m. Lat. <i>mus</i> (gen. <i>muris</i>), ‘muis’, en <i>mons</i> (gen. <i>montis</i>), ‘berg’, m.a.w. ‘muis v. d. berg’ ” (AE, 1967: 413) |

Sekere voorbeelde in die ondersoekte korpus is makliker klassifiseerbaar as geledede woorde, aangesien een van die woorddele 'n woordkorrelaat het. Die ander samestellende woorddele toon nie 'n ooreenkoms met enige bestaande woord in die Afrikaanse leksikon nie, maar lyk ook nie soos 'n affiks, sodat die geheellekseme beskou kan word as afleidings nie. Sekere van hierdie onselfstandige stamme is, wat Combrink (1990: 28) noem, “skimstamme”, dit wil sê, stamme wat slegs in een of twee woorde optree, betekenisloos is, nooit alleen as woord optree nie en ook nie met enige woord korreleer nie. In die onderstaande voorbeelde is die skimstamme onderstreep:

203. aalwyn → “Struik van die geslag *Aloe* ...” (HAT, 1994: 2)
 204. japsnoet → “1. Jong bog, snuiter ...” (HAT, 1994: 466)
japtrap → “1. Kort rukkie” (HAT, 1994: 466)
 205. liefkoos → “Streel, saggies stryk met die hand” (HAT, 1994: 619)
 206. harwar → “Deurmekaarspul, ... warboel” (WAT, 1961: 112)

Vergelyk ook die onderstaande woorde waar een stam 'n woordkorrelaat het, maar waar die klassifikasie van die ander samestellende deel, wat onderstreep is, onseker is:

207. mamparra → “Onnosele vent, bog” (HAT, 1994: 643)
 208. lieplapper → “Niksnuts, rondloper” (HAT, 1994: 619)
 209. tinteltonnetjie → “kieliebeentjie” (HAT, 1994: 1084)
 210. hekkerman(netjie) → “Skurfte aan enkels en hakskene, veroorsaak deur loop in brakwater” (WAT, 1961: 145)

Die woorddele *mam-*, *liep-*, *-tonnetjie* en *hekker-* kom nie as selfstandige woorde in Afrikaans voor nie, en ook tree die woorddele nie in enige ander lekseme op nie. Weens die feit dat die ander stamme waaruit elke lekseem bestaan, wel elk 'n woordkorrelaat het, en die betekenis van hierdie woordkorrelate selfs tot 'n mate in die semantiese beskrywing van elkeen van die komplekse weerspieël word, word dié lekseme in hierdie studie ook as eksosentriese komposita geklassifiseer, wat wel aan die rand van die groep staan.

Die onderstaande woorde kan verseker as samestellings beskou word, aangesien elkeen van die lekseme een stam in gemeen het met die sinonimiese samestellings wat as verklarings daarvan gegee word, en boonop staan hierdie identiese stamme in ooreenstemmende posisies in beide

lekseme. Die lekseme is dus samestellings, en wel eksosentriese komposita, aangesien die betekenis van die samestellings nie afgelei kan word uit die betekenis van die stamme daarvan nie. Hoewel die verklarende komposita ook eksosentriese samestellings is, is die voorbeeldsamestellings selfs meer ondeursigtig, weens die heeltemal ondeursigtige aard van die onselfstandige stamme. In die betekenis aanhalings is die stamme wat ooreenstemmend is in die eksosentriese en endosentriese komposita telkens onderstreep:

- 211. *snoeshaan* → “(s)poghaan” (GAS, 1995: 350, s.v. “spogger); “Spogter, grootprater” (HAT, 1994: 968),
- 212. *makasterkop* → “kroeskop ...” (AE, 1967: 403)
- 213. *platkloet* → “platanna” (AE, 1967: 505)
- 214. *grolpot* → “Grompot ...” (WAT, 1957: 436)

Die onderstaande voorbeelde bestaan slegs uit onselfstandige stamme:

- 215. *bollemakiesie* → “Bewegings waarby iemand met sy lyf en kop na onder oorslaan en weer op sy voete terugkom” (HAT, 1994: 101)
- 216. *skorriemorrie* → “janrap; Ndl. *schorri(e)morrie*” (AE, 1967: 589)
- 217. *tjakkie-tjakkie* → “kamma, kwansuis” (AE, 1967: 644)
- 218. *krukkejeus* → “Gogga of diertjie waarvan mense die naam nie ken nie” (WAT, 1991: 330)

Die onderstaande voorbeelde se onderstreepte stamme het wel woordkorrelate wat selfstandig kan optree, maar nie in dieselfde vorm as wat dit in die komposita voorkom nie. Die woordkorrelate het dus 'n klank- en spelverandering ondergaan in die komposita:

- 219. *flikflooi* → “Iemand vlei met die doel om iets te kry” (HAT, 1994: 216)
flik- < *flikker*
- 220. *wederhelf* → “Eggenoot, eggenote” (HAT, 1994: 1266)
-helf < *helfte*
- 221. *kwaksalwer* → “onbevoegde beoefenaar van die geneeskuns” (HAT, 1994: 595);
-salw- < *salf*

222. *gomtot* → “Hottentot, Kleurling” (WAT, 1957: 351)
 -tot < *Hottentot*

Ten slotte ook die onderstaande lekseme wat uitstekende voorbeelde is van samestellings met onselfstandige stamme:

223. *pamperlang* → “vertroetel” (HAT, 1994: 780)
 224. *abbakoen* → “aanbousel a. buitekant v. kombuis” (AE, 1967: 121)
 225. *babbeljoentjie* → “Hemelbed” (HAT, 1994: 57)
 226. *tiptol* → “... raserige voëltjies” (HAT, 1994: 1084)

Hierdie lekseme, nes die ander voorbeelde wat in hierdie afdeling verskyn, kan as **semanties ondeursigtig** en **morfologies kompleks** beskou word. Weens die feit dat hierdie soort lekseme “stamme” toon wat nie selfstandige woordkorrelate het nie, sodat sekere linguïste die woorde ook as simplekse of wortelsamestellings sou kon klassifiseer, lê die lekseme op die grens tussen die groep **samestellings** en die groep **simplekse**.

7.7 Samevatting

Die belangrikste subgroepe van eksosentriese samestellings, wat volgens strukturele kenmerke ingedeel kan word, is in hierdie hoofstuk aangedui en bespreek. Daar is eksemplaries aandag gegee aan samestellings met antroponieme, woordgroepekoppelings, samestellende afleidings, reduksieafleidings en samestellende samestellings, asook reduplikasiesamestellings. Boomdiagramme is gegee van 'n woordgroepekoppeling en 'n samestellende afleiding, om die strukturele eienskappe daarvan, asook die verskil tussen die twee groepe woorde, duidelik aan te toon. Ten slotte is 'n groep lekseme met onselfstandige basisse bespreek. Hierdie subgroep is moeilik klassifiseerbaar as óf komplekse óf simplekse lekseme, met strukturele sowel as semantiese eienskappe van albei groepe woorde. Binne die prototipiese model kan hierdie problematiese lekseme dan as rand-elemente van die groep eksosentriese komposita geklassifiseer word.

HOOFSTUK 8

SLOT, SAMEVATTING EN BEVINDINGE

8.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word daar 'n terugskouende oorsig en samevatting gegee van die inhoud van die verhandeling. Verwante temas wat in die toekoms behandel kan word, word genoem. Die korpus waaruit voorbeeldmateriaal geput is, word oorsigtelik bespreek. Ten slotte word daar ingegaan op enige leemtes wat in die werk bestaan, en daar word gewys op redes vir die weglaat van sekere aspekte van eksosentriese samestellings uit hierdie studie.

8.2 Oorsig

Hoofstuk 1 bied 'n terreinafbakening van die studieveld wat gedek word in hierdie verhandeling oor eksosentriese komposita. In hoofstuk 2 word daar slegs kortliks gekyk na die belangrikste struktuurpatrone van die morfologie, om 'n agtergrond te skep waarteen eksosentriese samestellings dan bespreek kan word. Belangrike voorkennis van die Afrikaanse morfologie word in hierdie hoofstuk gegee, om die lees van die verhandeling te vergemaklik. Die semantiese indeling van samestellings word aangedui, met eksosentriese komposita as een van drie primêre kategorieë saamgestelde lekseme. Saam is die eerste twee hoofstukke dus eintlik 'n inleiding tot die res van die verhandeling as 'n geheel.

'n Oorsig van die belangrikste morfologiese en sintaktiese eienskappe van eksosentriese komposita word in hoofstuk 3 gelewer. Daar word gewys op die noodsaaklikheid vir 'n onderskeid tussen eksosentriese en endosentriese komposita in Afrikaans en ander tale, op grond van die groot verskille in veral die semantiese aard van hierdie twee groepe samestellings. Eksosentriese komposita vind 'n plek binne 'n prototipiese model in die taalkunde. In die kategorie eksosentriese komposita kom kernelemente voor wat al die belangrikste eienskappe van die lekseemgroep vertoon. Daar is ook randelemente wat slegs

sekere eienskappe van die eksosentriese komposita-groep vertoon, maar ook sekere eienskappe van ongelede lekseme, ander soorte komposita, en selfs (idiomatiese) frases besit.

Hoofstuk 4 vind aansluiting by die voorafgaande hoofstuk, met 'n bespreking van die belangrikste semantiese eienskappe van eksosentriese komposita. In hierdie hoofstuk word geïllustreer hoedat die betekenis van sekere komposita nie afgelei kan word uit die proposisionele inhoud wat dit onderlê nie. Die afwesigheid van 'n hiponimie-relasie by eksosentriese komposita, in kontras met endosentriese komposita, word bespreek. Daar word ook in fyner besonderhede gekyk na die aspek van gradeerbaarheid van semantiese ondeursigtigheid by eksosentriese komposita. In hoofstuk 3 en 4 word dus 'n grondslag gelê vir die verdere analise van eksosentriese komposita in die daaropvolgende hoofstukke.

Hoofstukke 5, 6 en 7 vorm saam die kern van die verhandeling as 'n korpusanalise van eksosentriese samestellings in Afrikaans. In hierdie hoofstukke word eksosentriese samestellings in verskillende groepe ingedeel op grond van ontstaanskenmerke, semantiese kenmerke en strukturele kenmerke wat dit openbaar. Hierdie hoofstukke bied saam 'n inventaris van eksosentriese komposita, soos dit in verskillende subgroepe ingedeel kan word.

In hoofstuk 5 word daar eerstens gekyk na die belangrikste wyses waarop eksosentriese komposita ontstaan het, en watter van hierdie prosesse nog produktief is in die vorming van nuwe eksosentriese komposita. Hoewel daar nog ander ontstaanswyses van eksosentriese komposita is, is dié wat in hoofstuk 5 genoem word, en die groepe komposita wat daarvolgens ontstaan, die belangrikste in die ondersoekte korpus. Hoofstuk 6, waarin die verskillende semantiese subgroepe eksosentriese komposita gelys word, is 'n uitbreiding op hoofstuk 4, waarin die semantiese eienskappe van die komposita bespreek word. Net so is hoofstuk 7, met 'n klassifikasie van eksosentriese komposita in verskillende subgroepe op grond van sekere strukturele kenmerke, weer 'n uitbreiding op hoofstuk 3, wat handel oor die morfologiese en sintaktiese eienskappe van eksosentriese komposita.

Daar vind dikwels oorvleueling in hoofstukke 5, 6 en 7 plaas, aangesien 'n enkele kompositum tot 'n paar verskillende subgroepe kan behoort, op grond van die verskillende ontstaans-, semantiese en strukturele kenmerke wat die lekseem kan vertoon. So byvoorbeeld kan 'n

sekere eksosentriese samestelling volksetimologies ontstaan het, reeds verouderd in die taal wees, 'n antroponiem as stam bevat en terselfdertyd 'n woordgroepkoppeling wees.

8.3 Die oorsigtelike aard van die verhandeling

In hierdie verhandeling word daar gepoog om 'n oorsigtelike studie te doen van 'n onderwerp waaroor daar tot dusver in Afrikaans, en ander tale, nog maar min navorsing blyk te wees. Om ekonomiese redes kan daar nie in detail ingegaan word op elke aspek van eksosentriese samestellings in die bestek van 'n verhandeling nie. Hierdie studie moet dus gelees word as 'n oorsigtelike korpusanalise van eksosentriese samestellings soos dit voorkom in die Afrikaanse leksikon, uitgebeeld in leksikografiese en akademiese werke, sowel as in die spreektaal.

Die doel van hierdie studie is om die taalstudent, en enige belangstellende in die Afrikaanse taal, op die hoogte te bring van die interessante verskynsel van eksosentriese samestelling, en nie om eksosentriese komposita binne die raamwerk van enige spesifieke taalteorie te bespreek nie. Om hierdie rede word die gebruik van tegniese terme tot die minimum beperk. So vermoontlik word verwysings na taalteorieë ook vermy, om slegs te konsentreer op die sintaktiese en semantiese eienskappe en die ontstaanswyses van eksosentriese komposita.

8.4 Die korpus

Die korpus waaruit voorbeeldmateriaal geput is, sluit 'n wye versameling Afrikaanse leksikografiese werke in, waaronder die *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse taal* (HAT) en ouer werke soos die eerste dele van *Die Afrikaanse Woordeboek* (WAT), asook taalhandboeke soos *Ons Moedertaal* (Meyer e.a., s.j.). 'n Baie klein hoeveelheid voorbeelde wat nie in enige van die navorsingswerke opgespoor kon word nie, is direk uit die spreektaal opgeneem.

Voorbeelde is geneem uit die verouderde sowel as die kontemporêre woordeskat, uit Standaard-Afrikaans sowel as minder bekende gewestelike taal en sosiolekte, uit “deftige” boektaal asook plat taal, geselstaal sowel as vaktaal. Hierdeur is gepoog om so 'n groot

leksikonveld as moontlik te dek, sodat duidelik geïllustreer kan word dat eksosentriese komposita op feitlik elke gebied in Afrikaans voorkom. Eksosentriese komposita is glad nie skaars nie, en kan daarom geensins beskou word as 'n groep uitsonderings in die taalkunde of net 'n subgroep randelemente van alle saamgestelde lekseme saamgegooi in een kategorie nie.

8.5 Leemtes en aanbevelings

Sekere aspekte van eksosentriese komposita word met opset nie in hierdie verhandeling aangespreek nie. Een van die belangrikste aspekte van eksosentriese komposita wat nie in hierdie korpusanalise aangespreek is nie, is die rol / funksie wat eksosentriese komposita in die taal speel / vervul. In hoofstuk 5 sou daar byvoorbeeld moontlik verdere ontstaansgroepe van eksosentriese komposita genoem kon word, soos produkte van versterking, versagting en verbloeming, sowel as produkte van naamgewing, skepping, humor, ensovoorts. As 'n verkennende en beskrywende studie van eksosentriese samestellings in Afrikaans, bied hierdie verhandeling nie ruimte om nog funksionele aspekte van die komposita ook aan te spreek nie. Hierdie groepe woorde sal egter in fyner besonderhede bespreek word in 'n studie oor die funksionele rol van eksosentriese komposita.

Die rol wat eksosentriese komposita in Afrikaans speel, byvoorbeeld in literêre tekste, is belangrik genoeg om 'n aparte studie slegs oor die funksionele aspekte van hierdie lekseme te regverdig, en daarom is hierdie aspekte sover moontlik vermy. 'n Bespreking van hierdie tema sou die oorsigtelike aard van die verhandeling as korpusanalise belemmer. Verder bied die verhandeling eenvoudig nie genoeg ruimte om reg te laat geskied aan sekere verwante temas, soos riglyne vir die opname van eksosentriese komposita in leksikografiese werke, wat in hierdie studie 'n plek sou kon vind nie.

8.6 Slot

Eksosentriese komposita vorm 'n integrale deel van die leksikon van elke moedertaal- en tweedetaalspreker van Afrikaans. Dubbelsinnigheid wat in die gebruik van eksosentriese woorde na vore kom, kan op verskillende wyses in die gespreksituasie, sowel as geskrewe taal,

aangewend word ten einde sekere oogmerke te bereik. Die gebruik van dubbelsinnige komposita kan onder andere lei tot die ontstaan van humor in 'n situasie, of dalk reeds aanwesige komiese elemente van 'n vertelling beklemtoon. Dit kan aangewend word ter wille van woordspeling, om raaisels te skep, en speel ook 'n belangrike rol in die letterkunde, veral poësie. Soveel eksosentriese komposita is affekties gelaai, óf positief, óf negatief, dat dit duidelik is dat dié woorde 'n groot rol speel in affektiewe, emosioneel-gelaaide taal. Naamgewing, versterking en verbloeming is verdere funksies wat deur eksosentriese komposita verrig word. Op verskeie plekke in die verhandeling is daar kortliks melding gemaak van sekere van hierdie aspekte, wanneer dit verband hou met 'n aspek wat wel onder die loep geneem word in 'n sekere afdeling. Verwysings na die funksionele rol van eksosentriese komposita word in hierdie werk egter, soos vermeld, met opset tot die minimum beperk, sodat daar nie oorvleueling plaasvind hiermee in enige toekomstige taalstudie wat funksionele aspekte van eksosentriese komposita as navorsingsveld behels nie.

In 'n groot mate het die morfologie te doene met nie net woorde wat reeds in die taal bestaan nie, maar ook met die uitbreiding van die leksikon. Volgens Combrink (1989: 83) is uitbreiding van die Afrikaanse woordeskat deur middel van prosesse waardeur vorm-, funksie- en betekenisverandering plaasvind miskien dié “sentrale studieterrrein van die morfologie”. En een proses wat in hierdie “sentrale studieterrrein” nie vergete mag bly nie, en waarvan die invloed op die taalgebruiker se woordeskat nie onderskat mag word nie, is die uitbreiding van die Afrikaanse leksikon met behulp van ondeursigtige, eksosentriese komposita. Die studie van Afrikaanse eksosentriese komposita, en die plek daarvan in die morfologie, gaan voort.

BIBLIOGRAFIE

- Anderson, S. 1977. 'On the role of deep structure in semantic interpretation', *Foundations of Language* 7: 387-396.
- Aronoff, M. 1976. *Word Formation in a Generative Grammar*. Cambridge, Mass.: MIT Press.
- Bauer, L. 1978. *The Grammar of Nominal Compounding with special reference to Danish, English and French*. Odense: Odense University Press.
- Bauer, L. 1979. 'On the need for pragmatics in the study of nominal compounding', *Journal of Pragmatics* 3: 45-50.
- Bauer, L. 1983. *English Word-formation*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Bauer, L. 1994. *Introducing Linguistic Morphology*. Edinburgh: Edinburgh University Press.
- Bolinger, D.L. 1977. *Meaning and Form*. London & New York: Longman.
- Booij, G. 1979. 'Semantic regularities in word formation', *Linguistics* 17: 985-1001.
- Boshoff, S.P.E. & G.S. Nienaber. 1967. *Afrikaanse Etimologieë*. Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.
- Bosman, D.B., I.W. van der Merwe & L.W. Hiemstra. 1991. *Tweetalige woordeboek. Bilingual Dictionary*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.
- Botha, R.P. 1968. *The Function of the Lexicon in Transformational Generative Grammar*. The Hague: Mouton.
- Botha, R.P. 1988. *Form and Meaning in Word Formation. A Study of Afrikaans Reduplication*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Botha, R.P., G. Kroes & C.H. Wincler. 1994. *Afrikaanse Idiome en ander Vaste Uitdrukkings*. Kaapstad: Southern Boekuitgewers.
- Botha, T.J.R. e.a. 1989. *Inleiding tot die Afrikaanse taalkunde*. Pretoria: Academica.
- Brown, R.W. 1968. 'How shall a thing be called?'. In: Oldfield, R.C. & J.C. Marshall (eds.), *Language. Selected Reading*. Harmondsworth: Penguin.
- Bybee, J.L. 1985. *Morphology: A Study of the Relation between Meaning and Form*. Amsterdam: Benjamins.
- Carroll, J.M. 1979. 'Complex compounds: phrasal embedding in lexical structures', *Linguistics* 17: 863-77.

- Chafe, W.L. 1968. 'Idiomaticity as an anomaly in the Chomskyan paradigm', *Foundations of Language* 4: 109-127.
- Combrink, J.G.H. 1990. *Afrikaanse morfologie*. Pretoria: Academica.
- De Stadler, L.G. 1989. *Afrikaanse Semantiek*. Johannesburg: Southern Boekuitgewers.
- De Stadler, L.G. 1994. *Groot Tesaurus van Afrikaans*. Kaapstad: Southern Boekuitgewers.
- De Tollenaere, F. 1974. 'Lexikografie en linguïstiek. Het probleem der woordbetekenis', *Tijdschrift voor Nederlandse Taal- en Letterkunde* 90: 81-105.
- De Villiers, M. 1976. *Die Semantiek van Afrikaans*. Kaapstad: HAUM.
- De Villiers, M. e.a. 1988. *Nasionale Woordeboek*. Kaapstad: Nasou.
- Du Pré, L. & L. Eksteen. 1995. *Groot Afrikaanse Sinoniemwoordeboek*. Pretoria: J.L. van Schaik Uitgewers.
- Eksteen, L.C. 1981. Die Afrikaanse woordeskat. In: Botha, T.J.R. e.a. *Inleiding tot die Afrikaanse taalkunde*. Pretoria: Academica, 358-381.
- Fraser, B. 1970. 'Idioms within a transformational grammar', *Foundations of Language* 6: 22-42.
- Hauptfleisch, D.C. (hoofred.) 1991. *Woordeboek van die Afrikaanse Taal. Deel VIII, (KOS-KYW)*. Stellenbosch: Buro van die WAT.
- Hauptfleisch, D.C. (hoofred.) 1984. *Woordeboek van die Afrikaanse Taal. Deel VII, (KOM-KOR)*. Pretoria: Die Staatsdrukker.
- Hoeksema, J. 1981. 'Twee teorieën over samenstellende afleiding', *Glottol* 2/3: 169-178.
- Hüllen, W. & R. Schulze. (eds.) 1988. *Understanding the Lexicon; Meaning, Sense and World Knowledge in Lexical Semantics*. Tübingen: Max Niemeyer.
- Jackendoff, R. 1975. 'Morphological and Semantic Regularities in the Lexicon', *Language* 51: 639-671.
- Jordaan, M.L. 1978. "Navrae in verband met Afleiding, Samestelling en Samestellende Afleiding", *Klasgids* 12: 57.
- Kempen, W. 1969. *Samestelling, Afleiding, en Woordsoortelike Meerfunksionaliteit in Afrikaans*. Kaapstad: Nasou.
- Kess, J.F. & R.A. Hopper. 1985. 'Bias, individual differences, and "shared knowledge" in ambiguity', *Journal of Pragmatics* 9: 21-39.
- Kooij, J.G. 1968. 'Compounds and idioms', *Lingua* 21: 250-268.

- Kruger, J. 1995. 'Oor volksetimologie en kuiergaste wat huismense word', *South African Journal of Linguistics*, Supplement, Iss 28: 57 – 74, November, 1995.
- Lieber, R. 1983. 'Argument-linking and compounds in English', *Linguistic Inquiry* 14: 251-285.
- Meyer, P.S. e.a. s.j. *Ons Moedertaal*. Elsiesrivier: Nasou.
- Nunberg, G., Ivan A. Sag & Thomas Wasow. 1994. 'Idioms', *Language* 70(3): 491-538.
- Odendal, F.F. (red.) 1983. *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. Johannesburg: Perskor.
- Odendal, F.F. (red.) 1994. *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. Midrand: Perskor.
- Odendal, F.F. 1983. *Aspekte van Taal*. Goodwood: Nasou.
- Oldfield, R.C. & J.C. Marshall (eds.). *Language. Selected Reading*. Harmondsworth: Penguin.
- Paardekooper, P.C. 1970. 'Twee onbruikbare Begrippen: Endo- en Eksocentrisch', *De Nieuwe Taalgids* 63: 291-292.
- Pansegrouw, L.L. 1995. *Superblokraiselwoordeboek*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Roeper, T. & M.E.A. Siegel. 1978. 'A Lexical Transformation for Verbal Compounds', *Linguistic Inquiry* 9 (2): 199-260.
- Savini, M. 1984. 'Phrasal compounds in Afrikaans: a generative analysis', *Spil* 12: 37-114.
- Scalise, S. 1984. *Generative Morphology*. Dordrecht: Foris.
- Scholtz, J. du P. s.j. *Afrikaans uit die vroeë tyd*. Kaapstad: Nasou.
- Scholtz, J. du P. 1972. *Naamgewing aan plante en diere in Afrikaans*. Kaapstad: Nasou.
- Scholtz, J. du P. 1935. 'Bydrae tot die geskiedenis van die Afrikaanse woordeskat', *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns* XIV, Oktober, 1935.
- Schoonees, P.C. (hoofred.) 1950. *Woordeboek van die Afrikaanse Taal. Deel I, (A-C)*. Die Staatsdrukker: Pretoria.
- Schoonees, P.C. (hoofred.) 1955. *Woordeboek van die Afrikaanse Taal. Deel II, (D-F)*. Pretoria: Die Staatsdrukker.
- Schoonees, P.C. (hoofred.) 1957. *Woordeboek van die Afrikaanse Taal. Deel III, (G)*. Pretoria: Die Staatsdrukker.
- Schoonees, P.C. (hoofred.) 1972. *Woordeboek van die Afrikaanse Taal. Deel IV, (H-I)*. Pretoria: Die Staatsdrukker.

- Smuts, J. 1964. 'Betekenisonwikkeling in Afrikaans', *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal* 20: 22-31.
- Snijman, F.J. (hoofred.) 1968. *Woordeboek van die Afrikaanse Taal. Deel V, (J-K)*. Pretoria: Die Staatsdrukker.
- Snijman, F.J. (hoofred.) 1976. *Woordeboek van die Afrikaanse Taal. Deel VI, (KLA-KOL)*. Pretoria: Die Staatsdrukker.
- Swanepoel, P.H. 1992. 'Linguistic motivation and its lexicographical application', *South African Journal of Linguistics* 10 (2): 49-59.
- Swanepoel, P.H. 1993. 'Fokus op die prismatiese semantiek van vaste verbindings', *Tydskrif vir geesteswetenskappe* 33 (2): 96-111, Junie.
- Swanepoel, P.H. 1997. 'Idiomatiese taalgebruik en die afstand tussen Afrikaans en Nederlands', *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans* 4 (1): 128-161, Junie.
- Trümpelmann, G.P.J. & E. Erbe. 1983. *Woordeboek / Wörterbuch*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Unisa. 1992. *Afrikaans: Enigste studiegids vir AFS201-W*. Pretoria.
- Unisa. 1995. *Afrikaans: Enigste studiegids vir LNG301-3*. Pretoria.
- Van Jaarsveld, G.J. 1976. 'Semantiese aspekte by nominale komposita', *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 16(2): 77-85.
- Van Loon, J. 1981. 'De betekenis van toponymiese samensettinge', *Naamkunde* 13 (1-4): 131-187.
- Van Rouendal, F.J. & H.A. du Toit. s.j. *Nuwe Afrikaanse Stylleer*. Kaapstad: Juta.

BYLAE

KORPUS VOORBEELDE WAT IN DIE VERHANDELING BESPREEK IS

aalwyn 146	allespraatjies 80	belhamel 122
aambeï 44	altegaar 37	bemoelial 55
aan-aan 35, 144	apegape 123	benoudebors 133
aandik 37	apekool 63	bêrendstinktoon 129
aantree 110	appelkoos 78	beunhaas 121
aapkop 111	appelliefie 79	biltong 60, 66
aäronskelk 79	asbek 118	biltopper 119
abbakoën 148	askoek 70	binnevet 83
Adam-en-Eva 137	aspaai 77	binnewerk 36
adamsappel 140	babbeljoentjie 148	bitterhoutjie 119
Adamsgewaad 59, 65	babbelkous 27	blaasbalk 80
afborsel 110	bakoor 71	blaasop (padda) 35
afkam 110	bakvissie 63, 66	blaasop (plant) 133
afkrap 110	balderjan 83	blindemol 110
afneem 91	bandvat 110	blinkhaar 117
afpoeier 110	bankrot 42	bloedsuier 109
afreken 110	bebroeide-eiers 133	blommekind 60
afstof 110	bedelsak 101	bloubaadjies 120
agarm 34	bedelstaf 107	bloubek 79
agterklap 118	beesbak 64	bloublaser 121
agterlaaiër 120	beeshaas 41	bloubloed 48
agteros 34	beeslek 67	blou-blou 143
agtuur 95	beesswart 82	blouboontjie 22
akkedispoet 111	bek-af 59	bloubottel 94
albertkoord 81	bek-en-klou 87	bloudak 74
alhonderdentien 134	bekslaner 35	blouduiwel 105

blouhals 87	bontrok 27	diknek 117
bloujas 95	bontrokkie 27	dikstewels 135
blouknoop 93	bontstefanie 130	dikwerf 121
Bloukoos 128	booswig 34	dirkdirkie 144
bloukop 86	borselkop 115	doekvoet 118
Bloukruis 93	borsneuker 139	doelwit 34
bloumaans 82	boskaas 87	doemdoempie 96
blouperd 67	bottelnek 98	dokter-dokter 145
blourok 95	brabbelkous 27	dokterhaarhoff 128
blousuiker 125	broekskeur 36	dolhorinkie 126
blouvy 91	bromkatjies 78	dolman 119
blouwitrib 84	bronkieties 83	domkop 53
bobbejaanbek 107	bruidsluier 111	domoor 115
bobbejaanboud 120	bruidswieltjie 119	donderbus 121
bobbejaanskoen 40	Bruinhemp 94	donderpadda 89
bobbejaanspieël 105	bruinoog 53, 66	donkerkamertjie 110
boer-in-die-nag 134	buig-my-nie 138	donkiemelk 103
boer-kies-vir-jou-'n-vrou 136	bydam 37, 110	donkieoor 65, 68
boggelrug 114	bykom 110	donsdassies 104
bok-bok(-staan-styf) 144	byslaap 35	dons-maar-opperig 140
bokhorings 123	cloete-se-oor 129	doodgooi 36
bokhorinkies 112	daeraad 79	doodmaak 91
bok-in-die-nag 137	dagster 102	doodsvallei 43
bokmakierie 96	dakvink 73	doofpot 125
bokstert 119	dennebros 78	dooie-dooie 145
bokveld 126	dertienuur 95	Doortjie-pas-op 138
bokwagter 101	deurloop 110	dop-dop 145
bolla-bolla 143	dieretuin 54	dop-en-dam 136
bollemakiesie 147	dikbek 115	dopsteker 43
bombas 87	dik-dik 34	draadwerk 71
bontjoubert 128	dikkedensie 78	draaikous 27
bontpoot 117	dikmaag 113	draaiorrel 72

drakebloed 67
drakekop 101
draketande 125
drelkous 28
drentelkous 27
dreunribbetjie 34
drie-agtdae 85
driebeen 86
driebeentjie 85
Driekoninge 84
drielip 112
driemaster 141
drie-om-vier 138
drie-op-'n-pond 136
driester 85
drietand 57, 65
drifkop 115
drilpietjie 131
droëbek 115
dronk-dronk 143
dronklap 50
dronknes 79
droog-my-keel 138
droomland 55
druipendehartjies 134
druipstert 35
drumpelvreter 140
dubbeldekker 85
duimmuis 74
duinkerker 95
duiwel-in-die-bos 133
duiwel-in-die-dosie 133
duiwelsklou 57
dwars-in-die-weg 133
eekhoring 43
eenakter 141
eendstert 97
een-een 143
een-en-ses 137
eenkanter 35
een-oog 116
eenpond-een 124
eenpond-tien 138
een-pot-in-die-ander 136
eenpotjieknapzak 63
eenspaaiërig 61
een-twee-drie 37
eierdans 50
eier-en-lepel 137
eier-in-die-hoed 137
eina-eina 143
elf-en-dertigste 124
elsneus 112
engelebak 64
engele-te-perd 135
Engelsman 69
eselsoor 89
Evasgewaad 65
faliekant 62
fietjiekatrol 84
fietskerneels 130
flapflappie 144
flapuit 30
flenterfloors 129
flenterkous 27
flentersaartjie 132
flessetrekker 140
flikflooï 147
flodderkous 27
fluit-fluit 143
fynlaken 48
gansbeentjie 125
gansbors 107
gansmelk 74
gat-gat 143
gebakte-eier-met-sout-en-peper 136
gebrokehartjies 75
geelbaadjie 59
geelpiet 130
geelvink 101
gee-my-water 138
geldbeursie 111
geldpiet 130
geluksvoël 104
getewater 122
gifkouer 140
gister-vandag-en-môre 98
glasoog 117
glyjakkals 59, 65
goede-maande 120
goedvoor 120
gompot 130
gomtor 32
gomtot 148
gomtrommel 25

gor-gor 97
gouereën 50
goutrou 34
grafblaar 52
grapjas 143
grasweduwee 105
groenbaadjie 31
groendakkies 94
groenhart 85
groenoog 113
groenwater 103
grolpot 147
grompot 56
grondpêrel 75
grondsmeltertjie 140
grootbek 115
grootdak 23
grootoë 125
groottong 85
grootvarkie 135
Gryshemp 94
gryskop 112
gulshals 118
haak-en-kruk 137
haak-en-steek 137
haak-en-steekwag-'n-bietjie
136
haakneus 115
haan-en-pan 120
haasbek 112
haas-en-hond 137
haas-in-die-bos 137
haaslip 115
haasoor 107
Hakekruis 94
hake-krukke 37
hak-en-tak 133
hakskeenpleister 122
hakskeen-stootskeen 144
halfelbaadjie 114
halfgelek 36
halflangbeen 85
hamer-en-blok 137
hamer-en-sekel 93
hamer-en-spyker 137
handjievoll 137
handomkeer 137
handperd 110
handskoen 54
hanetjies-en-hennetjie 134
hangoor (dier) 84
hangoor (mens) 115
Hansie-my-kneg 135
hanswors 31
hardekoejawel 75
hardekwas 39
hardnekkig 139
harmansdrup 80
harspan 41
harwar 146
hasie-en-blou 137
hasie-oor 110
hawerklap 127
heen-en-weertjie 140
heen-en-weertjies 35
hekkerman(netjie) 146
heksebotter 51
heldersiene 36
hempie-raak-my-gatjie-nie
136
hen-en-kuikens 133
hen-en-kuikentjie 137
hiernamaals 98
hoe's-die-goed 138
hoed-hoed 144
hoe-diep-is-die-water 138
hoe-langer-hoe-liewer 136
hoenderhemel 126
hoenderkop 35
hoenderspoor 124
hoendervleis 72
hoepelbeen 115
hoerejong 105
holrug 123
hondekrap 118
hoogwater 121
horingsman 85
horlosierat 111
horrelpoot 114
hospitaal-hospitaal 145
hothandjie 113
hou-hou 35
houtblok 119
houtlepel 109
hou-tou 122
huis-huis 145

huisknoppie 85	janhael 132	kaas-en-wyn 86
huiskom 86	janhen 132	kaiing-kaiing 143
huweliksbootjie 104	jan-in-die-sak 134	Kalaharibesem 58, 65
ingesuur 125	janklaas 129	kalbasspeen 85
inkatriena 130	jankrewe 130	kalfsoog 70
inklim 110	janmaat 132	kameelperd 78
inkoejawel 64	jan-mannerig 130	kanniedoodnie 134
inpeper 110	jannie-in-die-sakkie 135	kaperjol 77
inseep 110	janpêre 128	kapstewel 109
insout 110	janrap 132	karmerrie 109
jaagduiwel 56, 66	jansalie 132	karwei 93
jabroer 34	jantjebarend 129	katjeepering 79
jakkalsdraaie 125	jantjie-sonder-erg 135	katjeeperiereenderm 129
jakkals-en-ganse 137	jantjie-van-alles 132	katkop 68
jakkals-en-hond 137	jan-van-gent 135	katnael 71
Jakob-en-Ragel 137	Japie-wil-nie-lag-nie 136	katoog 90
jakobjollie 95	japsnoet 146	katstertkarelpoep 120
jakob-oortman 96	japtrap 146	kattebelletjie 81
jakobregop 130	jawragtig 96	katte-en-kuikens 137
jakobsleer 129	jobsbode 163	katvoet 106
Jakob-waar's-die-perde 138	johnnie-se-trossie 130	kekkelkous 27
jammerlappie 102	jongkêrel 105	kelkiewyn 96
janbêrend 129	judasneus 131	kerkhof 34
janblaai 130	juffertjie-in-die-groen 133	kermkous 27
janblaar 130	juffertjie-roer-by-die-nag	kerriebollie 120
janboel 130	136	kersvers 62
janbokkie 129	juffrou-juffrou 145	keuwelkous 28
jandooi 132	juffrou-slaat-my 137	kiep-kiep 145
jandun 132	kaaiman 92	kindsbeen 74
janfrederik 129	kaalkop (aasvoël) 121	klaasasgat 131
jangroentjie 130	kaalkop (persoon) 113	klaaseenderm 131
jangunstig 88	kaalkop (wind) 125	klaas-houtgesig 131

Klaasvakie 131	koperkapel 82	kromnekkaatjie 126
klakous 27	koperknoop 95	kromneus 94
klapklappie 96	koperster 94	Kruger-se-pyp 129
kleinjantjie 130	kop-in-die-hoed 137	kruidjie-roer-my-nie 138
kletskous 27	kopkrap 35	krukkejeus 147
klimop 135	koppie-en-piering 137	kruppeljantjie 129
klip-op-hand 137	koppie-in-die-piering 136	kruppelkous 28
knapsekêrel 61	koringboer 107	kwaadgeld 125
knoppiesdoring 87	Kortbaadjie 95	kwaggavangery 141
koekepan 73	kortbeen 87	kwaksalwer 147
koeksister 42	kortbroek 120	kwelkous 27
koesnaatjie 43	kort-en-klein 137	kwêrkous 27
koffiepot 70	korthoring 84	laag-by-die-gronds 139
koggelmander 88	kort-kort 143	lag-lag 143
kolbroek 22	koshaler 140	langasem 115
kolpiet 129	kousband 71	langbeen 53
kolwyntjie 121	kousies-en-skoentjies 137	langkop 117
kom-daar-motors-aan 138	koutoon 163	langneus 117
kom-gaan-saam 135	kraaislinger 81	langspeler 141
komkommertyd 102	krans-krans 145	langtoon 117
kommerkous 27	krapogies 125	langwa 119
kommetjiegat 85	krapoog 112	ledekant 81
kommetjietewater 134	kriewelkous 27	leeubekkie 74
kom-sit-by-my 138	kriewelkrappers 126	leeumelker 140
koninginnewater 58	kringetjie-kringetjie 145	lekkerlyf 31
konkelkous 27	kringetjies-en-kruisies 137	liddoring 81
konkelooi 101	kringgat 118	liefkoos 146
kopdokkie 122	kripvreter 140	lieplapper 146
kop-en-gat 136	kris-kras 144	loskop 115
kop-en-kop 137	kroegvlieg 104	lugkastseel 23
kop-en-pootjies 133	krokodiltrane 103	luiperd 75
kop-en-pootjiesdraai 142	kromnek 113	luistervink 103

lunsriem 122	nierknyper 119	paddakombers 47
maakgou 138	nieubakke 120	paddastoel 63
maanhaar 113	nou-nou 143	padvark 104
maermerrie 75	nylperd 121	pampelmoes 145
makasterkop 147	o-help-my-druppels 142	pamperlang 148
mamparra 146	oliekoek 101	pantoffelregering 102
marmot 145	oliekolonie 83	papkuil 82
martini-henry 95	omslommering 88	penkop 120
martjielouw 79	onderduims 36	peperkorrel 70
meidjie-willemse 128	onderonsie 140	perdepram 112
melkbaard 106	onderspit 123	pierewaai 87
melkdermpie 105	ooghare 126	piet-my-vrou 96
melkkoei 106	oop-en-toe 136	pietsnot 131
midbyt 88	ooptrek 110	pietsnotjie 130
mierleeu 75	oorbietjie 84	pikbroek 48
modderas 88	op-en-top 137	plaasjapie 132
moederkappie 63	opgeld 125	plankperske 119
mooibroodjies 123	opkeil 110	platanna 130
mooipraat 93	opkikker 141	platkloet 147
motrëen 103	opmaak 91	platsak 35
muisneste 23	opskroef 91	platvloers 36
murg-van-groente 135	oubout 83	plek-plek 142
naald-en-gare 137	oudak 121	poenskop 113
nabedientjie 118	oudelies 81	pompemoer 79
nagmerrie 78	ougrietjie 121	pom-pom 145
nagwolf 104	oulap 120	poniestert 76
natneus 118	oupaaijaan 139	potjierol 22
neem-neem 145	oupapyp 50	potsier 87
nerfskeel 105	ousanna 120	pruttelkous 27
neseier 72	ouvrou-onder-die-kombers	ramboelie 82
net-net 144	136	rammelkas 26
neulkous 27	padda-in-die-gat 133	ratjietoe 82

remskoen 121	slaapkous 27	suursak 81
rivierperd 119	slaphakskeentjies 38	swaelstert 85
rooibaadjie 94	slapkous 28	swanesang 67
Rooihemp 114	slenterkous 28	Swarthemp 94
rooikop 113	slinger-om-die-smoel 133	swartmanel 114
roomier 108	slobkous 28	swartoor 118
rooineusie 135	slodderkous 27	swartvark 110
Rooiversbul 83	sloerkous 28	swartvel 113
roskam 110	slofkous 27	swynhond 97
ruk-en-pluk 138	slonskous 27	taaipit 85
ruk-en-rol 98	sluierstert 85	tamatiestraat 124
ryloop 36	smeerlap 92	tandarts-tandarts 145
seerob 71	sneeubal 97	teertou 71
seerrug 123	snoeshaan 147	tieroog 73
seekoei 97	so-en-so 136	tierwyfie 109
senuweeorrel 104	so-so 143	tinteltonnetjie 146
seurkous 27	soustannie 103	tiptol 148
sewejaartjie 140	spektakel 78	tip-top 144
sig-sag 144	spinnekop 41	tjakkie-tjakkie 147
sikkepit 145	spinnerak 80	tjankbalie 56
sing-singertjie 144	spookasem 32	tjok-en-blok 137
sitkom 86	Springbok 93	tjop-tjop 143
skaapkop 109	sproetgesig 114	toeding 120
skei-nat 86	sterloop 121	tokkelok 77
skeurbuik 82	stokkiesdraai 36	toktokkie (kewer) 97
skinderkous 28	stokperdjie 72	toktokkie (speletjie) 144
skoelapper 92	stompneus 118	trapsuutjies 34
skoonveld 31	straatgans 104	trekpleister 108
skorriemorrie 147	straatvrou 103	trekvoël 109
skout-by-nag 135	streepesel 57, 66	trots-van-Franschhoek 134
skraalhans 129	stroom-op 36	tuinslang 72
skrapnel 95	suidoos 86	turksvy 101

<p> twaalfuur 95 tweelingsusters 111 tweespalk 80 uilskuiken 74 uilspieël 43 uittrap 26, 110 uitvreet 110 vaalhaar 53, 65 vaaljapie 128 vaarwater 124 varkoor 67 varkstert 69 vasloop 92 vastrap 89 vergeetal 35 vergeetskous 27 vergeet-my-nietjie 140 vetsak 56 vierkleur 96 vieruurtjie 95 visvinger 75 vitkous 28 vloekskoot 81 voëlverskrikker 107 voetangel 32 voethotnotjies 104 voetval 125 voorlaaier 119 voorslag 122 voskop 113 vroegstuk 121 vroteier 110 </p>	<p> vuurmaakplek 126 vuurslag 119 vyselstampers 126 wag-'n-bietjie 138 warmbrak 98 warmpatat (meisie) 105 warmpatat (speletjie) 110 waterbene 119 watertand 36 wederhelf 147 wedloop 86 weesboom 120 wenteltefies 82 wen-wen 145 windbuks 106 winkel-winkel 145 wipneus 114 wittande 125 witvoetjie 126 woer-woer 143 wolkekrabber 58, 66 wurg-wurg 144 wysneus 117 ydeltuit 103 </p>
---	--